# UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

SATIRE, SPRAAKVRYHEID, SENSUUR EN SIVIELE AANSPREEKLIKHEID

en

PORTRETJIE EN ANDER VERHALE

deur

MARIUS FRANCOIS ACKERMANN

Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad

Magister Artium (Kreatiewe Skryfkuns)

Eenheid vir Kreatiewe Skryfkuns
Departement Afrikaans
Fakulteit Geesteswetenskappe
Universiteit van Pretoria

Studieleier: Prof. H.J. Pieterse

Oktober 2010

© University of Pretoria

# HOOFSTUK 1: PROBLEEMSTELLING EN TERREINAFBAKENING

## 1.1 INLEIDING

Satire was reeds die onderwerp in verskeie Suid-Afrikaanse letterkundige studies, en in heelwat van hierdie ondersoeke is op die werk van Etienne Leroux gekonsentreer.[1] Vanweë die skerpkantige aard van satire is raakpunte (en selfs botsings) met die reg onafwendbaar. In die vorige bedeling is sekere satiriese werke as ongewens beskou, en het uitgewers die hof genader vir ‘n hersiening van die sensors se verbiedinge. Die huidige bedeling van groter spraakvryheid bring mee dat satirici, trou aan hulle aard en dié van hulle kuns, grense voortdurend toets. Satiriese skeppings soos dié van spotprenttekenaar Jonathan Shapiro (Zapiro) en Laugh it Off Promotions het tot regsgeskille aanleiding gegee.[2]

Hoewel hierdie studie van beperkte omvang is, word beide die kuns- en regsterrein bestryk.

'n Volledige bespreking en definisie van satire kom in die volgende hoofstuk aan die bod, maar dit is nodig om nou reeds te sê dat die satirikus ‘n tweeledige doel voor oë het. Die korttermynoogmerk is om op kunstige wyse menslike swakhede en sosiale wantoestande bloot te lê en bespotlik te maak, en die uiteindelike oogmerk is om verbetering of regstelling te bewerkstellig. Anders gestel, die satirikus spot omdat dit uiteindelik in die ware openbare belang[3] is om dit te doen. Satire kan ook beskryf word as skerp sosiale kommentaar.

Satire kom in 'n veeltal kunsvorms voor, waaronder die letterkunde, beeldende kuns, musiek, teater- en rolprentkuns. Die satirikus se gehoor kan in samestelling en grootte verskil – van 'n uitgelese groepie teater-gangers tot duisende koerantlesers.

---

[1] Jacobs 1990; Venter 1973.
[2] Human & Rousseau Uitgewers v Snyman NO 1978(3)SA 836 (T) – die “Magersfontein-sage”; en Laugh it Off Promotions CC v SAB International (Finance) BV t/a SABMARK International 2005(8) BCLR 743 (CC).
[3] Gewoonlik nie die openbare belang soos deur die teikenfiguur gedefinieer nie.

Kunsbeoefening gaan enersyds oor die kunstenaar se vertolking van wat hy of sy waarneem of ervaar. Andersyds gaan dit oor kommunikasie met 'n gehoor van kykers, lesers of luisteraars. Aangesien die satirikus sosiale kommentaar lewer, geskied sy of haar kunsbeoefening by uitstek nie in 'n vakuum nie, maar word dit op 'n gehoor gerig, wat natuurlik teikenfigure mag insluit.

Die satirikus se teikenfigure behels sowel natuurlike persone as regspersone of instansies soos owerhede, verenigings en besighede. Satire word gewoonlik gemik op booshede soos magsmisbruik, selfbelangrikheid, arrogansie en uitbuiting. Derhalwe is die teikenfigure dikwels maghebbers, want dit is hierdie persone of instansies wat hulle aan genoemde sosiale sondes skuldig maak, dikwels te midde van 'n vrome verdoeseling van eie belang. Hoewel die satirikus magsmisbruikers op ‘n skerp manier hardhandig behandel, is daar ook ander teikens: howelinge wat maghebbers omring en in kruipery, lofsange en beeldpoetsery bestaansreg vind; asook “gewone mense” wat gewillige slagoffers is vir uitbuitery en manipulasie. In beide gevalle bied die swakhede uitstekende stof vir satiriese spot, en is die langtermynoogmerk van regstelling in openbare belang.

'n Satiriese kunsuiting is bedoel en gewoonlik bestem om spanning te skep tussen die kunstenaar se reg op uitdrukking, die regte en belange van die teikenfigure en die publiek se reg om ingelig (en vermaak!) te word. Vanuit 'n regs- en kunsoogpunt is satire in 'n jong demokrasie soos Suid-Afrika 'n belangrike en interessante kunsvorm, aangesien dit gewoonlik openbare debat stimuleer, hetsy deur die satiriese uiting as sodanig of die teikenfiguur se reaksie. Laasgenoemde het die bykomende waarde dat dit die aanvanklike satiriese kommentaar kan bevestig.

Satire is by uitstek intelligente, berekende kunsbeoefening. Die satirikus sal voortdurend grense en verdedigingstellings toets, en mag besluit om sover moontlik uit die grypende hande van sensors en ander owerhede te bly. Daarenteen kan ‘n vorm van lydelike verset ook aangewese wees. Die satirikus se taktiek sal grootliks deur omstandighede soos effektiwiteit en die uiteindelike oogmerk met die satire (hierbo ook openbare belang genoem), bepaal word.

Magtige openbare figure kan weens oorweldigende massasteun mettertyd 'n dikvelligheid ontwikkel wat hulle teen konvensionele kritiek immuniseer. Vreemd genoeg openbaar hierdie persone en instansies soms wel ‘n vatbaarheid vir die skerp insekbyte van die satire.

Sonder om aan die satirikus se edele uiteindelike oogmerk van regstelling en verbetering afbreuk te doen, dien die korttermynoogmerk van bespotting ook as belangrike dryfveer. Die skerpte van die satirikus se spot word gewoonlik deur ‘n skerpte van waarneming geëwenaar. Die satirikus kyk deur 'n sekere bril na veral die openbare lewe en word gekonfronteer met 'n draaiboek en rolverdeling wat opsigself van satire en ironie getuig. Leiers se vroom offervaardigheid en die kruiperige dienswilligheid van hulle wapendraers, pryssangers en ander meelopers is soms blote fopdossery ter verdoeseling van eie belang. Die satirikus kyk na dié omgewing en sê: "Ek sien wat ek sien en ek spot, want ek kan nie anders nie."

Regsreaksie op satiriese kommentaar kan in Suid-Afrika verskillende vorms aanneem: die owerheid kan sensuurmaatreëls instel en/of toepas; 'n beswaarde party kan 'n siviele regseis vir laster of eerkrenking instel; klagtes kan by die onafhanklike uitsaai-owerheid, die persombudsman of die owerheid vir reklamestandaarde ingedien word; en die satirikus kan weens beweerde haatspraak voor die gelykheidshof of menseregtekommissie gedaag word. Iemand kan natuurlik ook die hof op 'n dringende basis nader om ‘n satiriese publikasie te verhoed weens die regskendende aard daarvan.

Afgesien van teenoptrede op regsgebied kan satire ook openbare protes tot gevolg hê, met insluiting van gewelddadige protes. In ‘n geval waar die protes en/of die vorm daarvan onredelik is, kom die owerheid voor ‘n keuse te staan: Moet die owerheid die satirikus se reg op vryheid van uitdrukking beskerm word of is openbare orde ‘n belangriker oorweging? Op hierdie wyse lewer die aanvanklike satire ‘n belangrike bydrae tot die openbare debat, veral indien die owerheid nie ‘n beginselstandpunt inneem nie, maar laasgenoemde, opportunistiese benadering sou volg.

Die onderhawige studie se primêre navorsingsvraag gaan oor die wesensaard van satire en die rol daarvan in meer en minder verdraagsame gemeenskappe. Die oorsprong en belangrikheid van hierdie vraag is geleë

in die jeugdigheid van die Suid-Afrikaanse demokrasie, die skerpkantigheid en sosiale relevansie van satire as kunsvorm asook die noodwendigheid van spanning tussen die regte en belange van kunstenaar, gehoor en teikenfiguur.

Die sekondêre navorsingsvraag gaan oor die verskyningsvorms van satire en die onderskeid tussen satire en humor. Die antwoord hierop kan 'n beter begrip van satire en gevolglik ook die beantwoording van die primêre navorsingsvraag tot gevolg hê.

## 1.2 ONTPLOOIING VAN STUDIE

Met hierdie beknopte studie word in besonder gepoog om in Suid-Afrikaanse konteks 'n beter begrip van satire te weeg te bring deur die kunsvorm aan die hand van voorbeelde te illustreer en te definieer; kontemporêre en historiese voorbeelde van satiriese kunsuitings en teenoptrede te behandel; en, soos hierbo gemeld, in dié proses die rol van satire in verdraagsame en minder verdraagsame gemeenskappe onder die loep te neem.

Hoofstuk 2 behels ‘n ondersoek na die wesensaard van satire, en sluit definisies van die begrip in, asook raakpunte met humor, ironie en parodie. Voorbeelde van satire in letterkunde, beeldende kuns en rolprente word kortliks genoem.

Hoofstuk 3 handel oor die besondere rol en waarde van satire in meer en minder verdraagsame gemeenskappe.

Hoofstuk 4 word gewy aan raakpunte tussen satire en die reg, met besondere verwysing na laster, destydse publikasiebeheer en die heden-daagse verbod op haatspraak.

Hoofstuk 5 dien ter opsomming van die ander hoofstukke, en bevat antwoorde op die primêre en sekondêre navorsingsvrae.

# HOOFSTUK 2: DIE WESENSAARD VAN SATIRE

Die primêre navorsingsvraag gaan oor die wesensaard van satire en die rol en waarde daarvan in meer en minder verdraagsame gemeenskappe. Vir doeleindes hiervan is dit noodsaaklik om definisies, omskrywings en voorbeelde van satire asook die verband met *humor*, *ironie* en *parodie* in oënskou te neem.

In die *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (HAT)*[4] word satire omskryf as "'n Letterkundige geskrif waarin menslike of individuele swakhede, dwaashede, ondeugde, wantoestande of tekortkominge bespotlik voorgestel word, soms met die bedoeling om tot verbetering aan te spoor; 'n hekelende geskrif.

Volgens die *Etimologiewoordeboek van Afrikaans*[5] is satire 'n letterkundige werk waarin gespot word met menslike tekortkominge en wantoestande en ook literatuur van hierdie soort, en is die oorsprong van die term te vinde in die Latynse *satura* of te wel 'n bak vol gemengde vrugte en groente.

Die *Oxford Latin Dictionary*[6] verwys na "satura" onderskeidelik as "a dish of mixed ingredients", "a literary composition consisting of a miscellany of prose and verse on various topics" en "a poem directed at prevalent vices or follies, satire, also satirical verse or satirical style."

Volgens Cuddon[7] is die term "satyra" aanvanklik gebruik om die gedigte van Lucilius te beskryf omrede die vreemde vorm, inhoud en verskeidenheid van onderwerpe wat eie daaraan was. Satire het in die vroeg-sewentiende eeu in die Engelse literatuur die moderne betekenis gekry van 'n veroordeling van "wickedness or folly", weliswaar in digvorm. Daar is weldra aanvaar dat satire nie tot die digkuns beperk is nie. Cuddon beskryf die satirikus as die bewaker van (gewoonlik universele) waardes, ideale en waarhede. Die satirikus protesteer teen afwykings van genoemde waardes,

---

[4] Vierde uitgawe 1997 Perskor.
[5] 2003 *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*.
[6] 1982 Oxford University Press.
[7] *A Dictionary of Literary Terms*.

en satire is protes in kunsvorm. Voorbeelde van satire is draakstekery met godsdienstige skynheiligheid en bepaalde lewenswyses wat van middelmatigheid, selfgenoegdoening en materialisme getuig.

In die *Lexicon van Literaire Termen*[8] word gemeld dat die moraliserende en kritiese inhoud van Latynse digters se gedigte daartoe gelei het dat die term (in die sin van polemiese spot via ironie of sarkasme) breër aanwending gevind het. Sodoende is sekere romans, dierefabels en komedies mettertyd as satire beskou. Die bekende *Van den Vos Reynaerde* is 'n voorbeeld hiervan.

In haar bespreking oor satire verwys Réna Pretorius[9] na 'n verskeidenheid van omskrywings deur ander skrywers, wat in gereduseerde vorm beteken dat satire in wese aanvalsgerig is, heersende optredes, gewoontes en gebruike teen 'n standaard of morele norm meet en regstelling beoog.[10] Pretorius beskryf die satirikus as idealis wat skerp bewus is van die diskrepansie tussen ideaal en werklikheid; die verskille tussen skyn en wese; tussen dit wat mense amptelik verteenwoordig en hoe hulle hulle gedra; die wanverhouding tussen woorde en dade. Genoemde teenstrydighede amuseer die satirikus of maak hom woedend – 'n aggressie wat hy teen die onbevredigende toedrag inspan om dit belaglik voor te stel. En die morele kankers is baie: skynheiligheid, valse trots, gierigheid, wellus, haat, jaloesie, selftevredenheid, dwaasheid, beterweterigheid, snobisme en naïewe optimisme.

Bogenoemde omskrywing van Pretorius behels uiteraard 'n letterkundige perspektief, maar dié in HAT val dadelik op as te beperkend. Benewens die letterkunde kom satire ook in ander kunsgenre soos musiek, die rolprentkuns en beeldende kuns voor.

Musikale satire is te vinde in die werk van klassieke komponiste soos Béla Bartók en Dmitri Shostakovich. Ander voorbeelde is kabaretkuns met lirieke van skrywers soos Hennie Aucamp en die tagtigerjare se musikale

[8] 1986 Wolters Leuven.
[9] *Literêre terme en teorieë* 464.
[10] Een van hierdie skrywers, Ulrich Gaier, noem satire "militante woordkuns" waarin skrywer en leser teen 'n sekere werklikheid in verset kom.

proteswerk van die Gereformeerde Blues Band as deel van die sogenaamde Voëlvry-beweging.[11]

Internasionale voorbeelde van satiriese rolprentkuns is *Dr Strangelove* en *The Party*, beide met Peter Sellers in die hoofrol. In die plaaslike prent *Die Groen Faktor* is met die kleurvraagstuk en die politieke klem op rassesuiwerheid die spot gedryf. 'n Plattelandse NP-verkiesingskandidaat (Cobus Rossouw) ontdek tot sy groot verleentheid dat hy in die aanloop tot die verkiesing op onverklaarbare wyse besig is om letterlik groen word.

Die sestiende-eeuse Vlaamse skilder Pieter Bruegel se *'n Plattelandse troue* beeld op spottende wyse die kwalik bedekte gebreke in die sosiale mondering van die sogenaamde laer stand uit, en in sy skets *Die skilder en die koper* (hieronder afgebeeld) is laasgenoemde se gesigsuitdrukking 'n mengsel van domheid en gierigheid, maar sy hand darem stewig op die beurs.[12] Die negentiende-eeuse Franse litograaf en skilder Honoré Daumier was ook 'n beeldende satirikus. Sy werk getuig van fyn waarneming en spot. Regs onder ("So goes his story") word 'n tipiese hoftoneel uitgebeeld.





[11] Prominente lede van die beweging was Johannes Kerkorrel, André Letoit, Bernoldus Niemand, Dagga-Dirk Uys, Hanepoot van Tonder en ene Karla Krimpelien. In 'n onderhoud het Kerkorrel gesê: "Ons het rock en roll ontdek as 'n platform vir protes, 'n massamedium om tot die Afrikaanse jeug te spreek. Tydens die P.W.Botha-era het die persepsie bestaan dat alle Afrikaanssprekendes aan 'n homogene groep behoort wat deur die bank vir die Nasionale Party stem. Deur middel van satire het ons vryheid van spraak gevestig." Pretorius: 56.

[12] Afgebeeld in Gombrich *The Story of Art* 295.





.

Daumier het op satiriese wyse met die feminisme van sy tydvak gespot. Links bo waarsku die voorsitter van 'n vrouevereniging haar lede: "Dames! Julle oortree artikel 3 van ons reëls en regulasies wat bepaal dat nie meer as vyf persone gelyktydig mag praat nie!" [13] Regs is Daumier se weergawe van 'n hoëre letterkundige diskoers.

Van die Suid-Afrikaanse portretskilder Reshada Crouse se werk bevat satiriese elemente, en die spotprentkunstenaars Jonathan Shapiro (Zapiro) en Derek Bauer se kuns is goeie voorbeelde van satire – dit strek verby grense van blote snaaksheid, ontsien geen heilige koeie nie en is soms ook omstrede.[14]

Die kompeterende wêreld van reklame spoor kunstenaars aan om telkens die oog te vang. Sosiale kommentaar word soms as advertensietruuk ingespan, en die term "satiriese handelskuns" is sekerlik nie onvanpas nie.

Die beslote korporasie *Laugh it Off* se gebruik van satire op hulle T-hemde het tot 'n uitgerekte hofstryd met SA Broueryе gelei. Dit word in 'n volgende hoofstuk bespreek.

Tydens die afgelope Wêreldbekersokkertoernooi 2010 is die hoenderkitskosbesigheid Nando's voor die gesagsliggaam vir reklamestandaarde (ASA) gedaag omdat 'n advertensie wat poligamie uitbeeld, vernederend

---

[13] Armingeat: Daumier: *Liberated Women - Bluestockings and Socialists*.
[14] Kyk die gedeelte oor humor teenoor satire.

sou wees in 'n land met hoë vlakke van geweld jeens vroue. ASA het bevind dat die advertensie 'n oordrewe grap was wat met president Zuma se poligamie verband hou, en met buitelandse wanopvattings oor Suid-Afrika die spot dryf. Die beswaar is van die hand gewys.[15]

Daar is raakpunte maar ook verskille tussen *satire* en ander literêre begrippe, te wete *humor*, *swart humor*, *burleske humor*, *sardoniese humor*, *komedie*, *parodie*, *karikature* en *ironie*. Hierby kan gevoeg word die Engelse "skit", "send up" en "lampoon".

Net soos die oorsprong van satire is dié van humor ook interessant. Die Latynse term beteken "vog," en medici soos Hippokrates het geglo dat die mens se liggaam gemoedstoestandbepalende vloeistowwe soos bloed en gal bevat. Humor is meer as dit wat bloot lagwekkend of snaaks is. Volgens Réna Pretorius is humor 'n simpatieke raaksien van wat snaaks is.[16]

'n Goeie Afrikaanse voorbeeld van humor is P G du Plessis en Koos Roets[17] se TV-reeks *Koöperasiestories*. Hoewel die reeks ook satiriese elemente bevat (waaronder die meesterlike gespot met Genis se hoë amp as burgemeester en raadsekretaris Vissertjie se onderdanigheid), is die deernisvolle manier waarop die skrywer met karakters en situasies omgaan, opvallend. Dit sluit trouens ernstige onderwerpe soos geestesafwykings, verstandelike vertraagdheid en noodlottige misverstand in. In die toneelstuk *'n Seder val in Waterkloof* het P G du Plessis hom wel op die terrein van satire begewe.[18] Die skrywer het weliswaar in 'n onderhoud met Chris Barnard die stuk as blote "beentrekkery" en "slimmigheid" bestempel.[19]

Die satirikus maak wel soms van humor gebruik, maar daar is ‘n verskil tussen humor en satire. Die verskil lê nie in die graad van snaaksheid, kunstenaarsvernuf of dat die een kunsvorm noodwendig groter diepte en leersaamheid vertoon as die ander nie, maar in werkswyse, oogmerk en

---

[15] *Beeld* 15 Julie 2010.
[16] *Literêre terme en teorieë* 170.
[17] Onderskeidelik skrywer en regisseur.
[18] Wewenaar-professor Jacobus-Daniël van Vuuren woon in Waterkloof saam met sy oujongnooi-suster en dogter Vredelief. Hulle ontvang onwelkome besoek van familie ("Van" die bou-inspekteur en sy gesin asook die twyfelagtige oom Tampan, almal van Krugersdorp). Professor van Vuuren en 'n kollega (beide lede van die Akademie) val boonop masseuse Poppie Olivier ten prooi ("Poppie met die lyf en die oë en so").
[19] Senekal 66.

gevolg. Die humoris sal die snaakse of komiese in 'n situasie raaksien en uitlig om by die leser of kyker begrip en deernis eerder as korrektiewe afkeer te weeg te bring. Die glimlag wat die humoris ontlok is 'n deernisvolle een – vandaar die bekende uitdrukking dat humor 'n lag met 'n traan is.[20] Die satirikus se glimlag is wrang en die onmiddelike oogmerk eerder *be*spotting as deernisvolle spot. Afhangende van omstandighede kan die humor in ‘n situasie meer ooglopend wees, terwyl die satirikus meer ontblotend te werk sal moet gaan. Beide die satirikus en die humoris lewer in mindere of meerdere mate sosiale kommentaar, maar dié van eersgenoemde is skerper, en het regstelling van aangeduide swakhede as oogmerk, nie groter begrip daarvoor nie.

Die satirikus sal soms humor as hulpmiddel aanwend om die genadeloosheid van satire meer verteerbaar te maak.

Die onderskeid tussen satire en humor blyk uit die werk van bekende Suid-Afrikaanse spotprenttekenaars. Len Lindeque was in die jare sewentig in die Sondagkoerant *Rapport* verantwoordelik vir *Len se Pen*. Meegaande tekeninge dateer uit daardie tydperk.








Len Lindeque was 'n uitstekende kunstenaar, maar eerder humoris as satirikus.

---

[20] A P Grové 38 beskryf humor as 'n subtiele balans tussen geestigheid en weemoed. Die humor is nie komies nie en die geestigheid nie sentimenteel nie.

Zapiro se omstrede verkragtingspotprent waarin ‘n magtelose Justitia deur Zuma-handlangers vasgehou word, is nie humoristies snaaks nie, maar gewis goeie satire. In teenstelling met Lindeque is Zapiro en Derek Bauer se penne soveel skerper – 'n eienskap wat waarskynlik deur hulle vroeëre betrokkenheid by die sogenaamde alternatiewe pers ontwikkel is. Tans handhaaf laasgenoemde twee kunstenaars steeds 'n kritiese en satiriese blik op 'n sosio-politiese landskap wat (hetsy dit die akteurs, dekor of storielyn is), vir enige satirikus (veral hoogs talentvolles soos Zapiro en Bauer) oneindige potensiaal bied.[21]

In meegaande afbeelding wag 'n aantal spotprenttekenaars die val van 'n bekende despoot af, en beeld Zapiro die spotprenttekenaar se ingesteldheid teenoor die euwel van magsbeheptheid op kostelike wyse uit.[22]





Net so skerp is Zapiro se veroordeling van vermeende skynheiligheid en eie belang by 'n bekende en omstrede regter – weereens 'n goeie voorbeeld

[21] In sy voorwoord tot Zapiro *The Hole Truth* skryf Aartsbiskop Tutu: "In South Africa we have had very fertile ground for the cartoonist's pen. The diversity of our nation and its young democracy gives endless opportunity for showing up our weaknesses and shortcomings, and Zapiro has impaled them on the sharpest of nibs."
[22] *Pirates of Polokwane* 87. Neem kennis dat die datum van die spotprent 4 April 2008 is.

van *beeldende* satire waarin die hoë amp van regter-president asook die eens gevreesde sub iudice-reël, nie ontsien word nie.[23]




Onderstaande voorbeeld van Derek Bauer se werk moet in historiese konteks gesien word. Tydens die vorige staatkundige bestel het 'n aantal "onafhanklike" state (ook bekend as die TBVC-state) tot stand gekom. In Ciskei het die kleurvolle weermaghoof (wyle) generaal Charles Sebe 'n militêre staatsgreep uitgevoer. In sy uitbeelding van Sebe as gewapende peuter spot die briljante Bauer met die TBVC-state se twyfelagtige status, die generaal se militêre manewales en lewer hy kommentaar op die RSA-regering se bewapening van sogenaamde "apartheidskinders."[24]



In sy voorwoord tot Bauer se bundel spotprente (*SA Flambé*) sê veteraan-joernalis Anton Harber: "Derek Bauer is rude. He is obnoxious. He is the sort of person who breaks up a dinner party by telling a Jewish guest that he sends money to the PLO and a Palestinian guest that he is a revisionist Zionist. When things

---

[23] *Pirates of Polokwane* 101.
[24] *SA Flambé* 34.

cool down again, he will suggest that a nuclear experiment may be the only way to bring peace to the Middle East. … There are not many people who can make editors worry about defamation in a caricature. Bauer has done this often…"

Die tweede Bauer-werk handel oor 'n tydstip toe die PW Botha-regering gesoek het na gesiene Swart leiers om staatkundige onderhandelinge mee aan te knoop – 'n poging wat gefaal het omdat die ANC-leierskap op daardie stadium op Robbeneiland of in exile was.[25]




Bestuurder van SA1: "'Skus meneer… ons soek 'n genuine black leader."

In 'n tekening getitel *National Religion* beeld Bauer skopkoning Naas Botha uit, maar verwring sy gesig tot dié van 'n Springbok. Die kop suggereer ook iets van afgodery, en dit is hier waar die spotprent ook satiriese kunswerk word. Die sosiale kommentaar gaan boonop verder: Op sy broek dra Botha die handelsmerk van 'n bekende motorfabrikant wat in 1986 die Springbokspan geborg het – iets wat in die amateur-era taamlik ongehoord was. Dit was tydens ‘n rebelletoer wat te midde van politieke onrus deur ‘n "vermomde" All Black-span onderneem is.  Dit versterk Bauer se sosiale (en satiriese) kommentaar op die speel van "normale sport" in 'n abnormale gemeenskap.

---

[25] *SA Flambé* 25.




Die onderskeid tussen humor en satire was ter sprake in 'n resensie van Marius Ackermann se roman *Raadslid Hamersma se Voorvinger wys Wes*.[26] In die verhaal dien 'n denkbeeldige dorp as verhoog vir gebeure en karakters wat herinner aan Suid-Afrika se regeringsomwenteling in die vroeg-negentigerjare.

Resensent Jaybee Roux[27] beskou die werk as satiriese roman, maar haal "juffrou H" aan wat hy as kenner van die genre beskou. Volgens haar mening, soos aangehaal, verdien satire respek slegs as dit as wapen ingespan word teen onregte en tekortkominge om van die wêreld 'n beter

[26] 2009 Protea.
[27] *Litnet* 19 Mei 2010.

plek te probeer maak. Die satire moet onverskrokke en genadeloos wees alvorens dit as goeie satire kwalifiseer.

Dit is egter verkeerd om die betrokke roman as 'n satiriese werk te beskou en te beoordeel. Dit bevat wel satiriese elemente, waaronder die beskrywing van 'n absurde verregse moordkomplot en die katel-kaperjolle en teenstellende vroomheid van aartspolitikus Snor de Beer.[28]

Die vraag ontstaan of die satirikus noodwendig sy of haar pen in gif moet doop ten einde geslaagde satire te skep?

Die satirikus se pen, soos die gepaardgaande waarnemingsvermoë en gevatheid ("wit"), moet immer skerp wees, maar venyn is stellig nie ‘n voorvereiste nie. Faktore soos die aard, ingeligtheid en herkenningsvermoë van die waarskynlike gehoor, die satirikus se eie styl en medium asook die gevaar van teenmaatreëls, kan almal 'n rol speel om die satire te sublimeer. Dit beteken nie noodwendig mindere effektiwiteit nie. Inteendeel, twee voorbeelde van uitstekende Suid-Afrikaanse satire is juis nie met 'n gifpen geskryf nie. [29]

'n Skrywer se slim gebruik van suggestie en doelbewuste onderbeklemtoning pleks van ooglopende venyn, beteken nie noodwendig swakker satire of dat die satirikus vreesloosheid inboet nie.

*Komedie* is van *humor* (en dus ook *satire*) te onderskei deurdat eersgenoemde bedoel is om snaaks te wees, maar nie noodwendig die eienskappe wat hierbo aan *satire* en *humor* toegedig is, bevat nie. Sogenaamde "slap stick" of lawaaierige komedie sal byvoorbeeld glad nie as satire of humor kwalifiseer nie.

Hoewel baie Afrikaanse rolprente die stempel van blote (soms lawaaierige) komedie dra, is daar voorbeelde wat nie alleen van humor nie, maar satiriese humor getuig. In Jamie Uys se *Lord Oom Piet* word op effektiewe wyse met taal- en politieke verskille en gepaardgaande kleinsieligheid gespot, asook met tipiese Britse "stiff upper lip". In Leon Schuster se *Sweet en Short* ontwaak 'n witman uit 'n lang koma en beleef as

---

[28] Hoewel nóg die resensent nóg mej H dit suggereer, moet gemeld word dat satire nie noodwendig 'n hoëre kunsvorm as 'n blote humoristiese werk is nie.
[29] Andre P Brink se humoristiese dog hoogs effektiewe *Kootjie Emmer* en Etienne Leroux se *Magersfontein O, Magersfontein!* dien as voorbeelde.

vermomde swart persoon op ironies-snaakse manier 'n sogenaamde nuwe Suid-Afrika.

Die effektiewe satirikus sal toesien dat lede van 'n rolprent- of toneelgehoor te midde van die skaterlag steeds hulle herkenningsvermoë en sin vir nadenke behou.

*Humor* kom in verskillende gedaantes voor, te wete *"swart" humor*, *"burleske" humor* en *"sardoniese" humor*.

Volgens Cuddon getuig swart humor van ontnugtering en sinisme. Die mens is 'n hulpelose wese, wat weinig aan sy eie lotsbestemming kan doen en immer uitgelewer is aan onbekende en onvoorspelbare magte. Al wat die mens hieraan kan doen, is om op 'n wrang manier oor die absurditeit van sy eie situasie te lag.[30]

Soos in die geval van "gewone" humor, het *swart humor* sekerlik staanplek in satire, maar kan dit nie 'n oorheersende rol speel nie. *Satire* en *swart humor* verskil in dié opsig dat eersgenoemde se spot oorwegend korrigerend van aard is, en van die wêreld 'n beter plek wil maak. Daarenteen is *swart humor* behep met die absurde en sonder hoop.

*Burleske humor* is 'n vorm van *parodie*, maar in groter en meer oordrewe vorm.[31] *Sardoniese humor* is 'n besondere skerp vorm van humor, en sal uiteraard ook in satire aanwending vind.

In *Literêre terme en teorieë*[32] word parodie beskryf as behorende tot die genus satire, en dat dit 'n bestaande teks of ander kunswerk as teiken het. Parodie is slim kuns omdat die parodis enersyds parasiteer en andersyds skeppend optree. Die parodis kan van oordrywing of die juksta-ponering van ongelyksoortige dinge gebruik maak.

Soos aangedui is daar 'n noue verband tussen satire en parodie. Die satirikus kan by wyse van parodie met die teikenteks of –kunswerk die spot dryf of met 'n losstaande teikenfiguur.

'n Onlangse voorbeeld van laasgenoemde is die omstrede skildery van Yiull Damaso. Dit parodieer die sewentiende eeuse meesterwerk van Rembrandt: *Die Anatomieles van Dr Nicolaes Tulp*, en beeld 'n lykskouing

---

[30] Cuddon 82-83.
[31] Cuddon 92.
[32] 370.

op 'n gestorwe oud-president Nelson Mandela uit. Johnson Nkosi wat as 12 jarige Vigs-aktivis aan HIV oorlede is, staan by die gedissekteerde linkerarm van Madiba. Onder sy aandagtige gehoor tel openbare figure soos president Zuma, oud-presidente De Klerk en Mbeki asook me Helen Zille. Die skildery is in 'n Johannesburgse inkopiesentrum ten toon gestel, is in die *Mail & Guardian* van 8 Julie 2010 gereproduseer, en word hieronder weergegee.



Te midde van luide reaksie uit ANC- en SAKP-geledere en dreigemente van strenger media-beheer,[33] het Damaso verklaar dat die kunswerk as politieke stelling bedoel is, naamlik dat Nelson Mandela nie vir altyd gaan lewe nie, en daar nou reeds gebou moet word aan 'n nuwe samelewing.

Die werk van Damaso dwing die kyker om die volgende vraag te vra: wat gaan verhoudinge in die land wees sonder die ikoon Mandela se samebindende, versoenende rol?

Hoewel hy dit nie sê nie (iets wat hy natuurlik nie hoef te doen nie) kom dit tog voor asof die kunstenaar ligweg die spot dryf met Madiba-manie in dié opsig dat Suid-Afrikaners verkies om beide die onafwendbaarheid en nabyheid van die 92-jarige leier se dood te ignoreer. Gevolglik word belangrike debatsvoering op die agtergrond geskuif.

---

[33] ANC-woordvoerder Jackson Mtembu: "In African society it is a foreign act of *ubuthakathi* (bewitch) to kill a living person and this so-called work of art … is also racist. It goes further by violating Tat' uMandela's dignity by stripping him naked in the glare of curious onlookers, some of whom have seen their apartheid ideals die before them." Mtembu en Blade Nzimande het gevra vir 'n "onafhanklike media-tribunaal" om in die toekoms *Mail & Guardian* se tipe "gutter journalism" aan te spreek. Kyk ook *Beeld* 20 Julie 2010.

By wyse van parodie lewer Damaso op kru dog kunstige wyse, wesenlike en toekomsgerigte sosiale kommentaar. Hierdie kommentaar het dadelik ANC-dreigemente van teenoptrede ontlok, welke dreigemente ook 'n aanduiding gee van die irrasionaliteit wat met die beoogde mediabeheer gepaard sal gaan. Kortom: die grafiese, gelade uitbeelding en die debat wat dit ontlok het, is 'n voorbeeld van goeie satire.

In letterkunde beteken *ironie* die gebruik van woorde wat die teenoorgestelde beteken as dit wat die skrywer bedoel en beoog.[34] 'n Voorbeeld hiervan sou wees waar die skrywer in die loop van die verhaal 'n politieke leier aan die woord stel wat op vroom wyse 'n gehoor van sy eie offervaardigheid oortuig, terwyl die leser hom as 'n najaer van eie belang leer ken.

Dit spreek dus vanself dat hoewel *ironie* en *satire* nie sinonieme is nie, eersgenoemde dikwels deur satirici aangewend sal word.

Satirici gebruik soms 'n alter ego om 'n boodskap op humoristiese en vermaaklike wyse oor te dra. Hierdie tegniek verleen ook aan die kunstenaar 'n sekere spraakvryheid wat die satiriese element versterk.

Drie Suid-Afrikaanse kunstenaars wat tans van hierdie tegniek gebruik maak, is Pieter-Dirk Uys, Margit Meyer-Rödenbeck en Casper de Vries.

Uys is die skepper van die alombekende en -beminde Evita Bezuidenhout, wat op haar beurt lid is van 'n komplekse gesin. Haar man, Oom Hasie, was in die aktiewe politiek totdat hy in 'n kompromitterende situasie met 'n (sedertdien verdwene) Swazi kelnerin betrap is. Die egpaar is met drie kinders geseën, wat op hulle beurt betekenisvolle name het: die dogter heet Billie-Jeanne en die tweelingseuns is onderskeidelik Izan (lid van die AWB) en die meer sensitiewe De Kock.

As behendige satirikus dryf Meyer-Rödenbeck (beter bekend as "Dowwe Dolla") enersyds die spot met die stereotipering van blondines as sexy maar dom – maar gebruik dieselfde stereotipering om 'n oënskynlik onskuldige Dolla groot en gewaagde wyshede oor hedendaagse politieke leierfigure te laat kwytraak.

---

[34] Grové 40-41beskryf dit as spottende spraakgebruik wat die teenoorgestelde sê van wat bedoel word.

Casper de Vries is die skepper en vertolker van 'n veeltal karakters, waaronder Greetje Appelmoes, Oom Kallie Marie, Hanno Gelderblom, die vlugkelner Montelle en die bekkige Patience.

In die tydskrif *Bravo!*[35] beskryf Marianne Thamm De Vries se satiriese kuns soos volg:

"Dalk is dit [die goeie opkoms van ouer en jonger bewonderaars] omdat Casper se humor en sketse selde openlik polities is: sy satire is heerlik sydelings en sy reeks verwysings wyd en allesomvattend – hy spot met alles, van CCN tot die opvoedingskanaal, van waspoeieradvertensies tot ou Afrikaanse films, van blitsverkoperromans tot realiteitsprogramme op TV. Alles en almal is potensieel teiken vir sy grappe. En deur dit alles bly Casper se wêreldbeskouing buigsaam en verfrissend subversief. Soos 'n prisma wat, in 'n mate, ook sy gehore help om sin te maak van 'n snel veranderende samelewing."

'n Ander tegniek waarvan 'n satirikus gebruik maak, is om 'n verhaal in die vorm van 'n diere-fabel te laat afspeel en sodoende die skerpsinnige leser die geleentheid te bied om menslike booshede in dieregedrag te herken.[36]

Die bekendste voorbeeld hiervan is George Orwell se *Animal Farm*, waarin die eie belang en oneerlikheid van 'n klein kliek wat aanvanklik op die rug van populêre steun mag bekom, aan die kaak gestel word. In *'n Pawpaw vir my darling*, verhaal Jeanne Goosen deur die oë van 'n hond op satiries-humoristiese wyse die wel en weë van 'n werkersklasgesin in "Damnville".

Satirici se taak word dikwels vergemaklik deurdat belangrike teikenfigure (hetsy deur natuurlike evolusie of goddelike ingreep) oor besondere fisiese eienskappe of mannerismes beskik, buitengewone dwaashede aanvang of onnadenkend uitlatings maak. As gevolg hiervan het lesers en kykers onder meer met 'n presidensiële stortkop, ministeriële bakore, beet en knoffel as wonderkure, 'n jeugleier se matrieksimbool vir

[35] 6de uitgawe, Lente 2009: Casper praat uit.
[36] Bobbejane bied uitstekende materiaal, waarskynlik om redes van vermeende verwantskap en ingebore komieklikheid. Spotprentkunstenaar TO Honiball lewer op dié wyse plek-plek satiriese kommentaar op ‘n herkenbare mensdom. Kyk ook Ackermann se satiriese beskrywing van die leierfiguur Grootraad Makedaan in die gelyknamige boek waarin met politieke manipulasie en eie belang die spot gedryf word.

houtwerk, presidensiële veelwywery én 'n presidensiële voorvinger te doen gekry.

Daarteenoor het Pieter-Dirk Uys by geleentheid oud-president FW de Klerk as "ondoenbaar vaal" bestempel.[37]

Daar kan nou gelet word op enkele voorbeelde van satire in die Afrikaanse letterkunde.

Een van die bekendste (indien nie die bekendste) satiriese romans in Afrikaans is Etienne Leroux se *Magersfontein, O Magersfontein!* Die boek is van besondere belang by 'n studie van Afrikaanse satire. Nie alleen het die skrywer op briljante wyse bepaalde absurditeite aangespreek nie, maar het owerheidsreaksie boonop daarvoor gesorg dat die karikature in die teks nog groter vertoon en werklike gestalte kry.[38]

Teen die agtergrond van die forse, heroïse gebeure tydens die slag van Magersfontein in 1899, besoek 'n buitelandse filmgeselskap die gebied om 'n rolprent oor die veldslag te maak. Die geselskap word gelei deur die vreemdsoortige Lord Seldom en Lord Sudden. Vreemdsoortig, maar dalk juis nie. Die blote herkonstruksie van die geveg en die teenwoordigheid van die rare karakters bied heelwat ironiese vermaak, maar Leroux se byvoeging van plaaslike kleur in die vorm van speed-cop Le Grange, 'n verkrampte politikus (lid van 'n provinsiale uitvoerende komitee in die vorige bedeling), 'n geharde maar gehawende bruinman genaamd Gert Garries en 'n ontipiese Noordkaapse watervloed, sorg vir satire uit die boonste rakke.

Een van die mees klassieke momente in die werk is waar Le Grange as verteenwoordiger van die oppergesag van die staat en geklee in die nuwe, SS-tipe uniform van die Kaaplandse verkeersdiens, hom agter 'n advertensiebord skuilhou.[39] Die helwarm dag se verloop is aanvanklik maar eentonig, maar Le Grange kry weldra geleentheid om in volle uniform in die teerpad te verskyn. 'n Splinternuwe, reusagtige "troglodiet" van De Beers wat 'n twintigmeter-treiler trek waarop 'n vragmotor van 200 ton rus, word te midde van 'n geloei van hidroliese remme tot stilstand gedwing. Tot Le Grange se bedekte verleentheid is alles in orde, en hy bevestig dan ook so

---

[37] *Insig* Desember 1999.
[38] Die geskiedenis van die sensuurverbod op *Magersfontein* word in hoofstuk 4 bespreek.
[39] Leroux 18-20.

met flink saluut. Vir geruime tyd daarna vra hy homself die vraag: het die vragmotorbestuurder hom met die wegtrek die (subversiewe) woorde "Fuck you, you bastard!" toegevoeg, of was dit 'n akoestiese hallusinasie deur hitte en westewind meegebring? Dit spreek vanself dat selfs Le Grange sy magteloosheid besef, en gelukkig 'n rede vind wat vergeldende wetstoepassing oorbodig maak.

Die filmspan se swart, buitelandse chauffeur verkeer onder die indruk dat die toegedraaide lykie van Gert Garries se baba 'n arm dagga is, en koop dit by hom. Terwyl die res van die filmspan daardie aand gesellig verkeer, ondersoek die chauffeur die grieselrige pakkie met behulp van 'n flitslig. Sy bloedstollige gil ontstel Lord Sudden (bysiende maar nie doof nie), waarop die geselskap aan spokery en die onmiddellike omgewing se geskiedkundigheid en bloeddeurdrenkte bodem herinner word.

In nog 'n toneel[40] kry die geskiedkundige weer gestalte, weliswaar te midde van gietende reën. Die boere is aan die een kant, die Engelse magte aan die ander. Gert Garries hou die petalje dop voordat hy besluit by watter kamp hy hom gaan skaar. Wat as 'n gewigtige beginselkeuse met politieke ondertone beskou kon word, ontwikkel in opportunisme: Gert Garries kies die Engelse kant omdat dit daar so vrolik gaan.

Voorbeelde van Afrikaanse satiriese gedigte is onder meer te vinde in die werk van A.G. Visser, Peet Neethling, M.M. Walters, Jeanne Goosen en Marlene van Niekerk.[41]

A.G. Visser se *"Lotos-land"* beskryf die wel en weë van die denkbeeldige trek van kommandant Pieter Naudé. Na die uittog arriveer hulle in 'n Kanaän van oorvloed wat om die midriwwe en bobene gestalte kry. Dit laat Naudé vervaard uitroep (*Naudé loquitur*):

> "'n Vyand bedreig ons, O Broeders,
> En 'n vyand op wie ons moet let;
> Te glad sit jul tawwerts, O Moeders,
> Trekkersweë is per slot trekkersvet!"

[40] Leroux 129-130.
[41] Opgeneem in Hugo: *Speelse Verse*.

Visser verleen verder aan die trekkersverhaal 'n speelse deftigheid deur die gebruikmaking van Latynse subopskrifte. Hy spot ook fyn met die stoere digkuns van Jan F.E. Cilliers en D.F. Malherbe.

In sy bundel *Die hemel het 'n agterdeur*[42] bekyk Peet Neethling die Suid-Afrikaanse samelewing van die tagtigs. In die titelgedig satiriseer hy die bestel se absurde klem op aparte geriewe, ook bekend as "klein apartheid":

> 'n Brulpadda op sy dagbreek-jog
> word sleg getrap deur 'n spoorwegtrok.
> Die TPA's hou stil. Aikona,
> dink die Chief, ek vat g'n blêddie kans.
> Vir my lyk dit na 'n platanna.
> "Jan, roep 'n nie-brulpadda-ambulans."

Neethling hekel ook met (Doktor Dominee) Alan Boesak se kontroversiële aardse bedrywighede, hier vermoedelik dié in die versetpolitiek:[43]

> Jy wat by begrafnisse meer kruise aan en om jou dra
> as 'n Kollege van Kardinale en die skedelplek Golgota,
> hopelik gaan jy jou nie in jou togatou verstrengel
> voordat jy heeltemal gereed is om te verengel!

Te oordeel aan Neethling se destydse waarnemings is nepotisme nie slegs 'n hedendaagse verskynsel nie:[44]

> Afrikaners is eergierig
> dit kan julle glo
> Hulle beur tot hulle bo is
> en dan maak hulle so:
> …
>
> Ouboet amper prokureur
> word teen 'n BMW-salaris
> aangestel as direkteur
> van alles wat onklaar is
> …
>
> Hoewel teoreties
> byna analfabeties
> en trots haar obesia

---

[42] 1989.
[43] *Allan en Alan*.
[44] *Volkspele of We are marching to Pretoria*.

kry kleinsus Eeufesia
'n uithang-ontvangsjop
teen Meintjieskop.

Jeanne Goosen se "*die dag op nuweland"* het betrekking op Suid-Afrikaners se beheptheid met rugby as nasionale sport. 'n Interprovinsiale wedstryd verloop bykans soos 'n koorsige ritueel – op die veld én die pawiljoen. Terwyl rugbyspelers soos "gestreepte haaie" rondduik en na mekaar se boudvleise hap, verlustig toeskouers ("mannetjies" met "pot-sierlike hoedjies") hulle in die gewelddadige kragmeting deur marionetagtig op en af te spring. Terselfdertyd brei 'n maer meisie van Swellendam mansokkies met ontstellende haas. As satirikus skets Goosen 'n toneel waarvan sy 'n skerp waarnemer is – 'n rugby-ritueel waarin emosies kook-punt bereik tot uitsluiting van groter maatskaplike werklikhede.

In Marlene van Niekerk se *"ampsfoto strelizia augusta"* verkry 'n baie belangrike dog tragiese randse burgemeestersvrou ("soos 'n sasol magi-straal… alchemis van die moraal") die voorkoms van 'n Vaaldriehoekse raffinadery waarin kulturele ru-stof tot 'n soort vroomheid veredel word. In *"skoufotograaf"* beskryf die digter sekere wedervaringe by 'n landbouskou op Edenville in die Vrystaat:

pas het ek aanskou hoe geborstrokte range
mekaar salueer
en bataljonne soet soldate
gekeurslyf tot koeksisters
van hier tot gunter gemaneuvreer

In *"Gebed om Leiding"* skets M M Walters die geesteskwellinge van 'n dominee wat, te midde van die seëninge van 'n knus Stellenbosse bestaan, 'n beroep uit die sendingveld ontvang, en spot hy met swakhede van skynheiligheid en selfregverdiging:

U kudde val nou die kuns ten prooi
want godslastering word verlig en letterkundig mooi
Hoe kan ek bly waarsku teen die bose spel
as ek nie self met my komplimentêre kaartjie,
my slagyster in die Thom[45] gaan stel?

[45] Plaaslike HB Thom-teater.

…

Ag, en die akademiese omgaan en verkeer
met al die professore, hoe kan ek dit ontbeer –
ek wat so graag self delf in die duisterhede,
so lank gewag het op 'n kweekskoolstem
in antwoord op my broederse gebede.

Nou kom U met die beroep
na die sendinggemeente op Merweville …
vir mý, gereelde voorsitter van die Ring!
Alle grappies op 'n stokkie, Meester,
is U ernstig met die ding?[46]

PC Haarhoff se *"Hoe groen was die dakke van Arkadië"*[47] is 'n voorbeeld van satire in kortverhaalvorm. Hy spot met die universiteit en akademiese voorvereistes as bastion en springplank vir natuurwetenskaplike navorsing.

Daar is reeds in hierdie hoofstuk verwys na P G du Plessis se *'n Seder val in Waterkloof*, een van die bekendste voorbeelde van 'n Afrikaanse satiriese toneelstuk. Die skrywer dryf heerlik die spot met die sewentigs se statusbewuste sogenaamde "nuwe Afrikaner" wat hom baai in die destydse sterk politieke en kulturele posisie waarin die Afrikaner hom bevind het. Soos sy naamgenoot in Libanon, groei die Waterkloofse seder hoog, en is die val eweneens hard en pynlik. Die ironie is daarin geleë dat dit juis die groot klem op herkoms en die "regte" familiebande is wat tot die Seder se val lei.

André P Brink se *Kootjie Emmer* waarna reeds verwys is, bied nog 'n voorbeeld van satire wat met 'n goeie dosis humor gepaard gegaan het. Inwoners en die dorpsbestuur van die denkbeeldige dorpie Witgatworteldraai word met die ongemak van verandering gekonfronteer wanneer nagwadrywer Kootjie Emmer ‘n spoelstelsel propageer. Brink satiriseer die sewentigerjare se Afrikanerstryd tussen verlig en verkramp.

Teen die agtergrond van wat hierbo gesê is, kan die wesenstrekke van satire soos volg gestel word:

---

[46] Sy gedigte *"Kerkkoor"* en *"Biddag om reën"* is eweneens voorbeelde van satire in die konteks van vrome aanbidding.
[47] Opgeneem in Scholtz *Vertellers 2*.

(a) Dit spot op skerp maar kunstige wyse met swakhede, tekortkominge en wantoestande. Die satirikus is voortdurend op die uitkyk vir heilige koeie wat soms op bloedlose dog genadelose wyse geslag kan word.

(b) Die uiteindelike oogmerk is regstelling of verbetering, maar die satirikus sal nie dermate aan moraliteit prominensie verleen dat dit as sedeles die satire ondermyn nie. Die onmiddellike oogmerk van bespotting en die uiteindelike oogmerk van regstelling of openbare belang moet in balans wees, anders kan die satire effektiwiteit inboet.

(c) Weens die vreeslose, skerpkantige aard daarvan sal satire dikwels omstredenheid en reaksie veroorsaak. Sodoende lewer die satirikus ‘n bydrae tot openbare debat, nie alleen rakende die inhoud van die satiriese kommentaar nie, maar ook oor meer algemene kwessies soos vryheid van spraak en die grense daarvan.

(d) Die satirikus sal soms reaksie verwelkom omdat dit openbare aandag op sy of haar werk mag fokus en ook beteken dat die aard van die reaksie die inhoud van die satire onderstreep. Die satirikus sal soms konflik probeer vermy deur slimmer en fyner te spot, maar in sommige gevalle is ‘n tipe lydelike verset aangewese.

(e) Satire en humor is nie sinonieme nie, maar die satirikus sal dikwels van humor as voertuig gebruik maak om die bespotting te volvoer. Ironie en parodie word ook as hulpmiddels ingespan.

(f) Die satirikus kan van 'n diereverhaal gebruik maak om sodoende op effektiewe wyse menslike swakhede uit te lig en aan die kaak te stel. Dieselfde geld die gebruik van 'n alter ego.

# HOOFSTUK 3: DIE WAARDE VAN SATIRE

Al is die satirikus gewoonlik nie op die boonste sporte van die establishment se gewildheidsleer nie, is hy of sy nie iemand wat bloot bespot en afkraak nie. In die vorige hoofstuk is aangedui dat die spot met ‘n langtermynoogmerk van regstelling of verbetering geskied.

Satire daag uit en toets grense. Dit druis in teen die rustige vloei van die samelewing, en sal na gelang van omstandighede van skerpte verskil. Die sondes of vergrype waarop die satirikus fokus strek sover as die mensdom self, en varieer van tipiese outokratiese onderdrukking tot uitbuiting en manipulasie in ‘n oënskynlik demokratiese- en vryemark-sisteem. Die satirikus sal wantoestande vreesloos aanspreek, waar dit ookal voorkom – in owerheidskringe, besigheidsgeledere, die kerk, georganiseerde sport en kunskringe, om maar ‘n paar moontlikhede te noem. Hierbenewens spot die satirikus ook met die gewone burgery se slagoffermentaliteit en kleinburgerlikheid.

Kortom: vanweë die aard daarvan word satire in verdraagsame sowel as onverdraagsame gemeenskappe beoefen. Die aard van die satire asook reaksie daarop sal van gemeenskap tot gemeenskap verskil.

‘n Verdraagsame gemeenskap behels onder meer die volgende:

(a) 'n demokratiese bestel waarin die owerheid vryheid van spraak nie op 'n onredelike wyse aan bande lê nie, en dispute rakende spraakvryheid deur 'n onafhanklike regbank bereg word[48];

(b) 'n openbare mening wat 'n kultuur van vrye meningsuiting voorstaan en byvoorbeeld satiriese kommentaar duld, al is daar meningsverskil oor die inhoud en aard daarvan; en

(c) protes deur beswaardes geduld word, mits laasgenoemdes nie die reg in eie hande neem nie.

---

[48] Dit sluit ook in onafhanklike spesialis-tribunale soos dié vir die media.

In ‘n tydskrifartikel ondersoek Marianne Thamm Suid-Afrikaners se vatbaarheid vir satire[49], en sê tereg dat die reaksie wat satirici van die owerheid ontlok, 'n barometer vir hulle nuttigheid vir die betrokke land is. Sy maak egter die volgende aanvegbare stelling:

"Met satire is die grap altyd ten koste van die boelie – en dis die genre se buitengewone krag en trekkrag. Dis ook hoekom dit so gevrees word deur diegene in magsposisies wat ons wil laat glo hulle doen dit alles omdat hulle regtig vir ons omgee."

Die satirikus het meesal maghebbendes en invloedrykes in die visier, maar sommige “gewone mense” se slagoffermentaliteit bied eweneens stof tot satiriese spot. Dit dien ook die tweede of uiteindelike oogmerk van gemeenskapsbelang of verbetering, aangesien toekomstige uitbuiting deur maghebbers en manipuleerders dalk voorkom of beperk kan word. Satiriese grappe is dus nie altyd ten koste van die boelie nie.

'n Voorbeeld van satiriese spot met die “gewone man” is Hennie Aucamp se kykie op voorstedelikheid en die wonder van kleur-televisie. Sy woorde is deur 'n jong Laurika Rauch op plaat verewig:[50]

Die Telemans van Wêskou
kan bêrekoop soos min
dra saam aan paaiemente
gaan tronk toe as gesin...

'n Verdraagsame gemeenskap is gewoonlik ook 'n welvarende gemeenskap. As kunstenaar en skerp waarnemer sal die satirikus vroeë gevaartekens van sosiale wantoestande raaksien. Aangesien dit oënskynlik goed gaan met die gemeenskap, sal die satiriese kommentaar nie deur almal na waarde geskat word nie. Dit mag meebring dat die satirikus “harder” sal moet praat om met agtergrondsgeluide van stoflike welvaart en raserige handelsaktiwiteite te kan meeding. Die mededinging gaan nie net oor steurende agtergrondslawaai nie – in welvarende gemeenskappe moet die satirikus dikwels ook met sussende politieke boodskappe kompeteer.

Die satirikus tree immer berekend op, en sal bedag wees op die reaksie wat die teikenfiguur mag openbaar. Reaksie op satire is soms net so

---

[49] *Bravo!* Lente 2009: *Nie reg vir satire? Sê wie?*
[50] Uit: *Die Lewe is 'n Grenshotel*.

belangrik soos die satire self. Sodra 'n satirikus op 'n belangrike teikenfiguur soos 'n vername politikus of groot korporasie aanlê, het laasgenoemde gewoonlik die gewigsvoordeel deurdat sensurerende maatreëls of litigasie binne die teiken se amptelike en/of finansiële bereik is.

Al sou die satire as gevolg van ‘n verbod of hofbevel in die stof byt, behoort die laaste, wrang lag soms aan die satirikus: hy of sy kan steeds deur ‘n wakker en simpatieke openbare mening as morele oorwinnaar aangewys word.

Die satirikus sal die wyer grense wat ‘n verdraagsame gemeenskap bied, tot die uiterste beproef. [51] Die satirikus beoefen die kunsvorm op 'n intelligente, skerpsinnige manier – nie alleen sal die terrein goed bekend wees nie, maar ook die grense daarvan, insluitend elke swakheid of gat in die heining.

Politieke leiers in verdraagsame, demokratiese gemeenskappe is op openbare steun aangewese, en juis hierin lê die kiem van besonder skerp satiriese kommentaar. Openbare ampsbekleërs en kandidate vir sodanige poste sal gewoonlik aan kiesers, kykers en lesers 'n vroom prentjie voorhou waarin 'n hoë premie op 'n hegte gesinslewe, geloofsoortuigings, eerlikheid, en die afwesigheid van rasse- en ander vooroordeel geplaas word. Vanweë die satirikus se ingebore afkeer in valsheid sal wanvoorstelling en wanvoor-steller die volle skerpte van eersgenoemde se oog, pen en tong ervaar. Kortom: satire in 'n verdraagsame gemeenskap kan soms ook (dalk juis) bloedige gevolge inhou.

Die mede-skeppers van die satiriese webtuiste *www.zanews.com*, Thierry Gazutto en Jonathan Shapiro, is van mening dat hulle kuns altyd hand aan hand met werklike nuusgebeure loop, en dat, aangesien mense geneig is om leiers op verhogies te plaas, hulle by geleentheid ook daarvan afgehaal moet word.[52]

Die Suid-Afrikaanse satirikus word feitlik daagliks met stof tot nadenke vir satiriese verwringing gekonfronteer – die openbare nuusverhoog se gebeure en die woord- en gebarespel van hoofakteurs

---

[51] Die Britse publikasie *Private Eye* is 'n voorbeeld van satire wat in 'n verdraagsame gemeenskap gedy en deurgaans grense toets.
[52] ZANEWS-DVD (Both Worlds Production).

getuig daarvan. Hoe gemaak as demokrasie heers maar owerheids-onverdraagsaamheid al meer en meer na eggo's van 'n vorige (onver-draagsame) sisteem klink? ‘n Satirikus kan kwalik ‘n situasie ignoreer waar 'n vooruitstrewende, demokratiese gemeenskap geseën is met openbare figure wat nie die Grondwet nie, maar die Pedi-woordeboek as rigsnoer gebruik, in twyfelagtige VIGS-kure glo, diktature as handelsvennote ontvang en plek-plek besluite neem (soos die paroolvrylating van ou vriende) wat op 'n onderskatting van openbare intelligensie neerkom.

Die Suid-Afrikaanse satiriese webwerf *Hayibo.com* moes onlangs omrede finansiële oorwegings sluit. Die webwerf het hierop 'n fiktiewe persverklaring van die ANC Jeugliga gepubliseer – verdere bewys van hoe die satirikus selfs 'n ongelukkige toedrag van sake as geleentheid kan aangryp vir die lewering van nog meer satiriese kommentaar:

## ANCYL hails Hayibo’s closure as model for new journalism

ZUTOPIA. The ANC Youth League has hailed Friday’s closure of Hayibo.com as a “brave step forward” for South Africa’s media. “The bloody agents have red the riting on the wol,” read a press release. “They have choosed to fell on there sords rather than face the purging fires of the Tribunal.” Asked for comment, Hayibo’s management simply shook their heads and sighed.

Die Verenigde State van Amerika het in die verlede presidente opgelewer wat weens fisiese eienskappe en tekortkominge asook verdagte optrede onder satiriese spot deurgeloop het. Richard Nixon het lank die Watergate-bord om sy nek gedra, terwyl Gerald Ford, anders as sy voorganger, onkreukbaar was maar tog bespot is omdat sy swak voetbalknieë soms tot *letterlike* struikeling en val gelei het. Die ore wat Moeder Natuur vir George Bush II uitgesoek het is onmiddellik deur spotprenttekenaars as geskenk aanvaar, en in Bill Clinton se geval het private oomblikke vanweë die Lewinsky-onthullings tot openbare spot gelei.

Dit is nie slegs sensuur of regsteenoptrede wat satire muilband nie, daar is soms ook ander oorwegings. Volgens Laurence Brander was uitgewers aan die einde van die tweede wêreldoorlog onwillig om George

Orwell (skrywersnaam vir Eric Blair) se *Animal Farm* te publiseer omrede die gespot met Russiese kommunisme – een van Engeland se geallieerdes:

"At last, he got it accepted as a 'fairy story'. The most brilliant satire of modern times appeared in the charming and appropriate disguise of a story for little children."[53]

'n Verdraagsame, ingeligte gemeenskap sal 'n openbare tweegeveg tussen satirikus en teikenfiguur met groot belangstelling gadeslaan. Nie alleen omrede die nuuswaarde van so 'n stryd nie, maar ook die potensieel grensbepalende aard daarvan.

Die satirikus se rol in minder verdraagsame gemeenskappe is baie belangrik. Satire kan as uitlaatklep vir 'n intelligente dog onderdrukte openbare mening dien. Die satirikus kan dinge sê wat andersins in die vorm van konvensionele kritiek verdere onderdrukking tot gevolg sou gehad het.

Satire in onverdraagsame gemeenskappe het die praktiese waarde deurdat die bestaan, inhoud en onderdrukking daarvan as barometer kan dien vir menseregte-waarnemers. Sodoende kan die satiriese kommentaar as gevolg van die onderdrukking daarvan, onregstreeks tot internasionale solidariteit en druk lei.

Die waarde van satire in onverdraagsame gemeenskappe kan dus as tweeledig van aard beskou word. Aan die een kant is dit tekenend van opstand – 'n opstand waarin die kunstenaar 'n belangrike en leidende (soms lydende) rol speel. Andersyds omseil die satirikus owerheidsbeheer deur voortdurend slimmer te spot.

‘n Blik op die Suid-Afrikaanse toneel deur ‘n Zapiro-bril, bevestig ‘n belangrike waarheid: geen tydvak is gevrywaar van die booshede waarteen die satirikus protesteer nie. Na dekades van 'n onverteenwoordigende bestel en ‘n spiraal van opstand en onderdrukking[54], het die land met die koms van demokrasie en die Mandela-bewind ‘n kort tydstip van ewewig bereik.[55] Maar, helaas, vanweë die welbekende gebrokenheid van die mens

---

[53] *Animal Farm* 96.

[54] Kyk Mario Pissara: *Criticism and Censorship in the South Afican “Alternative” Press with particular reference to the cartoons of Bauer and Zapiro (1985-1990)*.

[55] Shapiro sê self dat hy maar by enkele geleenthede die pen teen Mandela kon inlê – een daarvan was die senior staatsman se kortstondige steun aan Suid-Afrikaanse stemreg vir veertienjariges.

asook die herhaalde herverskyning van swakhede soos hebsug, nepotisme, eie belang en onverdraagsaamheid, is die satirikus nooit werkloos nie.

Die verskyning van ou sondes in nuwe gedaante beteken nie dat die satrikus met 'n meer simpatieke bril na die verlede kyk nie. Nogtans kan die satiriese veroordeling van destydse bevryders as hedendaagse kastyders besonder skerp wees. Die satirikus behandel teikenfigure wat vroeëre ideale vir eie belang versaak, besonder hardhandig. Daarom het satirici soos Pieter-Dirk Uys en Jonathan Shapiro veel te sê oor onder meer sake soos VIGS-ontkenning, korrupsie en die omarming van die Mugabe-regime.

Die satirikus se waarskuwende rol kan met dié van die hofnar vergelyk word. Die nar bevind hom telkens net-net binne grense van toelaatbaarheid, maar volhard op hierdie glibberige weg omdat hy nie bloot vermaaklikheidskunstenaar is nie, maar in wese moralis. Die toeskouer lag heerlik saam, maar word nooit toegelaat word om die ondertoon van erns en gepaardgaande teregwysings en waarskuwings teen byvoorbeeld kruipende verval te ignoreer nie.

Die waarde van satire in verdraagsame en minder verdraagsame gemeenskappe kan soos volg opgesom word:

*(a) Verdraagsame gemeenskappe*

Te midde van stoflike welvaart en sussende politieke boodskappe dien satire as ‘n vroeë waarskuwingsisteem. Hierbenewens hou die satirikus politieke leiers met valkoë dop, want hoewel laasgenoemdes (anders as hulle eweknieë in onverdraagsame gemeenskappe) nie van onderdrukkende mag gebruik kan maak nie, word slinkse metodes toegepas ten einde openbare steun te verower en te manipuleer. Satire en die reaksie daarop, is noodsaaklike voeding vir openbare debat.

*(b) Minder verdraagsame gemeenskappe*

In onderdrukkende gemeenskappe dien satire as kodetaal vir verset en sodoende as uitlaatklep vir frustrasie. Die satirikus wat vrywillig of andersins die weg van lydelike verset volg, vestig op dié manier internasionale aandag

op die stand van burgerregte en kunstenaarsvryheid in die minder verdraagsame gemeenskap.

# HOOFSTUK 4: SATIRE EN DIE REG

In vorige hoofstukke is die aard van satire asook die waarde daarvan in verdraagsame en minder verdraagsame gemeenskappe ondersoek.
Daar is bevind dat die spottende en korrigerende aard van satire geneig is om invloedryke teikenfigure te antagoniseer en tot teenoptrede te beweeg. Hierdie reaksie sluit regsoptrede in.

Satire betrek 'n driehoek van regte en belange: die kunstenaar se reg tot vrye uitdrukking; die regte van die teikenfiguur; en die reg van die publiek om ingelig te word.[56] Raakpunte en selfs botsings met die reg is dus onafwendbaar.

Suid-Afrika is 'n grondwetlike demokrasie waarin sekere fundamentele regte in 'n handves van regte verskans word. Krasse, selfs kwetsende sosiale kommentaar kan 'n botsing tussen kompeterende fundamentele regte ontketen. Hierbenewens maak die Grondwet daarvoor voorsiening dat fundamentele regte in bepaalde omstandighede van owerheidsweë ingeperk kan word.

By ‘n regsbeoordeling van satire is dit belangrik dat beide oogmerke in aanmerking geneem word. Dit geld die korttermynoogmerk van bespotting sowel as die langtermynoogmerk van regstelling of verbetering. Enersyds sal dit die satirikus se saak versterk indien beide oogmerke aanwesig is, en andersyds behoort ‘n geregshof selfs ‘n krasse bespotting (die onmiddellike oogmerk) simpatiek te benader indien die langtermynoogmerk van openbare belang ook toepassing vind.[57]

Al kom die satirikus se bydrae gewoonlik vanuit die buitewyke van die politieke spektrum, gee dit wel stem aan 'n gefrustreerde, ontmagtigde minderheid. Sodoende is satire 'n skerpsinnige, opvallende meningsuiting wat andersins (in die vorm van konvensionele kritiek) geïgnoreer en deur die voetegeskuifel en gebalde vuiste van die massa-politiek uitgedoof sou word. Ook hiervoor behoort ‘n geregshof die nodige begrip te toon.

---

[56] Dit sluit in die reg om ingelig te word en, na gelang van die aard van die satire, om 'n mening te vorm en/of bloot vermaak te word.
[57] Dit geld ook beoordeling vanuit ‘n kuns- en polemiese perspektief.

Die satirikus maak 'n besondere aanspraak op die reg tot vryheid van uitdrukking. Hierdie reg, ook bekend as die reg op vryheid van spraak, is die hart van 'n demokrasie. De Waal en andere tel dit so:[58]

> "To speak or to otherwise express oneself is a natural, and indeed an essential human activity, part of what it means to be human. Expression is therefore a means of fulfilment of the human personality. Freedom of expression is essential to the functioning of a democratic state. For people to make political choices they must have access to information and to different viewpoints."

Dieselfde skrywers sê die volgende oor vrye artistieke kreatiwiteit of uitdrukking:[59]

> "The need for protection of artistic creativity is largely self-explanatory. Artists are sometimes responsible for radical criticism of the way society functions. As their work may upset sensitive people, governments have been tempted to control the production and exhibition of art."

Die reg tot vryheid van uitdrukking word in artikel 16 van die Grondwet verskans:

(1) Elkeen het die reg op vryheid van uitdrukking, waarby inbegrepe is –

- (a) die vryheid van die pers en ander media;
- (b) die vryheid om inligting of idees te ontvang of oor te dra;
- (c) die vryheid van artistieke kreatiwiteit; en
- (d) akademiese vryheid en vryheid van wetenskaplike navorsing.

(2) Die reg in subartikel (1) omvat nie –

- (a) propaganda vir oorlog nie;
- (b) die aanstigting van dreigende geweld nie; of
- (c) die verkondiging van haat wat op ras, etnisiteit, geslagtelikheid of godsdiens gebaseer is en wat aanhitsing om leed te veroorsaak, uitmaak nie.

Kragtens artikel 36 van die Grondwet kan enige reg in die handves van menseregte (insluitend die reg op vryheid van uitdrukking) deur 'n regsvoorskrif (wet of regulasie) beperk word. Sodanige beperking sal geldig

---

[58] De Waal, Currie en Erasmus 310.
[59] 316.

wees slegs in die mate waarin dit redelik en regverdigbaar is in 'n oop en demokratiese samelewing gebaseer op menswaardigheid, gelykheid en vryheid. In die beoordeling hiervan sal 'n hof alle ter saaklike faktore in ag neem, met inbegrip van:

(a) die aard van die betrokke reg;
(b) die belangrkheid van die doel van die beperking;
(c) die aard en omvang van die beperking;
(d) die verband tussen die beperking en die doel daarvan;
(e) die beskikbaarheid van minder beperkende middele om dieselfde doel te bereik.

Bogenoemde bepaling word deur die owerhede vertikaal ten opsigte van die regte van die burgery toegepas. Dit is ook belangrik om daarop te let dat die Grondwet voorsiening maak vir horisontale werking. In siviele geskille soos lastersake moet die hof aan die gees van die Grondwet en die waardes daarin vervat, gehoor gee. Op hierdie wyse sal grondwetlike waardes soos vryheid van spraak, verdraagsaamheid en respek vir die regte van ander hopelik soos suurdeeg deur die burgerlike samelewing werk.

Mens sou op eg-Orwelliaanse wyse kon sê dat sekere fundamentele regte meer fundamenteel is as ander. Die reg op vrye uitdrukking is in hierdie kategorie.

In *Mandela v Falati*[60] het mev Winnie Mandela die hof genader om te verhoed dat die respondent tydens 'n beoogde perskonferensie uitlatings oor haar beweerde betrokkenheid by wreedhede openbaar maak. Na opweging van die kompeterende regte van vryheid van spraak en dié op waardigheid, asook Amerikaanse presedente in hierdie verband, weier die hof die gevraagde regshulp. Al die fundamentele regte is belangrik, maar nie ewe belangrik nie. Vryheid van spraak is die een vryheid waarop alle ander vryhede gebaseer is. Enige poging om by wyse van 'n interdik die toekomstige uitoefening van hierdie reg aan bande te lê, sal onder 'n swaar

---
[60] 1994(4) BCLR 1 (W)

bewyslas gebuk gaan. Sou daar wel belastering plaasvind, kan die beswaarde natuurlik 'n eis vir skadevergoeding instel.

Beoefening van vrye uitdrukking en artistieke kreatiwiteit kan na gelang van omstandighede in hoofsaak op een van die volgende wyses aan bande gelê word:

(a) 'n sivielregtelike eis vir skadevergoeding vir laster of eerkrenking;

(b) 'n klag van haatspraak vir beregting deur die gelykheidshof;

(c) sensuur ingevolge die Wet op Publikasies en Films, No. 65 van 1996;

(d) 'n klag van oortreding van toepaslike gedragskodes vir beregting deur die Onafhanklike Uitsaaikommissie of die Persombudsman;

(e) 'n sivielregtelike aanspraak op die beskerming van 'n geregistreerde handelsmerk teen parodiese uitbuiting;

(f) 'n klag by die Menseregtekommissie.

Laster behels die publikasie van inligting met die doel om die status, goeie naam of reputasie van 'n natuurlike of regspersoon te skaad. Laster staan in die reg bekend as 'n *delik*, en behels die onregmatige publikasie van lasterlike stof met die opset om die reputasie van 'n ander te kwets.

'n Lasterlike mededeling aan een persoon voldoen aan die delik se vereiste van publikasie. Omvang van publikasie kan wel 'n invloed op die skadevergoedingseisbedrag hê. Die onregmatigheid van publikasie sal enersyds afhang van die lasterlike inhoud van die publikasie en andersyds die afwesigheid van regverdigingsgronde soos privilegie, waarheid en openbare belang of billike kommentaar.

Of 'n publikasie lasterlik is, word aan die hand van 'n objektiewe toets bepaal: wat is die waarskynlike wyse waarop 'n redelike persoon van normale intellek en ervaring die publikasie sou vertolk? Hierdie toets geskied egter nie in 'n lugleegte nie, maar binne konteks – iets wat in die geval van satire uiteraard belangrik is. Sal die gehoor redelikerwys die satiriese publikasie as sodanig ervaar? Verdere oorwegings is die feit dat openbare figure robuuste behandeling deur spotprenttekenaars en satirici

moet verwag, en dat 'n toneelstuk 'n ander gehoor bedien as byvoorbeeld 'n spotprent op die internet of in die massamedia.

Privilegie is ter sake wanneer prima facie-lasterlike bewerings tydens 'n bevoorregte geleentheid soos 'n hof- of parlementsitting gemaak word. Dieselfde geld uitlatings wat in die uitvoering van pligte gedoen word, byvoorbeeld wanneer die polisie in die openbaar te kenne gee dat 'n sekere mnr X hulle in verband met sekere navrae van hulp kan wees.

Die opsetsvereiste behels dat die beweerde lasteraar die bedoeling om te belaster (ook bekend as *animus iniuriandi*) moet gehad het. Dit behels gewoonlik ook wederregtelikheidsbewussyn, met ander woorde die wete dat dit wat bedoel word, onregmatig is.

Benewens die vraag of die satiriese publikasie enigsins lasterlik is, sal die satirikus hom of haar op bogenoemde regverdigingsgronde van billike kommentaar of waarheid en openbare belang kan beroep. Soos hierbo aangedui, sal dit ter sake wees of die satire in die openbare media verskyn en nie byvoorbeeld as toneelstuk voor 'n uitgelese gehoor opgevoer word nie.

In *Le Roux v Dey*[61] het skoolkinders by wyse van foto-manipulering twee opvoeders as vroetelende homoseksuele voorgestel en die voorstelling in skoolverband versprei. Regter Harms tref 'n onderskeid tussen "jest" en "ridicule":[62]

> "There is nothing that, objectively speaking, indicates that the photo was perceived as a joke, let alone a legitimate one. Counsel could not explain the joke. People may have laughed, just as they laughed at someone being pilloried – not because it was funny, but because of the humiliation of the victim. Schadenfreude, the Germans would have called it. Laughter remains a curious psychological phenomenon. Sigmund Freud divides jokes into two broad categories: 'innocent' jokes and 'tendentious' jokes. Innocent jokes are jokes without an underlying hostility and do not evoke laughter at the expense of anyone in particular. 'Tendentious' jokes are jokes made with aggressive or sexual provocations, to elicit strong emotional response."

61 2010(4) SA 210 (SCA)
62 216H-I.

Die appèlhof handhaaf gevolglik 'n vroeëre hofbevinding dat die publikasie lasterlik was omrede: "It ridicules him [mnr Dey], his moral values and disrespects his person".

Hoewel die appèlhof in die Dey-saak nie met 'n geval van satire gehandel het nie, is bogenoemde passasie tog relevant.

'n Satirikus wat vir laster aangespreek word, sou ook die verweer van billike kommentaar of waarheid en openbare belang kon opper. Dit mag problematies wees, aangesien die satirikus juis "ridicule" en dit boonop doen deur die waarheid in die een of ander mate te verdraai en te oordryf. Hopelik sal regsprekers besef dat hoewel satire die verdraaiing van die waarheid behels, dit op kunstige wyse gedoen word om juis 'n groter waarheid aan die lig te bring – iets wat sekerlik in die openbare belang is.

Die delik *eerkrenking* is in dieselfde kategorie as laster deurdat dit oor die beskerming van persoonlikheidsregte gaan. In die geval van laster gaan dit oor aantasting van die goeie naam en aansien, en is publikasie van die skadelike stof 'n voorvereiste. By eerkrenking gaan dit oor die belediging wat die beswaarde in hom- of haarself ervaar, byvoorbeeld waar iemand 'n ander persoon beledig sonder dat 'n derde party teenwoordig hoef te wees.

Die delikte *laster* en *eerkrenking* kan deur woorde, gebare of beeldmateriaal gepleeg word.

Die handves van regte in die Grondwet vereis dat die parlement 'n drietal wette sal aanvaar om in meer besonderhede aan bepaalde regte soos die reg tot toegang tot inligting, die reg op billike owerheids-besluitneming en die reg om nie op onbillike wyse teen gediskrimineer te word nie, gevolg te gee. Dit het gelei tot die Promotion of Administrative Justice Act, 2000 (in omgang bekend as PAJA), die Promotion of Access to Information Act, 2000 (PAIA) en die Promotion of Equality and Prevention of Unfair Discrimination Act, 2000.[63] Laasgenoemde Wet verbied nie net onbillike diskriminasie nie maar ook haatspraak. Die Grondwet en die waardes wat dit beskerm kry behoorlike, praktiese toepassing in hierdie drietal wette. Onderhandelinge vir 'n nuwe Suid-Afrikaanse grondwetlike bedeling het 'n einde gemaak aan 'n lang tydperk van politieke geweld. 'n

[63] Ongelukkig is hierdie wette slegs in Engels gepubliseer – 'n verdere bewys van die erns waarmee die owerhede veeltaligheid benader.

Nuwe Grondwet gee in gesaghebbende regstaal beslag aan basiese regte en vryhede. Nou, sestien jaar later is die vraag of die Grondwet se edele waardes behoorlik in Suid-Afrikaners se dade en denke gevestig is.

Aspekte van die hedendaagse politieke werklikheid getuig van die teendeel: staatsdepartemente en ander owerheidsinstellings verontagsaam hofbevele,[64] groter beheer oor die media en toegang tot inligting is in die spreekwoordelike pyplyn, korrupsie vergiftig die hele samelewing en administratiewe onbeholpenheid en die betrokkenheid van "tenderpreneurs" ondermyn dienslewering wat juis veronderstel is om menswaardigheid te herstel en belastingbetalers positief te oriënteer. 'n Toename in gewelddadige, geteikende misdaad, verbale voetwerk om frustrasie oor armoede te besweer en 'n voortdurende stryd om leierskapsposisies verhit die openbare debat en lei dikwels tot haatspraak.

In hierdie tyd van vervreemding tussen ideaal en werklikheid het die satirikus 'n besondere bydrae te lewer, en sal kritici toenemend satire inspan om vergrype en swakhede uit te wys en te verdoem. Onlangs het president Zuma in die parlement verklaar dat die pers niks te vrese het van beoogde beheermaatreëls soos 'n mediatribunaal nie, aangesien die regerende party se rekord as vryheidsvegters vanself spreek en hulle kwalik nou dit waarvoor hulle geveg het, sal ondermyn: "Nobody can teach us about freedom. We fought for it."[65]

Dit is juis hierdie tipe vroomheid en gesublimeerde arrogansie wat die satirikus se gevoel vir moraliteit én kreatiwiteit sal prikkel: Die wêreld-geskiedenis is besaai met voorbeelde van opportunisme waar eertydse vryheidsvegters na die verkryging van mag hulle daarna op allerlei verdagte maniere in die regeringsgestoeltes probeer vasmessel.

Artikel 10 van die Gelykheidswet verbied haatspraak. Baie kortliks gestel geld 'n verbod op die publikasie of kommunikeer van woorde wat:

(a) objektief gesproke op iemand gemik is; en

---

[64] Jayiya v MEC for Welfare, Eastern Cape Provincial Govt 2004(2) SA 611 (SCA); Fakie NO v CCII Systems (Pty)Ltd 2006(4) SA 326 (SCA); Kate v MEC, Dept of Welfare Eastern Cape 2005(1) SA 141 (SE) is enkele, gerapporteerde voorbeelde.

[65] SABC 2 Nuusbulletin, Donderdag 9 September 2010.

(b) redelikerwys vertolk kan word as dat die bedoeling met die publikasie of kommunikasie is om seer te maak, skade of nadeel te veroorsaak of haat te bevorder of te propageer.

Die woorde moet op ras, geslag of enige van die ander tradisionele gronde waarop diskriminasie kan geskied, gebaseer wees, alternatiewelik enigiets wat as grond vir diskriminasie kan dien en tot voortgesette benadeeldheid, ondermyning van menslike waardigheid en die ernstige ondermyning van regte en vryhede kan lei. Bona fide artistieke kreatiwiteit, akademiese en wetenskaplike ondersoek en billike, akkurate beriggewing in die openbare belang en enige ander optrede in ooreenstemming met artikel 16 van die Grondwet, word nie deur hierdie verbod getref nie.[66]

Artikel 11 verbied teistering wat onder meer met die slagoffer se ras, geslag of seksuele oriëntasie verband hou.

Artikel 12 verbied die verspreiding van inligting wat redelikerwys vatbaar is vir 'n interpretasie dat die duidelike oogmerk daarmee onbillike diskriminasie teen 'n bepaalde teikenpersoon of –groep is. Bogenoemde uitsluitings is ook hier van toepassing.

Die parlement het dit goed gedink om aan haatspraak 'n letterlike betekenis te gee deur dit tot "woorde" te beperk. Spotprente, handgebare en embleme is hiervan uitgesluit, so ook optrede soos die simboliese verbranding van geskrifte, vlae en beeltnisse ("effigies"). Laasgenoemde vorms van protes kan besonder kwetsend en uitlokkend wees, en die engheid van die verbieding is derhalwe onverstaanbaar.

Die bepaling oor teistering vereis wel die meer inklusiewe optrede ("conduct"), en artikel 12 se "inligting" het 'n gevestigde, wye betekenis.

Artikel 10 hou belangrike gevolge vir die satirikus in. Kritiek op nepotisme, korrupsie en sogenaamde "tenderpreneurskap" is in die onlangse verlede begroet met die verweer dat sommige mense maar net nie wil aanvaar dat Swart besigheidslui suksesvol is nie. Indien 'n satirikus weens 'n gespot met kitsrykdomme en Swart bemagtiging van rasgebaseerde haatspraak aangekla word, sal 'n redelikheidsmaatstaf die

---

[66] Die gronde word in artikel 12 genoem.

deurslag gee: kan die bedoeling met die satire *redelikerwys* vertolk word as 'n oogmerk om te kwets, skade of nadeel te veroorsaak of haat te propageer? Die satirikus sal hom of haar met verwysing na bogenoemde uitsluitingsgronde kan verweer deur aan te voer dat die satire bona fide kunsbeoefening is, en nie misbruik word om die teikenfiguur te na te kom nie.

Sodra satire in die hof onder skoot kom sal twee faktore vir die satirikus, die kunste en vryheid van spraak in die algemeen as hoekstene of reddingstoue moet dien: die geldigheid van die maatstaf waarmee gemeet word en die regverdigheid en onkreukbare onafhanklikheid van die regspreker wat met die meting belas is.

Artikel 7 van die Grondwet beskryf die handves van regte as "'n hoeksteen van die demokrasie" in die land, en artikel 36 stel dit duidelik dat die inkorting van handvesregte in beperkte omstandighede toelaatbaar sal wees.

Die wese van demokrasie en vryheid van spraak is dat die ware demokraat bereid sal wees om die reg van iemand anders om van hom te verskil met eie bloed te beskerm. Satirici leef gevaarlik. Blote gerugte oor 'n openbare figuur se drink- en slaapgewoontes kry byvoorbeeld maklik gestalte in 'n spotprent of hekelberig. Selfs in hierdie omstandighede moet die regspreker ware satire en humor as nasionale bates beskou, en aan die volgende erkenning gee: die reg en geneigdheid van mense om te verskil, die waarde van goeie debat, die feit dat 'n groot salaris uit die staatskas nie net glans nie, maar ook geïmpliseerde risiko's inhou, en kunstenaars se dwarskykery en ingebore oneerbiedigheid.

Die uitspraak in die saak van *Sonke Gender Justice Network v Malema*[67] handel nie oor satire nie, maar is een van min gerapporteerde voorbeelde van hoe ons howe die kwessie van haatspraak benader. 'n Geruime tyd na die afhandeling van die verkragtingsaak teen mnr Zuma het die leier van die ANC Jeugliga by 'n openbare vergadering vrae beantwoord oor eersgenoemde se geskiktheid as presidentskandidaat. Malema het gesê:

---

[67] 2010(7) BCLR 729 (EqC)

> "When a woman didn't enjoy it, she leaves early in the morning. Those who had a nice time will wait until the sun comes out, requests breakfast and taxi money. In the morning that lady requested breakfast and taxi money. You don't ask for taxi money from somebody who raped you."

Die hof het bevind dat die uitlating 'n verwringing van die bewese feite in die Zuma-strafsaak is en op haatspraak neerkom. Dit dui op 'n veralgemenende verkragtingsmite eie aan dominerende mans wat glo dat hulle weet wat verkragting is en wat nie. Dit bevestig die minderwaardige rol van vroue in die gemeenskap.

Die hof het vervolgens bogenoemde regverdigingsgronde wat in artikel 12 genoem word, in ag geneem en bevind dat die uitlating nie op billike kommentaar neerkom nie en perke van redelikheid oorskry.

Die hofuitspraak handel nie oor satire nie, maar is van besondere betekenis vir die satirikus aangesien dit 'n aanduiding gee van hoe die howe artikel 10, saamgelees met artikel 12, gaan uitlê. Uiteindelik gaan dit oor die regverdigingsgronde in artikel 12 en die redelikheid van die satirikus se optrede.

Die satirikus is by uitstek iemand wat feite verwring, maar anders as die respondent in bogenoemde saak, doen hy of sy dit juis om by 'n groter waarheid uit te kom. Sou satire ooit in Suid-Afrika die onderwerp van 'n haatspraaksaak in die gelykheidshof wees, sal dit gaan oor die vraag of die gewraakte publikasie bona fide kuns daarstel. Is die satirikus se optrede, gegewe die aard en doel van die kunsvorm en alle tersaaklike faktore, redelik en billik? Soos hierbo gesê, sal die gelykheidshof, ten einde hieroor uitspraak te kan lewer, 'n goeie begrip van en waardering vir die ongemaklike dog noodsaaklike rol van satire moet hê.

Beheer oor publikasies en rolprente word uitgeoefen deur die Raad vir Rolprente en Publikasies wat ingevolge Wet 65 van 1996 aangestel word. Alvorens 'n rolprent versprei mag word, beoordeel die Raad dit met die oog op 'n sertifikaat van uitreiking. Publikasies word anders hanteer deurdat dit eers na ontvangs van 'n klagte onder die loep geneem word.[68]

---

[68] In *The Literature Police: Apartheid Censorship and its cultural consequences* (Oxford University Press 2009) beskryf Peter D McDonald die omvangryke wyse die houvas van ideologiese sensuur in die vorige bedeling.

Die raad kan ten opsigte van rolprente of publikasies 'n absolute verbod uitvaardig, verspreidingsvoorwaardes vasstel of ouderdoms-beperkings bepaal.

Die uitbeelding van onder meer kinderpornografie is geheel en al verbode. In 'n mate geld dieselfde haatspraak, aanstigting van geweld en oorlogspropaganda. Anders as kinderpornografie geld laasgenoemde verbiedinge nie bona fide kuns-, wetenskaplike-, literêre- en godsdienstige-rolprente of publikasies nie.

Die raad wat die beoordeling doen is verteenwoordigend van aard, en daar is ook 'n hersieningsraad wat as 'n interne appèlliggaam dien. 'n Beswaarde persoon, filmverspreider of uitgewer sal ook die hof kan nader – gewoonlik nadat genoemde interne remedies uitgeput is.

Die optrede van die raad is geskoei op vryheid van keuse, wat hemelsbreed verskil van die bedeling wat veral gedurende die sewentigerjare en vroeër in Suid-Afrika gegeld het.

Een van die bekendste gevalle van sensurering van 'n satiriese werk is die verbod op Etienne Leroux se *Magersfontein, o Magersfontein!*

Die verbod op die boek en die gebeure daarna bevat tragiese en heroïese elemente, en getuig ook van die komiese en absurde. Hierdie sekondêre verhaal kon netsowel deur Leroux geskryf gewees het.

*Magersfontein!* het in November 1976 verskyn. In Maart die volgende jaar is aangekondig dat dit met die CNA-prys bekroon word. Te midde van gunstige literêre kritiek was teenstand aan die opbou. Die kwelgroep Aksie Morele Standaarde het 'n veldtog teen die boek geloods, en 'n klagte is by die destydse Direktoraat vir Publikasies aanhangig gemaak. In die aanloop tot die algemene verkiesing in Oktober 1977 het mevrou Lena van Wyk, eggenote van 'n lid van die provinsiale raad, probeer om die Vrystaatse biblioteekdiens te oortuig om die boek uit hulle biblioteke te verban. 'n Vermoedelik oorblufte direkteur van biblioteekdienste het haar meegedeel dat dit nie kon gebeur tensy die sensorraad die boek verbied nie. In reaksie op hierdie wenk het mevrou Van Wyk tydens 'n openbare vergadering 'n vraag hieroor aan dr Connie Mulder gestel, wat die toehoorders meegedeel het dat hoewel 'n komitee van die publikasieraad die boek as gewens

bevind het, hy as die verantwoordelike minister dit pas vir heroorweging terugverwys het.

Skrywers en uitgewers was destyds in 'n knyptang: by beoordeling van klagtes van Jan en Lena Alleman het die sensuur-owerhede die waarskynlike leser genegeer[69] en letterkundige oorwegings tweede viool of hoogstens 'n beperkte rol laat speel. Daardeur durf nie gesê word dat beswaardes soos mevrou Van Wyk nie letterkundig onderlê was nie. In 'n Huisgenoot-onderhoud met skrywer Chris Barnard verklaar sy:[70]

> "Ja, dis amper moeilik om te sê. Ek weet nie waarop klassifiseer hulle 'n letterkundige boek nie. M.E.R. is 'n letterkundige boek. Dit het nie spesifiek 'n romantiese verhaal nie. Letterkundige boeke as 'n reël het nie 'n spesifieke verhaal nie. Want waaroor is 'n roman eintlik? Dis gewoonlik 'n doktersverhaal, dis 'n arm kind wat uitstyg – sy studeer mannekyn of iets; dis maar almal dieselfde trant, basies, min of meer. 'n Letterkundige boek, weer, is meer in 'n Afrikaanse trant geskryf, daar word van groter taal gebruik gemaak, amper 'n hoër taal as jou algemene roman. Nee, jy't my nou rêrig in 'n hoek."

As gevolg van dr Mulder se terugverwysing het die appèlraad op publikasies onder voorsitterskap van oud-regter Lammie Snyman die boek oorweeg en bevind dat dit ongewens was.[71]

*Beeld* het by wyse van hoofartikel gereageer:

> "Wanneer 'n briljante roman deur waarskynlik ons grootste skrywer – 'n satire waarvan die literêre verdienste hoegenaamd nie in twyfel getrek is en word nie – summier verbied word, het ons 'n sensuur-stelsel 'n monster geword; 'n bedreiging vir die skeppende kunstenaar, ons intellektuele lewe én vir die Afrikaanse taal."

Midde in die verbod op *Magersfontein!* was daar 'n botsing tussen twee benaderings: een groep het die boek gefynkam en 'n lys van aanstootlike, "vuil" en godslasterlike woorde saamgestel; die teenkant het aangevoer dat hierdie woorde in konteks en aan die hand van die karakters wat hulle besig, beoordeel moes word. Teenstanders van die verbod het op die boek se satiriese aard gewys, asook die funksionaliteit van die

---

[69] Die mediaan-leser se oordeel was deurslaggewend, hoewel 'n libertynse toepassing van hierdie voorskrif die waarskynlike leser by die agterdeur sou kon inlaat.
[70] Aangehaal in Kannemeyer 582.
[71] Kannemeyer 582-585.

taalgebruik. Dit word gebesig deur karakters in 'n moderne samelewing wat teen die agtergrond van 'n heroïese verlede geweeg en te lig bevind word.

Human & Rousseau het die hooggeregshof in Pretoria genader om die appèlraad se verbod op hersiening te neem. In Junie 1978 bevind die hof by monde van regter Myburgh dat die raad fouteer het deur die waarskynlike leser as irrelevant te beskou, maar regtens korrek opgetree het deur die gevoeligheid van lede van die Christelike lede van die bevolking vir die ydellike gebruik van die Here se naam in ag te neem. Die verbod is gevolglik gehandhaaf.[72]

Op 27 April 1979 verkry die sage 'n ironiese kinkel deurdat die Suid-Afrikaanse Akademie ten spyte van die verbod bekend maak dat Leroux die Hertzogprys vir *Magersfontein!* gaan ontvang.

Na die toekenning lê die uitgewer die boek weer aan die publikasie-raad voor en 'n komitee beslis dat die verbod gehandhaaf moet word. Die appèlraad (hierdie keer onder voorsitterskap van professor Kobus van Rooyen) het op 7 Maart 1980 die verbod ter syde gestel. Die *hoe* sou voortaan swaarder weeg as die *wat*, aanstootlike taalgebruik in konteks beoordeel word en besware deur oorgevoelige lede van die publiek die mindere gewig dra wat dit verdien.

Die *Magersfontein*-sage is weliswaar van letterkundig-historiese belang, maar die strydpunte daarin vervat kan weer relevant word sodra politiekgedrewe owerheidsbeheer oor publikasies beslag kry.

Die openbare media pas tans self-polisiëring toe deurdat klagtes oor uitsendings en publikasies deur onderskeidelik die Uitsaai Klagtekommissie en die Persombudsman in oënskou geneem word. Hoewel die howe se jurisdiksie nie uitgesluit is nie, moet genoemde interne remedies gewoonlik eers uitgeput word.

---

[72] Human & Rousseau Uitgewers v Snyman NO 1978(3) SA 836 (T). In die loop van die saak het die appèlraad 'n eedsverklaring geliasseer wat die volgende sin bevat: "Alhoewel die Appèlraad se siening dat hy by die beoordeling en peiling van die gemeenskaps-opvatting van die openbare sedes nie die waarskynlike leser as maatstaf mag neem nie, by herhaling in vorige beslissings ter boek gestel is (sien veral sy beslissings 6 en 10/75), alle beslissings van die Appèlraad vir die publiek ter insae beskikbaar is (art 36(7) van die Wet) en aan die regsverteenwoordigers van die applikant bekend, is die korrektheid daarvan nie deur die applikant in sy vertoë of deur sy regsverteenwoordigers in sy betoog voor die Appèlraad in geskil geplaas nie." Sulke sinne behoort verbied te word.

In *Human Rights Commission of SA v SABC*[73] het die Menseregte-kommissie kapsie gemaak teen die uitsending van 'n Zoeloe-lied van liedskrywer Mbongeni Ngema oor Ukhozi FM 'n radiostasie in Kwazulu-Natal. Die lied doen 'n beroep op "virulent men" en vestig hulle aandag daarop dat Zoeloes deur Indiërs ontheem en as "slawe" aangewend word. Geen Zoeloe emigreer na Indië nie, maar die omgekeerde gebeur in groot getalle. Zoeloes koop van die Indiërs, maar laasgenoemde stel geensins daarin belang om Swart skole te help bou nie. Hulle hou ook nie daarvan dat Swartes hulle eie winkels besit nie.

Na oorweging van die feite en regsgesag beslis die kommissie dat die uitsending 'n oortreding van die haatspraak-klousule in die uitsaaikode daarstel. Volgens die kommissie veralgemeen die liedskrywer en gebruik in dié proses ras as 'n bepalende faktor. Die kommissie maak die interessante opmerking dat die manier waarop die gewraakte woorde oorgedra is, ook in ag geneem moet word. Al is woorde satiries van aard (en derhalwe legitiem), kan dit op die wieke van sang en meesleurende ritme opstook en aanstig.[74]

In *Islamic Unity Convention v Independent Broadcasting Authority AO*[75] het die grondwetlike hof beslis dat 'n bepaling in die uitsaaiwese se gedragskode dat uitsendings wat waarskynlik verhoudinge tussen dele van die bevolking mag benadeel, ongrondwetlik is. Die kode bevat reeds die ander gebruiklike beperkings op publikasie soos dié op haatspraak, gevolglik moet enige bykomstigheid streng beoordeel word.

Nog 'n voorbeeld van 'n beweerde oortreding van die uitsaai-gedragskode het in *Van Loggerenberg ao v 94.7 Highveld Stereo*[76] ter sprake gekom. Die omroeper Jeremy Mansfield het tydens uitsending 'n grap vertel wat tot 'n klag van godslastering en haatspraak deur Christen-beswaardes aanleiding gegee het. In 'n meerderheidsuitpraak het die tribunaal gemeld dat die grap in swak smaak was, maar nie godslasterlik is of godsdiens-gebaseerde haat aanstig nie. Die tribunaal het onder meer die

[73] 2003(1) BCLR 92 (BCCSA).
[74] 105C-D.
[75] 2002(5) BCLR 433 (CC).
[76] 2004(5) BCLR 561 (BCT).

waarskynlike luisteraar in aanmerking geneem, naamlik dat die program bekend is vir satire en parodie, en op 'n gesofistikeerde luistermark gerig is.

In *Laugh it Off CC v SAB (Finance) BV t/a SABMARK International*[77] het die grondwethof uitspraak gegee in 'n geskil waarin die een party se gebruik van parodie as handelsfoefie en sosiale kommentaar teen die ander se reg op die beskerming van sy handelsmerk opgeweeg is.

Die T-hempmaatskappy is bekend vir die satiriese uitbuiting van verskeie bekende handelsmerke. In die onderhawige geval is die bekende Black Label-logo onder meer tot "Black Labour" vervorm, en "Carling Beer" en "America's lusty, lively beer" deur onderskeidelik "White Guilt" en "Africa's lusty, lively exploitation since 1652" vervang. Die skyn-handelsmerk is in die bekende oorwegend swart en rooi kleure op 'n rooi T-hemp afgedruk.

Die Kaapse hoë hof het 'n interdik teen die verspreiding van die hemde toegestaan, welke verbod deur die appèlhof gehandhaaf is.

Die tweestryd is hierna in die grondwethof voortgesit, waar SA Brouery hulle op artikel 34 van die Wet op Handelsmerke, 1993 beroep het, en Laugh it Off op die reg op uitdrukking (insluitend parodie). Die grondwet-hof het aanvaar dat die biermaatskappy heelwat geld spandeer het om die betrokke handelsmerk op te bou, maar daarop gewys dat hierdie nie die gewone geval van aanklamping of "dilution" was nie. Laugh it Off het openlik die spot gedryf, en nie probeer om kopers te flous deur hulle onder die indruk te bring dat die T-hemp inderwaarheid 'n SAB-produk was nie. Die hof het bevind dat genoemde artikel 34 wel grondwetlik was, maar ook ooreenkomstig grondwetlike waardes soos dié rakende vryheid van uitdrukking uitgelê moes word. Die bepaling se handelsmerkbeskerming moes dus tot wesenlike ekonomiese nadeel beperk word, en nie bloot ongemak of ontevredenheid oor "steurende optrede" soos in die onderhawige geval nie. Die verbod op verspreiding is gevolglik opgehef.

Die geskrewe uitsprake van regters Moseneke en Sachs bied 'n goeie voorbeeld van geldige horisontale toepassing van grondwetlike beginsels, en vorm 'n grensverskuiwende baken vir die wyse waarop

---
[77] 2005(8) BCLR 743 (CC).

toekomstige regsgeskille van velerlei aard benader behoort te word – dat hoewel die legitimiteit van bepaalde regte nie misken word nie, sekere fundamentele grondwetlike regte as uitgangspunt geld. Aan die begin van sy uitspraak stel regter Sachs trouens die kernvraag op pittige wyse:

> "Does the law have a sense of humour? This question is raised whenever the irresistable force of free expression, in the form of parody, meets the immovable object of property rights."[78]

Die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie beskik oor wetlike magte om beweerde menseregteskendings te ondersoek en daaroor verslag te doen. Die kommissie het vroeër ondersoeke na beweerde haatspraak onderneem – 'n rol wat nou grotendeels deur die gelykheidshowe vervul word. Tydens die begrafnis van die ANC-leier Peter Mokaba in 2002 het volgelinge die bekende "Kill the farmer, kill the boer"-lied gesing – 'n lied wat volgens berigte in die negentigerjare dikwels deur Mokaba in die openbaar gesing is. 'n Komitee van die kommissie het aanvanklik bevind dat die lied nie haatspraak daarstel nie, maar hierdie bevinding is na die klaers se interne appèl deur die kommissie tot haatspraak verklaar.[79]

Nog 'n vorm van beheer oor satiriese kunsuitings is dié van die gesagsliggaam vir reklamestandaarde. Die hoendereetplek Nando's is telkens in die nuus met spitsvondige advertensies. Ten tyde van vanjaar se wêreldbekersokkertoernooi is advertensies waarin onder meer met poligamie gespot is, uitgesaai. 'n Beswaar dat dit vroue verkleineer, is deur die gesagsliggaam van die hand gewys.[80]

Die regering is tans besig om te midde van hewige en groeiende binnelandse en buitelandse protes voorbrand te maak vir die skepping van 'n media-tribunaal wat die huidige self-polisiëring deur die media sal vervang. Die regering bevind hom toenemend in genadelose media-spervuur vanweë vermeende korrupsie, nepotisme en ander vergrype. Irritasie met die "white owned" media het onlangs daartoe gelei dat senior

---

[78] 174A-B.
[79] Die ANC-jeugleier Julius Malema is onlangs by die polisie verkla omdat hy 'n soortgelyke lied gesing het. Die kommissie het vroeër vanjaar bevind dat die sogenaamde "rape of justice"-spotprent van Zapiro wat op president Zuma gemik was, nie haatspraak daarstel nie.
[80] *Beeld* 15 Julie 2010.

lede van die regerende party parlementêre mediaverteenwoordigers met die tribunaal gedreig het.[81] Terselfdertyd dien die Protection of Information Bill (B6-2010) voor die parlement – 'n wetsontwerp wat nie as sodanig vir die satirikus van belang is nie, maar tog opvallende ooreenkomste toon met wetgewing uit die P W Botha-era. In daardie opsig is die beoogde wetgewing wel van belang vir satirici en ander skerp waarnemers.

Indien bogenoemde beoogde maatreëls werklikheid word, sal die geldigheid daarvan gewis deur die grondwethof getoets word.

Waar die satirikus voorheen met sensuur rekenskap moes hou, behels die huidige bedeling die risiko inhou dat satire as haatspraak beskou kan word. Die vorige sensuurbedeling het deur pynlike evolusie ‘n meer verligte situasie bereik waar faktore soos konteks en waarskynlike leser die deurslag sou gee. Hierteenoor dui die huidige bewoording van die statutêre haatspraakverbod en die howe se benadering van meet af aan op die erkenning van vrye meningsuiting. Regeringsingryping kan egter hierdie gunstige situasie belemmer.

Openbare reaksie op ‘n satiriese kunsuiting kan 'n owerheid voor ‘n dilemma plaas deurdat tussen beginselvaste beskerming van spraakvryheid en die meer opportunistiese opsie van openbare paaiery gekies moet word. As bewakers van die Grondwet behoort die howe eersgenoemde benadering te volg.

‘n Verdere dilemma is dat satiriese kommentaar wat op ‘n klein gehoor gemik is, baie gou tot veel wyer kennisname en openbare ontsteltenis kan lei, veral in gevalle waar godsdiensoortuigings ter sprake is. ‘n Geregshof behoort in sodanige gevalle ‘n koelkopbenadering te volg deur die aanvanklike publikasie in konteks van bedoeling en omstandighede te beoordeel.

Satirici behoort ‘n versigtige benadering ten opsigte van godsdiens te volg. Godsdiensgroepe oefen egter groot invloed in gemeenskappe uit, en faktore soos onverdraagsaamheid en huigelary lei noodwendig tot satiriese kommentaar. ‘n Moontlike riglyn vir regsbeoordeling is dat die satirikus ‘n onderskeid behoort te tref tussen godheid en die wyse van godsdiens-

---

[81] Aldus deelnemers aan die RSG-program *Kommentaar*, Sondag 19 September 2010.

beoefening. Eersgenoemde is afgesperde gebied, maar laasgenoemde is vatbaar vir satiriese kommentaar. Die satirikus kan in toepaslike gevalle juis die betrokke leerstellings as spieël gebruik vir die beoordeling van teikenfigure se gedrag.

Die volgende skets van Zapiro dien as voorbeeld van grafiese, satiriese kommentaar op die optrede van sekere volgelinge in godsdiensverband:



# HOOFSTUK 5: SAMEVATTING

Die primêre navorsingsvraag in hierdie studie gaan oor die wesensaard van satire en die waarde daarvan in verdraagsame en minder verdraagsame gemeenskappe.

Satire is 'n intelligente en kunstige bespotting van 'n teikenfiguur (regs- of natuurlike persoon) se swakhede en tekortkominge met 'n uiteindelike oogmerk van regstelling of verbetering. By die beoordeling van satire moet beide oogmerke en die mate waarin die satirikus dit bereik, in aanmerking geneem word.

In verdraagsame gemeenskappe waar vryheid van spraak erken word, is die satiriese kommentaar dikwels baie skerp van aard – nie bloot omdat die satirikus groter spraakvryheid geniet nie, maar ook omrede die kompetisie wat heelwat “agtergrondsgeluide” in die massamedia en handelswêreld. Reaksie wat die satirikus van sy of haar teikenfiguur ontlok kan die aanvanklike kommentaar bevestig en/of tot verdere satire lei. Vanweë die openbare aard van hierdie skermutseling stimuleer dit mettertyd die openbare mening. Dit dien as bewys van die waarde van satire.

In minder verdraagsame omgewings kan satire as uitlaatklep dien en die voorkoms van gekodeerde of openlike protes aanneem.

Streng sensuurmaatreëls kan die satirikus daartoe beweeg om op so 'n slim wyse te spot dat 'n ingeligte, waarderende gehoor weet waarvan daar gepraat word. Dit kom bykans neer op die oorlogtydse rol van 'n verkenner wat vir 'n ondermynende dog heroïese doel, gekodeerde boodskappe onder die neus van die vyand uitsmokkel. Dalk minder gelukkig maar gewis ewe heroïes is die rol van die satirikus wat desondanks hardhandige owerheidsteenoptrede volhard. Sodoende word die gewraakte kunsbeoefening 'n vorm van lydelike verset.

Die satirikus is nie 'n nihilis nie, en die kuns van satire is nie tot die onmiddellikheid van venynige spot beperk nie. Die satirikus is nie alleenlik 'n berekende, slim (selfs geslepe) kunstenaar nie, maar by uitstek ook moralis. Nogtans sal die satirikus daarop bedag wees dat die morele boodskap nie die spottende, vermaaklike wyse waarop dit oorgedra word, doodsmoor nie.

Die satirikus se spot kan wreed, kru en genadeloos wees, maar ook van fyn humor getuig. Dit sou verkeerd wees om goeie satire tot eersgenoemde kategorie te beperk.

Een van die belangrikste rolle van satire is dat dit as handige middel dien om die stand van verdraagsaamheid in 'n bepaalde samelewing te beoordeel. Beide die inhoud van die satire asook die reaksie daarop sal hier van besondere belang wees.

Ook van groot belang is situasies waar 'n bepaalde groep in 'n gemeenskap op wanordelike en selfs gewelddadige wyse op die satiriese kunsuiting reageer, of dreig om dit te doen. Dit is dan belangrik om te bepaal watter weg die owerheid se uitvoerende- of regsvertakking gaan volg: die maklike uitweg deur die satirikus aan bande te lê, of die beginselvaste opsie om, ten spyte van groot teenkanting en ongerief, die satirikus se spraakvryheid te erken en te beskerm.

Politieke leiers en ander openbare figure, owerhede en groot besighede sal hulle dikwels in die satirkus se visier bevind. Die rede hiervoor is voor die hand liggend: sodanige teikenfigure beskik oor mag en invloed wat hulle veronderstel is om in die ware openbare belang uit te oefen. Die satirikus moniteer hierdie magsuitoefening, en sien gewoonlik hoe eie belang ewe vroom en op manipulerende wyse tot openbare belang vervorm word. Enersyds vervul dit die satirikus as *moralis* met afkeer sowel as 'n pligsbesef dat uitwysing en regstelling moet geskied. Andersyds verskaf hierdie waarnemings die satirikus as *kunstenaar* groot vreugde, want gewoonlik bied die goedgeskrewe draaiboek, goeie rolverdeling en veral die swak toneelspel, uitstekende stof vir satire.

Die satirikus se teikenfigure is nie altyd magshebbers of –misbruikers nie. Satire gaan by uitstek oor 'n gespot met menslike swakhede en tekortkominge om uiteindelik regstelling of verbetering te bewerkstellig. Kleinburgerlikheid, vervolgingswaan en 'n slagoffermentaliteit is voorbeelde van swakhede wat by wyse van satire aan die kaak gestel behoort te word. Laasgenoemde swakheid stel die burgery oop vir manipulasie deur magshebbers, en dit is dus belangrik om dit aan te spreek.

Hoewel satire van humor te onderskei is, bestaan daar besondere raakpunte tussen die twee verskynsels. Humor, die sogenaamde lag met 'n

traan, behels nie satiriese bespotting nie, en ook nie noodwendig die uiteindelike oogmerk van regstelling of verbetering ten aansien van geteikende menslike swakhede en tekortkominge nie.

Beide humor sowel as satire is sosiale kommentaar, maar dié van die satirikus is veel skerper.

Suid-Afrika beskik oor toereikende wetgewing en selfregulerende strukture om geskille rondom vryheid van spraak en vermeende oortredings deur die media te reguleer. Die regering se dreigemente om by wyse van beoogde nuwe wetgewing die situasie "beter" te reguleer, is betekenisvol, en die hewige reaksie geregverdig. Die grondwetlikheid van die uiteindelike wetgewing sal gewis in die sobere atmosfeer van 'n geregshof getoets word, maar intussen is dit goed dat die openbare debat voortduur. Die reg op vrye uitdrukking of vryheid van spraak is en bly die ware hoeksteen van ons jong demokrasie.

## BRONNELYS

ACKERMANN M.F. 2008. *Grootraad Makedaan en die Bobbejaantrop van Donkerberg*. Pretoria: Protea Boekhuis.
ACKERMANN M.F. 2009. *Raadslid Hamersma se voorvinger wys Wes*. Pretoria: Protea Boekhuis.
ACKERMANN M.F. en BRITZ J. 2006. *Information, Ethics & the Law.* Pretoria: Van Schaik.
ARMINGEAT J. (Datum onbekend). *Daumier LIBERATED WOMEN Bluestockings and Socialists.* Londen: Alpine Fine Arts Collection (UK) Ltd.
AUCAMP H. 1977. *Die Lewe is 'n Grenshotel: ryme vir pop en kabaret.* Kaapstad: Tafelberg.
BAUER D. 1989. *South African Flambé and other recipes for disaster.* Kaapstad: David Philp Publishers.
BIEGEL P. 1972. *Reinaart de Vos: een eigentijdse bewerking.* Haarlem: Holland.
BRINK A.P. 2010. *Die geskiedenis van Oom Kootjie Emmer van Witgatworteldraai.* Vyfde uitgawe, Kaapstad: Human & Rousseau. (Verfilm as *Kootjie Emmer* onder regie van Koos Roets en in 2010 uitgereik op DVD deur NuMetro).
BRINK A.P. 2000. *Groot Verseboek 2000.* Kaapstad: Tafelberg.
BURNS Y. 2001. *Communications Law*. Durban: Butterworths.
CLOETE T.T. 1992. *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: Haum Literêr.
CUDDON J.A. 1979. *A Dictionary of Literary Terms*. London: Andre Deutsch.
DANZIGER C. 1977. *Suid-Afrikaanse Geskiedenis 1910-'70 Spotprente.* Kaapstad: Oxford University Press.
DE WAAL J., CURRIE I., ERASMUS G. 2001. *The Bill of Rights Handbook* Kaapstad: Juta.
DU PLESSIS P.G. 1971. *Siener in die Suburbs.* Kaapstad: Tafelberg.
GOMBRICH E.H. 1972. *The Story of Art*. Londen: Phaidon Press.
GOOLAM N. M.I. 2006. The cartoon controversy: a note on freedom of expression, hate speech and blasphemy. *Comparative and international law journal of Southern Africa* 39(1).
GROVÉ A. P. 1964. *Letterkundige Sakwoordeboek vir Afrikaans.* Kaapstad: Nasou.
HAARHOFF P.C. *Hoe groen was die dakke van Arkadië* opgeneem in SCHOLTZ M. (samest.) 1991. *Vertellers 2.* Kaapstad: Tafelberg/Human & Rousseau.
HUGO D. (samesteller) 1988. *Speelse Verse.* Kaapstad: Tafelberg.
JACOBS J F. 1990. Die ridder word 'n mugu. *Tydskrif vir Letterkunde* 28(4).
JACOBS J.F. 1993. Die karikatuur in die romankuns van Etienne le Roux. *D.Litt-verhandeling, Universiteit van Pretoria.*
KANNEMEYER J.C. 2008. *Leroux: 'n Lewe.* Pretoria: Protea Boekhuis.
KROG A. 2008. Ongepubliseerde openingsrede by bekendstelling van Zapiro (Jonathan Shapiro) se *The Mandela Files* Kaapstad, 27 November 2008.

LEROUX ETIENNE. 1976. *Magersfontein, O Magersfontein!* Kaapstad: Human & Rousseau
LITNET.
McDONALD PETER D. 2009. *The Literature Police – Apartheid censorship and its cultural consequences*. Oxford University Press.
MEDIA OMBUDSMAN: bevindinge soos gepubliseer op die webwerf van die Suid-Afrikaanse Persraad www.presscouncil.org.za.
MILO D. 2006. Zuma vs Zapiro et al - satire and the law of defamation: media law. *Without Prejudice: South Africa's corporate legal magazine* 6(7).
MUHLBERG H. 2005. Humour – the elixir of constitutional law: intellectual property. *Without Prejudice* 15(6).
NEETHLING P. 1989. *Die Hemel het 'n Agterdeur.* Kaapstad: Tafelberg.
NUUSBERIGTE: Beeld, Mail & Guardian, RSG, SABC 2.
ORWELL G. 1989. *Animal Farm.* Verenigde Koninkryk: Penguin Books Ltd.
PISSARRA M. 1991. Critisism and censorship in the South African “alternative” press with particular reference to the cartoons of Bauer and Zapiro. *B.A. Honneurs-dissertasie, Departement Kunsgeskiedenis, Universiteit van Kaapstad*.
PRETORIUS W. 2004. *Kerkorrel* Kaapstad: Tafelberg.
S.A. MENSEREGTEKOMMISSIE: verslae en bevindinge insake beweerde haatspraak.
SENEKAL J.H. 1981. *Skrywers in Woord en Beeld: P.G. du Plessis.* Johannesburg: Perskor.
SUID-AFRIKAANSE HOFVERSLAE:
Buren Uitgewers v Raad van Beheer oor Publikasies 1975(1) SA 379 (KPA) (i.s. verbod op *Kennis van die Aand*);
Human & Rousseau Uitgewers v Snyman NO 1978(3) SA 836 (TPA) (i.s. verbod op *Magersfontein, O Magersfontein!*);
Laugh it Off Promotions CC v SAB International 2005(8) BCLR 743 (CC) (die kulminasie van die hofstryd oor die sg. *"Black Labour/White Guilt"*-T-hemp);
ander toepaslike Suid-Afrikaanse hofuitsprake.
THAMM M. SA “nie gereed vir satire” nie? SÊ WIE? *Bravo!* Lente 2009.
UYS P-D. 2005. *Between the devil and the deep : a memoir of acting and reacting.* Kaapstad: Zebra Press.
VAN GORP H. e.a.1986. *Lexicon van Literaire Termen*. Leuven: Wolters.
VAN ROOYEN J.C.W. 1987. *Censorship in South Africa.* Kaapstad: Juta.
VAN WYK C. 2003. The constitutional treatment of hate speech in South Africa. SA *Public Law* 18(1).
VENTER I.S. 1973. Satire en verskyningsvorme daarvan in die verhaalkuns van C J Langenhoven en Etienne Leroux. *MA-verhandeling, PU vir CHO.*
WALTERS M.M. *“Skeepsverslag: Titanic”* opgeneem in BRINK A.P. (samest.) 2000. *Groot Verseboek 2000* Kaapstad: Tafelberg.
ZANEWS-DVD (Both Worlds Production), ZANEWS.CO.ZA.
ZAPIRO. 1997. *The Hole Truth.* Kaapstad: David Philip Publishers.
ZAPIRO. 2008. *Pirates of Polokwane.* Johannesburg: Jacana.

# KREATIEWE SKRYFWERK:

# PORTRETJIE EN ANDER VERHALE

# PORTRETJIE

Hulle aankoms is vol klank en kleur, heeltemal uit pas met die vaal voorstedelikheid van ons buurt. Die woonplek staan al lank leeg, en ten einde raad het die eienaar besluit om maar te verhuur.

Dis Saterdagoggend, en ek is in die tuin besig. 'n Rokerige lorrietjie het pas die buurhuis se oprit binnegevaar – 'n oorbelaaide slagskip met stoel- en tafelpote wat soos kanonlope alkante toe wys. Die res van die huisraad volg in 'n selfgemaakte treiler, en 'n brullende, pers motortjie vorm die agterhoede. Die vragmotor het 'n naam, sien ek. In sierletters tussen die Manny's Motor Spares-plakker en die uitlaatpyp: Ruiter van die Windjie. Bles se song.

Mevrou seil ruglangs uit die vragmotor se passasiersitplek totdat sy vastigheid onder haar polvye voel. Oë op skrefies, sigaret tussen twee reguit vingers, poedel onder die arm. One small step for man, one giant leap for neighbourly peace. Ek wuif goeie môre, maar sy beduie iets van nee, nie nou nie, later. Die res van die gesin tree sommer dadelik aan vir die afpakkery: Pa, ouboet, middelkind ('n seun) en 'n opgeskote dogter.

Na 'n paar weke neem die familieportret gaandeweg vorm aan, al lyk en klink dit na 'n gesinnetjie wat kwalik binne 'n kiekie pas, om van 'n raam nie eens te praat nie.

Voorste ry: Ma en matriarg, hare rooi en opstandig, ewe vroom met die poedel liefderyk op haar skoot. 'n Kettingrokende tuisteskepper met 'n besondere voorliefde vir Sewende Laan – 'n kykerskeuse wat sy elke aand in volsterkte audio aan die buurt opdwing. Smiddae bel sy vir Niekie van den Berg, maar met elke deurkomslag is die oomblik te groot, en al wat gans Suid-Afrika hoor is 'n asmatiese gehyg met 'n ligte spoor van nikotien. Minute later kla sy by my vrou, sommer so oor die tuinmuur: "Daai Niekie is ôk maar lekker ongeskik. Gooi elke keer die foon in my oor neer."

Die foto: Pa sit suutjies-suutjies langs Ma. 'n Klein bleskopmannetjie wat hom met los karweiwerk besig hou. Ongelukkig is Ruiter van die Windjie nie 'n entoesiastiese sakevennoot nie. Eers die gekarring-karring-karring voordat die lorrietjie vat. Dan 'n gebrul en gebewe asof die enjin elke skroef,

bout en moer soebat om liewer tuis te bly. Terselfdertyd verbreek die vragmotortjie iedere internasionale protokol en verdrag insake aardverwarmende gasse en besoedeling. Ruiter van die Windjie se rookwolke laat jou na die Vaaldriehoek se vars lug verlang.

Die agterste ry op die kiekie bevat die potensiaal van 'n Guy Fawkes-nag.

Anders as sy meer aantreklike naamgenoot van Orkney, koester Ouboet aspirasies om 'n rock star te word. Die muse klop op ongereelde tye aan sy kamervenster, want woorde soos "baby", "you", "drive", "me" en "crazy" kom dag en nag in losse formasie oor die grensmuur aangevlieg, gerugsteun deur die rou rasperklanke van 'n elektriese kitaar.

Ten spyte van haar hoë roksoom en aggressiewe haarstyl is Kleinsus nog op skool. Tog doen sy 'n paar dinge reg, vandaar die stringe mansvriende, waaronder enkele lede van die Hell's Bells motorfietsklub.

Middelkind is 'n broeier. Maak nooit 'n geluid nie, maar die manier waarop hy ons dophou terwyl hy sy naels girts-girts met 'n mes sit en skoonmaak, is nie gerusstellend nie.

Die poedelbrak slaap meesal binne, maar dien soms buitestraf uit, seker maar omdat hy in die huurhuis gedoen het wat hy nie veronderstel is om in enige huis te doen nie. Op daardie aande kerf-kerf-kerf hy aan die nagstilte totdat sy miesies 'n venster oopruk en binne die bestek van 'n paar lettergrepe hom aansê om stil te bly en vinnig pad te gee. Na so 'n uitbarsting lê ek opnuut wakker. Die gekerf-kerf-kerf is genadiglik stil, maar die "sjarrap!" en wat daarop volg, hang nog in die lug.

Party aande klink dit langsaan na die VVO in die heyday van apartheid. Pa mag 'n stil bleskopmannetjie wees, maar hy speel die hoofrol in 'n helse kabaal: Eers verskree Ma hom oor hoe vervelig haar lewe is. Boonop vermoed sy dat hy perde speel, en die duiwel haal hom as sy bewyse kry. Hierna jammerklaag Ouboet diep uit sy binneste omdat niemand (Pa inkluis) hom, sy musiek of sy drome verstaan nie. Dan gooi Kleinsus 'n tantrum omdat hierdie of daardie biker-boyfriend na elf saans nie welkom voel nie, waarop Ma (waarskynlik hand in die heup) 'n inventaris aan die vergadering voorhou van wat sy nou die dag agter die rusbank gekry het, om van die pers karretjie se cubbyhole nie eens te praat nie. Nou

word Pa opnuut gegesel, hierdie keer omdat hy absoluut niks in verband met die kinders se booshede doen nie. Middelkind hoor jy nie. Sit seker die vulkaan girts-girts en dophou.

Een aand gaan dit besonder rof daaraan toe, en ek besluit om die polisie te bel. Die foon lui en lui en lui. Uiteindelik tel 'n konstabel op, hoorbaar geïrriteerd. Hy wil weet wat die klagte is, en voeg byvoorbaat by dat daar net een patrollievoertuig beskikbaar is.

Ek huiwer. Tussen moord en gewapende roof klink iets soos "rusverstoring" darem te gewoon. "Kakofonie," sê ek op die ingewing van die oomblik.

Eers 'n oomblik se stilte. Ek hoor hom rondblaai, seker in die een of ander amptelike handleiding oor gemeenregtelike misdrywe. Hy vra my om dit te spel, en ek maak so.

"Groot of klein," wil hy weet.

"Groot," sê ek sonder om die desibels langsaan te tel.

Binne vyf minute hou 'n patrolliemotor blou-blou-blou voor die huurhuis stil.

Vanmôre is hulle eensklaps weg. Van die orkaan wat vir drie maande ons oordromme geteister het, is niks te sien of te hoor nie. 'n Verwagte besoek van die balju was sekerlik die rede vir die middernagtelike vertrek, want dis slegs 'n bedreiging van gemeenskaplike aard wat die skerwe-gesinnetjie in een rigting sou laat skrum: Eers moet hulle in pikdonkerte vir Ruiter van die Windjie en die treiler gelaai het totdat die kanonlope wys; terselfdertyd vir poedel die snoet snoer sodat hy nie die buurt wakker blaf nie; daarna los items soos Ouboet se kitaar en Kleinsus se haardroër, klerekas en makeup in die pers karretjie prop; en laastens vir Ruiter van die Windjie, die treiler en die pers karretjie in omgekeerde senioriteitsvolgorde met die hand tot in die straat stoot voordat vuurkrag kon inskop. Alles in doodse stilte, sonder skree of verwyt.

Opeens is die buurt weer voorstedelik en vreedsaam, en maak die familieportretjie vir die eerste keer sin. Almal op een kiekie, ewe grênd met 'n raam om.

Girts-girts.

# WILLEM EN DIE WEIMARANER

Maklik om te sê dat iemand briljant is, of dat dié of daai se hande vir niks verkeerd staan nie. My koshuismaat Willem was in 'n heel ander klas, 'n genie. Ingenieurstudent, stil en bebril, skroewedraaier altyd byderhand. Weens die destydse ongunstige internasionale klimaat het ons hom nooit vir 'n Nobelprys genomineer nie, maar in eie kring was hy 'n man van aansien. Willem het hom aan geen gebruikshandleiding gesteur nie. Volgens hom was sulke instruksies bedoel om 'n nuwe eienaar se verkenning van die produk te inhibeer, en sodoende verkope van latere, nuwe modelle te stimuleer. Wyse woorde van iemand wat jou radiowekker skielik na 'n Russiese bariton kon laat klink, en daarin geslaag het om ons vloer se brandslang ver verby SABS-standaarde te laat spuit. Willem se ketel het teen dubbelspoed gekook, en dan had die ding nog 'n fluit eie aan die Transkaroo.

Groot was die skok toe Willem een aand by die koffiekan doodluiters aankondig dat hy gaan opskop. Daar was niks meer wat die varsity hom kon leer nie. Een van die mediese ouens het nog probeer keer, vir Willem gesê dat daar niks was wat sy professore hom van anatomie (die vroulike variasie) kon vertel nie, maar dat hy nietemin vasbyt. Nul, niks gehelp nie. Willem is daar weg, en ons het hom nooit weer gesien nie

Gisteraand aan etenstafel praat die kinders van nuwe intrekkers in die buurt. Hulle het gaan maats maak met hul portuur, maar dis die pa wat hulle interesseer. Die oom maak glo sy eie mengsels wat hulle grasperk soos Supersport Park laat lyk; hulle Kreepy loop drie keer vinniger as ons s'n, en die huisalarm kan glo tot by die Uniegebou gehoor word. Dis toe dat iets in my agterkop roer. Ja, bevestig die kinders, die oom is lank en maer, hy dra sy bril op die punt van sy neus én sy naam is Willem.

Die voordeurklokkie speel nog aan sy ingewikkelde deuntjie toe die vader des huises oopmaak. Dis wragtig Willem. Yler en krommer, maar die hande nog net so bedrywig soos vroeër. Die kinders was reg: daarvan getuig die geil, heininglose grasperk, die wilde dansbewegings waarmee die

Kreepy die swembad patrolleer, en die kombi-alarm wat klink asof Kiri Te Kanawa saam met jou in die motorhuis is.

Toe nooit ingenieur geword nie, deel Willem my mee. Personeelman by departement so-en-so, maar ag wat, dit gee hom genoeg tyd om na werksure so 'n bietjie rond te speel.

Nee, hulle bly lekker in die nuwe huis, sê Willem 'n week of wat later oor 'n bier. Ek moet kom kyk, die grasperk is nou nóg mooier. Dis net daai Weimaraner wat sy lewe so versuur. 'n Groot bruine met sulke sluwe, geel oë. Slaan elke oggend toe, net voor sonopkoms. Selfde tyd, selfde plek, reg in die middel van die geil, groen tapyt.

Kan daar nie plan gemaak word nie, vra ek, kennende die man wat oorkant my sit.

Natuurlik, beaam Willem, hy was alreeds by die Dieretuin. Hulle het hom goedgunstiglik van vuilbaard se uitskot voorsien, maar dis nie genoeg nie. Hy het dit goed gedink om die spulletjie so 'n bietjie te fortifiseer. Daai brak moet dink hy't met Lion King te doen, nie sommer enige ordinêre leeu nie. Hy monitor die gistingsproses op 'n daaglikse basis, verseker hy my. Ek moet Saterdagoggend kom kyk hoe die Weimaraner na één snuif die aanwesigheid van groter magte erken, en vir ewig oor die horison verdwyn.

Dis skemeroggend. Die res van die buurt slaap nog, soos normale mense op 'n Saterdagoggend doen. Terwyl ek agter 'n struik stelling inneem, bring Willem die spesiaal versterkte houer tevoorskyn. Versigtig, met sulke reguit arms. Gedagtig aan 'n moontlike chemiese oorreaksie dra my gasheer 'n oorpak, rubberhandskoene en 'n tuisgemaakte masker. In die oggendskemering lyk hy na iets tussen 'n byeboer en 'n reddingswerker by Chernobyl.

Willem giet die konkoksie op die spreekwoordelike middelkolletjie uit, en die vroegoggend ruik skielik na leeu. Hy is skaars by my of ta verskyn aan die onderpunt van die grasperk.

"Kom nader, jou vloek!" sê Willem gedemp.

Dis duidelik dat die Weimaraner nie die oggendvrede vetrou nie. Hy staan eers vir 'n hele rukkie botstil, neus in die lug. Toe draf hy skielik reg op die leeumengsel af vir sy bydrae.

"Bliksem!" Willem spring op.

Die Weimaraner skrik nie, kyk net gesteurd in die rigting van die armswaaiende, gemaskerde figuur wat skielik agter die bosse verrys.

Later die dag loer Willem bebrild-bedonnerd oor my tuinmuur. Dis nou oorlog. Die 2008 Leeumis Cabernet het 'n yslike gat in sy grasperk gebrand, dis asof 'n vlieënde piering daar geland het. Volgens hom is die defensiewe fase verby, dis nou 'n kwessie van aanval. Wil ek nie volgende Saterdagoggend 'n bietjie saamry nie? Daar's 'n groot landbouskou op Bethal.

Ek vra nie, maar vermoed dat die uitstappie iets met die Weimaraner te doen het.

Die Hoëveldse Landbouvereniging verwelkom ons met 'n aroma van boerewors, pannekoek en diesel. Ek soek nog koffie, maar Willem kry dadelik koers na 'n stalletjie wat deur 'n 'n fris kêrel in 'n kamoefleerpak beman word.

Daar is ook ander belangstellendes, en ek wurm my nader.

"Net die ding," sê Willem vir my oor sy skouer.

Die kamoefleer-en-boetse-man ken konflik, en hy is besig om aan Willem te verduidelik presies waarom 'n man die Hondstopper Merk II nodig het as jy jou plaaswerf wil skoonhou van ongediertes. My vriend se nek trek skoon krom van puur belangstelling. Klaarblyklik is die Merk II 'n groot verbetering op sy voorganger, die Merk I. Waar laasgenoemde bloot 'n afskrikmiddel was, bied sy opvolger jou die opsie van totale uitwissing.

Die oud-recce beduie nog na die instruksie-papiere, maar sy kliënt het net oë vir die skietding. Hou hom vas, weeg hom, streel oor hom, vroetel hier en daar met 'n knoppie.

Ek wil nog na die kragopwekkers loop kyk, maar Willem beduie dat ons moet klim en ry, beurtkrag is anderdag se worries.

Met die terugrit praat Willem maar min, glimlag net so af en toe oor sy skouer vir die karabyn-kontrepsie op die agterste sitplek.

"Moet 'n man nie 'n lisensie vir die ding hê nie?"

Willem snork. "Die blêddie regering sal hom wat verbeel."

Die daaropvolgende Vrydagmiddag hou Willem 'n laaste spanpraatjie om die besonderhede van die Weimaraner se reis na die ewigheid te

finaliseer. Ek moet die volgende oggend presies tien minute voor eerste lig by hom wees. Gevegsdrag is verpligtend.

Ek staan nog en dink of 'n man dié tyd van die oggend die klokkie se ingewikkelde wysie moet aktiveer, toe pluk Willem die voordeur oop, sintuie tot die uiterste gespan. Hy het my sweerlik oor die gras hoor aankom.

Ek dra my ou army jas, staalhelm byderhand. Ek wil nog verskoning maak oor die mottegifreuk, maar Willem se saaklike knik sê ek's oraait. Hy lyk self na 'n Navo-soldaat op maneuvers, Hondstopper Merk II ewe nonchalant oor die skouer.

Dis doodstil terwyl ons aanstryk lêplek toe. G'n gepratery meer nie, beveel my bevelvoerder, ons is nou op handgebare.

Hierdie keer is daar g'n wegkruiperspeletjie agter struike nie. Willem het vir ons 'n behoorlike skuiling gebou. Van buite lyk dit na 'n tentjie wat 'n paar middeljarige voëlkykers huisves, maar binne is daar loopgraaf waar gister nog blombedding was. Magersfontein, O Magersfontein, vandag gaan hier bloed vloei!

Klaar ingegrawe verneem ek so met die oë na die Hondstopper se welstand. Nee, verbreek Willem die radiostilte in 'n fluistertoon, daar was nie kans vir oefenskote nie. Sou in elk geval net die blêssit hond op sy hoede geplaas het. Hy het wel 'n paar verstellinkies gemaak. Vir ekstra slaankrag, natuurlik.

Ek sê niks, sit net ewe ongemerk my staaldak op.

Daar's hy! Die Weimaraner arriveer oudergewoonte saam met die eerste lig aan die onderpunt van die grasperk. Willem druk die Hondstopper se dodelike snoet stadig verby die flap van die Bird Society-tentjie. Sy hande bewe effens. Is dit dalk die eerste simptome van bokkoors? Maar dan neem die sluipskutter in hom oor. Willem is in beheer. Willem, die modifiseerder van radiowekkers, alarms, Kreepys en ketels. 'n Man wat weet wat hy doen. Uit die hoek van my oog sien ek hoe sy snellerhand stadig vuis maak...

Ek is bly dat ek leef om te kan vertel. 'n Gebarste oordrom is eintlik niks, en die slagorkes in my kop sal weldra hulle instrumente oppak en waai. Die plofslag het Willem met stywe Navo-baadjiepante en al dwarsdeur sy groot sitkamervenster gegooi, en terwyl die huis en die kombi se alarms

mekaar verskree, het die Kreepy lustig die lambada begin dans. Die Hondstopper-projektiel het 'n pad deur Willem se geliefde grasperk geploeg, dit lyk soos 'n Gautrein-tonnel. Te midde van kruitdamp en kakofonie is die Weimaraner suutjies daar weg. Ongedeerd.

Willem lê in kamer 10. Roerloos, die ene verbande. Die dagsuster het sy bril op sy neus neergesit, waar die nagsuster dit weer sal kom afhaal. Ek doen al die praatwerk. Oor ons koshuisdae, onwettige visvangste in die Kaspiese See, enigiets behalwe gisteroggend se gebeure. Die woord "Weimaraner" neem ek nie op my lippe nie.

Besoektyd is eindelik verby.

"Ek hoor daai brak hardloop nou nog!" sê Willem skielik met die groetslag.

Ja, beaam ek met 'n sug. Hy hardloop nou nog.

Net voordat ek in die hysbak klim is daar skielik 'n onaardse geluid. Verpleegsusters kom van alle kante aangehardloop. "Toemaar," hyg die een. "Dis die pasiënt in kamer 10. Sy klokkie lui anders as al die ander s'n!"

# WOORDE EN STORIES

"Nou hoe kan hulle 'n kleuterskool reg langs 'n ouetehuis kom oopmaak?" Matrone se vrae is gewoonlik retories van aard. "Ook maar goed daar's 'n heining tussen ons…"

Die heining waarvan Matrone praat, is 'n ses voet hoë voorafvervaardigde muur, en hy loop reg rondom die ouetehuis. Weliswaar hand in die rug en met 'n kierie, want die muur is plek-plek maar skeef en vol skete en splete. Maar dit keer dat die oumense wegloop, en demp so 'n bietjie aan die gekwetter langsaan.

Nie almal in die ouetehuis slaap laat nie. Skuins na eerste lig is die ou man al in die tuin rond. Vroetel hier met die kieriepunt en druk daar aan iets.

Die seun se ma laai hom elke oggend om sewentien minute voor sewe by die kleuterskool af. Dan gaan sit hy aan die ouetehuis se kant van die groot akkerboom, naby die muur. Dis hier waar die ou man hom die eerste keer gewaar, deur een van die muur se splete. Toe hy die seun teen die vierde oggend nog alleen onder die boom sien, wink die ou man hom met die stem nader.

"En wat… wat is jou naam, ou maat?"

"Rusty. Oupa noem my Sproetman."

"O so, jy het rooi hare en sproete!"

Stilte. "Kan jy deur die muur sien?"

"O ja, ek kan. En wat noem jou pa jou?"

Stilte. "Pa is weg. Oupa is dood."

"Jammer om dit te hoor, ou maat. En wanneer kom jou pa terug?"

"Ek weet nie. Mamma word kwaad… Wat is jou naam?"

Hy lag. "My naam? Ag, ek het hom al vergeet, ek hoor nie meer my naam nie."

"Is nie. Jy moet 'n naam hê."

"Ou Witkop…"

Daar is 'n takserende stilte. "Dis 'n mooi naam." Stilte. "Ken jy stories?"

Mettertyd word die ou man se woorde stories. Elke oggend kom Sproetman vanself muur toe om verder te luister. En te lag. Te hoor van al die snaakse goed wat ver bo sy kop in die akkerboom bly. Van die sjokkelnosters wat al die moeite doen om akkers bymekaar te maak en die kanniewarries wat dit dan op die kinders se koppe gooi. Nee-nee, mens kan hulle nie sien nie, hulle's mos nie stupid nie! Maar hulle is daar, o ja, hulle is daar. Sproetman hoor van Jakkals en Wolf wat in die Bosveld woon, en van die wêreld tussen die maan en sterre waar niemand nooit ooit seerkry nie.

Elke oggend boor die ou man se woorde, sy stories die spleet in die muur al hoe groter, sodat hulle mekaar beter kan hoor, beter kan sien, beter kan leer ken.

Gaandeweg kry die ou man se stories vlerke, en net soos die sjokkelnosters en die kanniewarries, is Sproetman nie stupid nie. Hy leer sommer gou-gou saamvlieg. Enige plek, enige tyd. Wanneer hy by die kleuterskool alleen voel, is hy woerrrr tot bo in die akkerboom, net om te kyk of hy 'n sjokkelnoster of 'n kanniewarrie kan raakloop. En wanneer hy saans deur die woonstelvenster lê en kyk en wens dat sy ma moet ophou huil, vlieg hy sommer vinnig Bosveld toe, net om te hoor hoe dit met Jakkals en Wolf gaan. En vandaar is dit sommer 'n japtrap tot in die wêreld tussen die maan en sterre. Daar waar niemand nooit, ooit seerkry nie.

Dit bly nie by stories nie, daar kom ook vrae – van die akkerboom se kant van die muur. Sproetman se vrae is groot en swaar, maar hulle kom gaandeweg al hoe makliker deur die spleet: "Hoekom is Oupa dood? Is dit seer om dood te gaan? Waarheen gaan mense as hulle doodgaan? Is daar rêrig 'n land tussen die maan en die sterre? Is Oupa daar? Hoekom gaan pa's weg? Kom hulle ooit, ooit weer terug? Daai land tussen die maan en die sterre, kan kinders soontoe gaan? Is dit seer om dood te gaan? Hoekom hou ma's op met lag? Is dit seer om dood te gaan, is dit seer om dood te gaan…

Hoe die ou man ook al by die aanhoor van al die vrae probeer om aan sy woorde te slyp, hoe hy ook al hoop dat hulle sal salf en smeer, gaan hulle al hoe moeiliker deur die spleet. En vir die eerste keer is die ou man bly oor die muur. Dit sal nie goed wees as die seun hom sien huil nie.

Dit was 'n Geskiedkundige Gesamentlike Operasie, met die hoof van die kleuterskool aan die een kant van die muur, en Matrone aan die ander kant. Dit was die seun se hoeveelste kleuterskool in soveel jaar, en sy ma het aanvanklik nie nie juis in sy stories belang gestel nie. Maar toe sy van die ou man hoor en van die spleet in die muur en die praatjies en sulke dinge het sy ook skielik vrae gehad.

"Mens kan deesdae nie te versigtig wees nie," het die hoof van die kleuterskool beaam en dadelik die telefoon nader getrek.

Die woorde van die hoof van die kleuterskool en dié van Matrone het sommer gou-gou gemessel waar die ou man se woorde oopgemaak het, maar op ander plekke het hulle woorde weer geboor, geboor waar dit sag was, waar dit kon seermaak. En dit het.

Net soos die ou man se woorde het Matrone en die hoof van die kleuterskool se seermaakwoorde ook storie geword. Maar anders as die ou man se stories het hulle storie nie vlerke gekry nie, net voete. En die storie het begin loop.

# VOELERS

Die weersiens was onverwags. Skaars drie maande na sy dood, veel gouer as wat Huberta gedink het dit sou wees. Boonop het die herontmoeting haar aansienlik getraumatiseer, want besinning oor reïnkarnasie was nog nooit deel van 'n sekretaresse in die Departement Dierkunde en Entomologie se pligstaat nie.

Toe sy die betrokke oggend oudergewoonte die departement se stoorkamer binnegaan, sit die kakkerlak haar ewe hups op heuphoogte en betrag. Huberta het hom aan die voelers herken, die skraal, sensitiewe vingers wat in 'n vorige lewe so mooi kon beduie: kom, kom in, hier is ons alleen… Toe die kakkerlak boonop omdraai, flink teen die boekrak opbeweeg en oor die lywige derde uitgawe van Grobler & Du Toit vir haar loer, was daar by haar geen twyfel nie. Dis hy!

Die vreemde omstandighede van professor Grobbie Grobler se skielike dood (aan sy hart, na-uurs, in die stoorkamer) het gelukkig nie 'n skinderveldtog ontketen nie. Dit was nie uit meegevoel vir die naasbestaandes nie, maar omdat spekulasie oor wie die nuwe departementshoof sou wees, dadelik alle aandag in beslag geneem het.

Professor Petra Preutzenburg was die vanselfsprekende keuse. Selfversekerd, slank en aantreklik, 'n ystervrou wat selde die soom van haar gevoelswêreld lig - vandaar die vraagteken oor gerugte dat sy in die privaatheid van haar kantoor die doodstyding met 'n reëndans en 'n gedempte *Yes! Yes! Yes!* begroet het.

Die universiteitsowerhede se verwagte stap in die rigting van regstellende aksie het egter 'n sprong geword. Ten spyte van professor Dhlamini se aansien as gerespekteerde akademikus, was sy aanstelling vir almal 'n verrassing, en vir prof Petra 'n groot terugslag.

Dis teen hierdie agtergrond dat die immer ondersoekende Grobbie Grobler besluit om vanoggend n nuwe gedaante die skemerte van die stoorkamer te verlaat, en na 'n lang afwesigheid weer die personeelteekamer te betree. Die gesteelde stoorkameruurtjies het intussen weer instelling geword, maar in die plek van die smeulwarm passie van

vroeër, is daar nou 'n waardige, stil teerheid. Huberta bring gereeld vir hom koekkrummels, en laat hom by geleenthede toe om vinnig oor haar hand te hardloop.

Met die deurkosyn as verkenningspos gebruik Grobbie sy lang voelers om die atmosfeer in die teekamer te peil. Aan die onderpunt van die lang tafel lag en gesels die junior dosente, maar hoe hoër hoe stroewer. Professor Preutzenburg drink nog steeds rooibos, haar ysblou oë kort-kort soos messteke in die nuwe departementshoof se rigting.

Tot sy ontsteltenis sien Grobbie dat die departement vanoggend besoek ontvang van die vermaarde en bebaarde insektekundige en geëmeriteerde professor T J (Thar) du Toit, voormalige kollega en mede-outeur van Grobler & Du Toit. Gaslesings se voet, dink Grobbie terwyl hy versigtig nader beweeg. Die ou bokram is sweerlik hier om weer sy oë op hubare Huberta te laat rus.

Terwyl hy teen die een tafelpoot opkruie, verwonder Grobbie hom aan die fyn kniekoppies van die junior damespersoneel. Wat het hy nie alles gemis toe hy destyds ewe vernaam aan die bopunt gesit het nie!

Huberta het jou werklikwaar 'n groot sjokoladekoek by die tuisnywerheid aangeskaf. Als ter ere van Thar, natuurlik. Môre sal hy wat Grobbie is, met krummels in die stoorkamer tevrede moet wees. Wrewel laat Grobbie besluit om 'n bietjie te stir.

Terwyl professor Dhlamini 'n paar mooi dinge oor Thar du Toit sê, glip Grobbie na 'n kort naelloop onder die plastiek-koekdeksel in.

Toe Huberta uiteindelik met groot gebaar die deksel oplig, begroet 'n paar sjokoladebesmeerde voelers die Departement Dierkunde en Entomologie. Die teleurstelling is hoorbaar.

"Iphela!" is al wat 'n ontstelde professor Dhlamini uitkry terwyl die indringer vinnig by die deur uitskarrel. Skielik is niemand meer lus vir koek nie. Huberta lyk nie kwaad nie, net teleurgesteld. Ystervrou Preutzenburg glimlag agter haar teekoppie. Al hierdie ophef oor 'n ou fossiel wat kom kuier, om van die geskrik vir 'n simpele gogga nie eens te praat nie!

"Jy moes dit nie gedoen het nie, dis gemeen! Prof Thar hou van sjokoladekoek, en hy's baie eensaam!" Huberta se stem tril van verontwaardiging.

"En jy laat my soos 'n kokkerot voel," beduie Grobbie terwyl hy stadig met hangvoelers teen die rak oploop. Dis 'n bedeesde kakkerlak wat vanaf Grobler & Du Toit toekyk hoe Huberta by die stoorkamer uitstorm en die deur agter haar toeklap.

Dae sleep verby, en Huberta bly weg. Grobbie gebruik die skielike afstand in hulle verhouding vir grondige selfondersoek. As dit so is, dan is dit maar so. 'n Rustelose, ondersoekende gees kan nie deur 'n liefdesteleurstelling aan bande gelê word nie, en daarom, juis daarom besluit Grobbie om die departement 'n bietjie op voelers te neem.

Kort-kort gewaar iemand 'n kakkerlak: in die biblioteek, in 'n lesingsaal, 'n hele paar keer in die dames se kleedkamer. Niemand wis dat dit een en dieselfde insek is nie, en sommer gou duik woorde soos "plaag" en "higiëne" in teekamergesprekke op.

Professor Preutzenburg kyk met onverbloemde afkeer na die see van gesigte voor haar. Sy behartig nie meer eerstejaarsklasse nie, maar 'n maagkiem maai onder die doserende personeel, en hier staan sy. Hoe dan anders, as die departement van kakkerlakke krioel? Standaarde, standaarde, als 'n kwessie van standaarde.

Terwyl professor Petra die studente vanaf 'n hoë hoogte toespreek, oordink 'n gespanne Grobbie Grobler vlak buite die lesingsaal vir oulaas die geskiedkundigheid van sy sending. Vandag beklim hy berg Everest, betree hy *terra incognita*, gaan hy binnekort wees waar geen man of kokkerot nog ooit was nie. Hy herinner hom dat hy in sy vorige lewe gelees het dat kakkerlakke 'n kernontploffing sal oorleef, en hoe hy onmiddellik die kantaantekening wou maak: kakkerlakke én Petra Pretzel.

Grobbie skud hom reg, hef *La Cucaracha* as 'n strydlied aan, en skiet die lesingsaal binne. In 'n oogwink is hy by die podium. Hy gebruik die punt van prof Petra se duur Italiaanse skoen as tydelike basiskamp, en vertrek dan met 'n "Ysberg, hier kom ek!" op sy gevaarlike, epiese tog.

"Dit was jy, ek weet dit!" Huberta se wange pof van puur ontsteltenis. Sy was in haar kantoor toe 'n paar verskrikte eerstejaars daar instorm: "Juffrou, kom, kom tog gou!  Prof Petra staan al vir vyf minute en gil, en sy wil nie sê hoekom nie!"

Grobbie loer ewe bedees vir haar oor Grobler & Du Toit, voelers halfmas.

"Dit kan nie so aangaan nie, Grobbie, dis verby tussen ons. Hierdie nuwe verhouding… dit… dit was geDoom van die begin af!" Huberta is nie net kwaad nie. Sy tob al heelmôre of sy vir Grobbie van prof Thar se huweliksaanbod moet vertel, en dat die kantore (stoorkamer inkluis) oormôre gefumigate gaan word.

Met teetyd die volgende oggend lyk dit asof die maagvirus sy greep verslap, maar prof Petra is afwesig met siekverlof. Stres, so wil die gerugte. Thar du Toit is besig om jonger personeellede oor die loutere vreugde van handboekskrywery in te lig. Vir doeleindes van illustrasie het hy die omvangryke derde uitgawe van Grobler & Du Toit byderhand. Huberta is ook by, haar oë beurtelings vol hartseer en bewondering.

Terwyl 'n goedige prof Thar enkele herinneringe met sy gehoor deel en 'n immer beleefde professor Dhlamini na sy horlosie loer, kom 'n kakkerlak heel onopsigtelik oor die teetafel na hulle toe aangestap. Stadig en doelgerig, kop omhoog.

Die einde sal hopelik vinnig wees, en aan die hand van professor Dhlamini, dink Grobbie. Dalk wag daar 'n volgende lewe in 'n nuwe gedaante. Boonop vind Grobbie groot berusting daarin dat hy die afgelope paar dae meer opwinding beleef het as gedurende sy twee-en-dertig jaar in die akademie. Hy het 'n vol tweede lewe gehad.

"Een ding wat julle jongetjies moet besef, is dat handboek skryf harde werk is. Ek en my kollega professor Grobler het baie pret gehad, maar dit was harde werk," maan prof Thar.

Die kakkerlak draai sy kop en huiwer effens, maar hervat sy tog na die bopunt van die tafel. Hy het 'n afspraak met die noodlot.

"Ek is verheug om te verneem dat dié nuttige werk steeds voorgeskryf word. Seshonderd een-en-twintig bladsye val nie sommer uit die lug nie!" Prof Thar tel Grobler & Du Toit op en weeg dit in die krom vingers van sy hand. "Ek weet, want ek het die meeste skryfwerk gedoen. Ek wil nou nie uitwei nie, maar daar was ander dinge wat my mede-outeur se aandag in beslag geneem het." Thar du Toit glimlag betekenisvol. Van die junior personeellede giggel, Huberta bloos

Die kakkerlak gaan staan. Hy draai sy kop in die rigting van prof Thar en laat sy voelers stadig sak. Hulle is nou laag en reguit, soos lanse.

Die stormloop het skaars begin, of een van die junior lektore gil en wys met haar vinger. Huberta knyp oë toe en draai haar kop weg. Prof Thar ontwaak uit sy monoloog, lig die derde uitgawe van Grobler & Du Toit se *Entomologiese aspekte van plaagbeheer in Suid- en Suider Afrika* 'n fraks hoër, en bring dit met 'n donderende slag op die gogga neer. Koppies en pierings ratel. Personeellede snak na hulle asem. Huberta storm by die deur uit.

"Haar senuwees is nog bietjie rou na kollega Grobler se dood," sê prof Thar terwyl hy na 'n servet soek om die reste mee te verwyder. Prof Dhlamini knik begrypend.

'n Kakkerlak is 'n taai ding, en die kop het die slag oorleef. Met die eerste veeg verstar prof Thar se oë, en sy mond val oop. Hy rol die reste haastig in die servet toe, byt op sy tande en druk die pakkie dat hy kraak. Prof Thar deponeer alles in die vullismandjie. Dis 'n wasbleek oud-hoogleraar wat weer plaasneem. Is dit wat die ouderdom aan 'n man doen? Sodra groen weivelde begin wink sien jy gesigte?

Die junior personeel lag en gesels weer, dankbaar dat die kakkerlak én die boekmonoloog iets van die verlede is. Professor Dhlamini kyk weer na sy horlosie en mompel iets van 'n vergadering wat hy moet bywoon. Hy maak verskoning, en skuur haastig agter 'n starende Thar du Toit verby.

# OLIVIERSTRAAT 43

Die besoeker by die tuinhekkie is lank, maklik ses voet agt in ou taal, en hy lyk nie te gesond nie. Skraal en bleek, met donker kringe onder die oë. Boonop dien die swart pak klere en hoed nie juis ter opheldering nie. Tog is daar iets aan hom wat iemand twee keer sal laat dink voordat hy sê: "Verskoon my, Meneer, maar ek dink swart pas jou glad nie."

Die besoeker wil-wil ingaan, maar als is nie pluis nie. Hy vryf oor sy lang kakebeen en raadpleeg sy notas. Olivierstraat 43 ja, maar die man op die stoep lyk veel ouer. Hy sug. Asof sy werk nie moeilik genoeg is nie! Daai bleddie spul by admin … Die besoeker druk die papiertjie in sy binnesak en maak die voorhekkie oop.

Om warm koffie in die piering oor te gooi, is 'n gevaarlike maneuver, en oom Sakkie is salig onbewus van die lang man wat geruisloos in die tuinpaadjie aangestap kom. Dan is daar ook Striem om mee rekening te hou. Die sweepslag van haar tong byt diep, en die letsels wys lank. Dis Maandagoggend, en oom Sakkie se rug is vol vars hale van die naweek se oortredinge: modderspore in die kombuis, waterplasse in die badkamer, 'n kort insluimering tydens die oggenddiens.

Oom Sakkie skrik toe hy die rysige vreemdeling gewaar. Hy kom stadig orent. "Dagsê, Meneer, jammer, maar ek e..."

Die besoeker vat nie die hand wat na hom toe uitgehou word nie. Nie nou al nie, hy moet eers seker maak. Knik net hoflik en gaan sit in die stoel wat hom aangebied word.

"Jammer, maar ek het u nie hoor kom nie. Hoe het u gesê, wat is die van?"

"Ek het nie gesê nie."

Oom Sakkie is verleë, al bedoel die besoeker dit dalk nie onvriendelik nie. Die kêrel is seker maar 'n vername persoon uit die stad, en hou hy nie van familiariteit nie.

Die besoeker kruis sy bene en takseer sy gasheer oor lang, ineengestrengelde vingers. Is dit die man? Gewoonlik is sy notas

voldoende, maar nie dié keer nie. Die mannetjie oorkant hom is gans te oud en hy lyk nie juis siek nie.

"Sê my, bly hier nog iemand: 'n jonger man, miskien?"

"Nog iemand?" Oom Sakkie sit skielik vorentoe. "Kyk," sê hy saggies, "met Striem in die huis is daar nie juis plek vir enigiemand anders nie."

Die besoeker lig sy wenkbroue. Dan het daai spul by admin sweerlik 'n fout met die man se ouderdom gemaak. Hulle gaan hop as hy terug is, o, hulle gaan hop! Maar wat van die longkwaal? Weer die takserende blik oor lang, ineengestrengelde vingers: "Hoe gaan dit met u gesondheid, ek bedoel eintlik met die bors?"

Oom Sakkie is onthuts. "E ... wel, nee, goed dankie." Die lang kêrel lyk na 'n ondernemer, maar dalk is hy net 'n trappie duskant, in die medisyne. "Verskoon my, Meneer, maar mag ek vra waarom u na my gesondheid verneem? Is u ‘n dokter?"

Die besoeker is nie daaraan gewoond om vrae te beantwoord nie en hy stryk nadenkend oor sy lang kakebeen. "Wel, nee, ek het maar net gehoor van ernstige siekte hier in die straat ..."

Daar kom skielik lig in oom Sakkie se sagte, waterige blou oë. "O, my jinne nee, jy dink aan arme Pelser! Op sy laaste! Straataf, nommer 43."

Die besoeker se oë rek. "O, maar ek dog dis 43 dié?"

Oom Sakkie glimlag skelm en skuif weer vorentoe: "Ag man, dis nie die eerste keer dat dit gebeur nie: dat die regte man by die verkeerde adres opdaag nie, bedoel ek. Sien, ons is eintlik nommer 48, maar die 8 het so 'n bietjie afgeskilfer …"

Die besoeker blaas sy asem stadig, beheers uit.

Oom Sakkie voel hy is die man 'n verduideliking verskuldig. "Ek's jammer, Meneer, maar kyk, dinge raak maar eensaam, en dit help as hier dan en wan mense kom, al dink hulle ons 8 is die Pelsers se 3. Party van hulle bly tog ‘n bietjie langer, ek bedoel nou vir 'n koppie koffie en 'n geselsie en so aan."

Die besoeker het genoeg gehoor en hy het bowendien werk om te doen. Hy vat die armleunings met benerige vingers vas. "Nee, ek begryp, maar ek moet ongelukkig nou gaan."

"Meneer," probeer oom Sakkie weer, "sit nog 'n rukkie, ek kan jou mos nie so onvoorbereid na 'n huis met siekte stuur nie. Daar's dinge wat jy moet weet. Oor arme Pelser, bedoel ek. Bloedjonk, skaars veertig. Was dit nou maar eerder 'n ou man soos ek, sonder kind of kraai ..."

"Is daar kinders?" Die besoeker weet hy moenie uitvra nie en is onmiddellik vies vir homself.

Oom Sakkie knik langsaam en somber. Hy moet die ding uitrek, dalk bly die man tog langer. "Ja, twee. Nog op laerskool. En die arme vroutjie. Siestog, hoe sy alleen gaan regkom weet niemand nie. Ek gaan kyk maar gereeld hoe dit gaan. Maar wag, ek kry gou vir ons koffie."

Die besoeker maak 'n beleefde dog afwysende handgebaar. "Nee dankie, soos ek gesê het, ek moet nou gaan."

"Nee, nee, ek weet Meneer, ek sal gou maak met die koffie. Jy kan net sluk en loop, ek sal nie omgee nie. Die Pelsers gaan dalk nie iets gereed hê nie. Siestog, die arme vroutjie ..." Oom Sakkie wil nog uitwei, oor die amperse weduwee Pelser, ensovoorts, maar sy mond versteen in die halfmas-posisie.

Skielik staan ‘n stewige gestalte tussen hulle. Hand in die sy, pantoffels wyd geplant.

Oom Sakkie kom vervaard orent. “Striem …” Hy wil die besoeker aan haar voorstel, maar weet nie eens wat sy naam is nie.

Die vreemdeling staan op, stadig, beleefd, maar hy hou sy hande agter die rug.

"Isak, die man wil tog seker koffie hê?" Die woorde se klap is soos dié van 'n karwats.

Oom Sakkie gehoorsaam dadelik en verdwyn na binne. Die besoeker besluit om tog ‘n rukkie langer te bly en neem weer plaas.

Striem se gaan sit is lank en swaar. Die prentjie wat bokant die lang man se benerige kneukels vorm aanneem, is nie mooi nie. Daarvoor is die vrou se bolla te styf, haar lyf te onversorg, dink hy. Die tongetjie wat kort-kort oor haar tande flits lyk na 'n slang wat wil pik. Die klein, skeefgetrekte ogies ... Wat laat haat so ooglopend lê en broei wonder die man terwyl weersin in hom opwel. Dis tog so maklik. Hy hoef net vorentoe te leun, haar liggies aan te raak en dis verby. Wat sal die ou man se reaksie wees

wanneer hy terugkom en haar só aantref? wonder hy. 'n Gaap van verbasing? 'n Ekstatiese riel wat koffie en beskuit laat trek?

Die swart ogies swaai skielik in sy rigting. "Jy lyk na 'n sieketrooster. Seker op pad na die Pelsers."

Hy knik.

"Gaan dit oor arme Pelser wat hom lê en doodhoes of oor sy vrou?"

Die besoeker se een wenkbrou lig, maar hy antwoord nie. Hy laat haar praat.

"Ja, ja, julle is almal agter haar aan. Jong ramme, ketoolse ou mans, almal! Maar dis puur verniet, sê ek jou."

"Hoe so?"

Haar glimlag is wrang. "Nee, alles is gereël, sien. Ek weet wat in my straat aangaan. Sy't glo klaar iemand in Johannesburg. Wag net dat Pelsertjie sy laaste hoes gehoes het en sy's weg. Polisgeld in die sak, kinders ne-hetjies by die oupa en ouma. En ..."

"En?"

"Stringe mans wat haar met su-hulke oop bekke agterna kyk."

Hy antwoord nie, weeg net die woorde wat die slangtong pas uitgespoeg het in die palm van sy hand. Haat kan laat lieg maar dit lyk asof hierdie vrou die waarheid praat.

Oom Sakkie verskyn met 'n skinkbord. Hulle drink in stilte en die besoeker wonder wie of wat die beskuitdeeg geknie het. Die vrou se voorarms of haar tong?

"U is nie dokter nie maar ag, ek bly aanhou sê 'meneer'. U is nie dalk 'n predikant nie?" probeer oom Sakkie weer, halfapologeties.

Die besoeker glimlag, iets wat hy selde doen. "Nee, nee, ek is nie 'n predikant nie. Mens sou wel kon sê ons is in dieselfde besigheid."

Oom Sakkie se mond val oop. Magtig! Kan tog nie wees dat Pelser nou al uitgemeet gaan word nie! Hy wil-wil nog uitvra, maar Striem se kwaai blik maak hom stil.

Die besoeker staan op. Hy gee nie hand nie, maar bedank sy gasvrou vir die koffie en beskuit. Sy bly sit, wuif net onbelangstellend in die rigting van die stoeptrappies.

Oom Sakkie stap saam. By die voorhekkie gaan hy en die besoeker staan.

"Nou maar groete en sterkte vir die Pelsers, Meneer. Soos ek sê, ek gaan loer maar so dan en wan in om te kyk hoe dit gaan."

Die besoeker se kyk na die veel korter man is deurdringend, skerper as wat 'n inkwisiteur s'n ooit kan wees. "Ek sal, veral vir *mevrou* Pelser ..."

Oom Sakkie kyk vinnig oor sy skouer stoep toe en vat-vat aan die besoeker se baadjiemou. "Luister, Meneer, ek weet steeds nie wie jy is of wat jy op ons dorp kom doen nie, maar jy gaan dalk 'n paar dinge oor die Pelser-vroutjie hoor. Al wat ek wil sê is: Moenie glo wat jy hoor nie. Pragtige klein mensie, en sy gaan deur 'n bitter moeilike tyd. Ek weet, daarom gee ek haar so dan en wan 'n kontantjie. Bietjie-bietjie, sodat Striem niks agterkom nie." Die stemmetjie raak skielik bewerig: "En Meneer, jy moet die arme vroutjie se dankbaarheid sien om dit te waardeer!"

Die lang man se blik is skielik streng, genadeloos streng. Nie meer plek vir draaie nie, besef Oom Sakkie.

"Kyk, Meneer, ek's lief vir haar, en sy vir my. Sy's al waarin ek nog glo. Sy's my passaat, my tieket man, waarmee ek hiervandaan gaan wegkom. Eers as Pelser dood is, natuurlik. Bless his soul."

Daar kom ‘n sagtheid oor die besoeker se gelaat. Hy kyk na die mannetjie voor hom. Na die uitgetrapte velskoentjies. Die kakielangbroek wat tot by die armholtes kom. Die waterige ogies vol desperaatheid en hoop. En dis juis die hoop wat die besoeker ontstel, al raak hy nie maklik ontsteld nie. Sy blik dwaal oor die "hiervandaan" waaraan die omie wil ontsnap. Die saai, afgebakende voortuintjie. Die huis se lae dak en donker gordyne. Die figuur op die stoep wat hulle sit en dophou, pantoffels steeds wyd geplant.

Die besoeker sien wat hy sien en hy dink. Aan die vrolike weduwee Pelser en aan die slangtong daar op die stoep wat gaan pik, pik en pik. En hy sug.

"Maar dan groet ek maar, Oom. Dis beter so."

En met dié gee hy oom Sakkie 'n stewige handdruk.

# SEUN

Vir ons as Desember-tuisblyers is daar g'n vooruitsig van goue strande, sonsambrele of blou branders nie. Ons is die ware agtergeblewendes. Maklike slagoffers van bevoorregte vakansiegangers wat nie huiwer om jou op 'n mooi manier trompop te loop nie.

Tant Ella is 'n leiersfiguur in ons gemeente. Ek dag die skielike telefoonoproep gaan oor skinkbeurte gedurende Desembermaand, veral toe my vrou so mooi ja en amen sê. Die ware rede blyk eers later toe die voordeurklokkie lui en sy my terloops meedeel dat ons dié vakansie tant Ella en oom At se hondjie oppas.

"Maar jy kan nie sommer so sonder my…" probeer ek, maar die voordeur is klaar oop.

"Dag, swaer," sug oom At iewers van agter sy vrou. Die tante sê eers niks, glimlag net beurtelings vir ons en vir die hondjie.

"Sy naam is Seun. Sê hallo vir die mense wat jou gaan oppas, Seun."

Die knaap sit veilig in die waai van haar arm. Haartjies spierwit gewas en gekam, kapseltjie afgerond met 'n pikante blou strik.

Ons beweeg sitkamer toe. Die kinders is dadelik by, bly dat daar na die Stoepskutter se raaiselagtige verdwyning weer 'n hond in die huis is. Oom At is nog besig om oor die warm weer te kla, toe beduie sy vrou met die kop:

"At, gaan kry die goed in die Sentra."

Oom At gehoorsaam sonder meer, en ek volg hom. Die Sentra het 'n geduldige bagasiebak. Oom At gee aan, en ek vat. Dit lyk asof Seun op maneuvers gaan: een blou gestoffeerde slaapmandjie met blompatroon; twee gevlegde kamma-bene van beeshuid; drie speelgoedbeertjies wat piep-piep as jy hulle druk; een warm wolkombersie vir 'n onverwagse Desemberkoue; drie pilhouers teen allergie en, helaas, veertien blikkies eksotiese *Canine Chef*-hondekos, een vir elke dag.

My vrou het intussen tee gemaak. Oom At wil nog bult uit oor die petrolprys, maar tant Ella maak hom stil. Seun se daaglikse roetine vereis almal se aandag. Hy is dol oor dit, maar hy mag nie dat nie. Hy is bang vir

die donker, maar 'n leeslamp wat heelnag brand los die probleem op. Hy verdra dit nie as mens laat slaap nie, ensovoorts, ensovoorts.

Die eerste aand maak ons nie 'n oog toe nie. Nie ek nie, nie my vrou nie, en ook nie Seun nie. Bang vir die donker, besluit my vrou, en dis eers met dagbreek dat sy die lig afskakel.

Tweede aand, selle storie. Die lig help nie meer nie. Ek protesteer, maar dis puur verniet.

"Hy's nie 'n blêddie hond nie, sy naam is Seun," sê my vrou. Die kuiergas se getjank is harder as my murmurering, Heel saaklik tel my vrou hom op ons bed.en die knaap wikkel hom tussen ons in, hoogs tevrede.

Vroeg die volgende oggend is ek by die swembad doenig. Almal slaap nog, maar Seun is by, hoogs geïnteresseerd in 'n blaar wat onder hom verbydryf. Tyd dat die jongeling iets van swaartekrag leer, besluit ek. Ek kielie hom nog so ewe met die skepnet in sy wollerige agterstewe, toe plons hy in. Ek bied hom die net aan, maar hy wil nie die uitnodiging aanvaar nie. Proes, blaas en maal net met die voorpote. Die volgende oomblik is een van die kinders in die swembad om die drenkeling uit die siedende watermassa te red.

Ek probeer verduidelik. Al wat ek kry is 'n paar verwytende kyke terwyl 'n nat, maer brakkie in ons badhanddoek sit en bewe.

Om die een of ander rede is Seun skielik wantrouig teenoor my. Ek wil vrede maak, en besluit op die beproefde strategie van 'n Pa en Seun-uitstappie. 'n Paar verstellings aan die verdwene Stoepskutter se ou halsband en ons is gereed om die buurt aan te durf. My vrou is oudergewoonte skepties. Tant Ella het niks gesê van walkies nie. Nonsens, sê ek, stapketting reeds in die hand. "Tyd dat die hond bietjie met die buitewêreld in aanraking kom, en ek is die heeltyd by. Per slot van sake, sy naam is mos Seun."

My vrou is nie heeltemal oortuig nie, en sy stuur die kinders saam. Ons vorder goed, en die VVO-waarnemingspan raak sommer gou oortuig van my goeie bedoelings. Seun trek die heeltyd aandag. Hoe anders, want my vrou kroon elke oggend sy gekamde kapsel met 'n vars blou strikkie. Nie die tipe haarstyl vir 'n buurt waar selfs Rotweilers dit nie na donker op straat

waag nie. Met die verbystap knor en tier dit agter elke draad en heining dat jy net slagtande en skuimbolle sien.

In ons omgewing is daar 'n berugte straatbende. Was daar 'n Police File vir honde, sou dié spul lankal TV-sterre gewees het. Toe ons om die een hoek kom, is dié groep boewe juis besig om 'n munisipale aslorrie luidkeels geleide te doen.

Seun bol van boosaardigheid. Nie oor die bende se straatmaniere nie maar die voertuig se skielike stop-ry. Dalk is moontlike aanvaarding deur die bende ook maar vlak in die ou wolkoppie.

Ek buk nog vir die optel, toe ruk Seun sy kop uit die tweedehandse halsband en loop die vragmotor storm. In 'n oogwink is hy by sy prooi, al happende na die groot wiele.

Aslorries is deel van 'n buitewêreld wat Seun nie ken nie, en wat ek onderneem het om hom van te leer. Les een is dat aslorries skielik stop en net so skielik weer wegtrek.

Ten spyte van al die geblaf, enjinrumoer en luidrugtige leegmaak van vullishouers hoor ek Seun se enkele, gedempte tjank. Terwyl die karavaan van vragmotor, munisipale werkers en blaffende honde voortbeweeg asof niks gebeur het nie, storm ek en die kinders nader. Na 'n klein, wit bondeltjie wat roerloos bly lê.

By die huis is daar genadiglik net tyd vir "wat het gebeur?" en nie vir "ek het jou mos gesê!" nie. Ons spring dadelik in die motor. Ek, die kinders en my vrou, 'n lewelose Seun op haar skoot.

Die veearts se wagkamer is vol dikgevrete katte en koulike kanaries, maar die ontvangsdametjie snap dadelik: hierdie is 'n noodgeval.

Terwyl die kinders en hulle Ma stil hande sit en vashou, staan ek eenkant by 'n venster en uitkyk. Wat gaan ons, wat gaan *ek* vir tant Ella sê?

Die veearts maak uiteindelik sy verskyning. Sy glimlag stel ons dadelik gerus. Ja, die ou hondjie lewe. Niks gebreek nie, maar daar was wel konkussie. Dis sal beter wees indien die outjie vannag hier bly. Vir waarneming.

Die bedrus het Seun goed gedoen, en hy waai sy stertjie asof hy ons reeds jare lank ken. Terwyl almal om Seun koer, skuif die ontvangsdametjie

die rekening effe verskonend oor die toonbank na my kant toe. Dis asof die veearts se glimlag skielik grynslag geword het.

Die res van Seun se verblyf geskied sonder voorval. Binnenshuis, met net die nodigste lopies na die grasperk. Intussen sweer ek die kinders tot stilswye: nie 'n enkele woord oor die lorrie of die veearts nie, en julle herhaal nie wat julle Pa gesê het toe hy die rekening kry nie.

Dag veertien. Seun se mandjie, kombers en piep-piep speelgoed is netjies bymekaar in die voorportaal.

Met die oopmaak van die voordeur wil-wil oom At nog oor slegte weer, muskietbyte en duur verblyf, toe buk die tante af en verswelg daai hondjie met 'n wye boesem van moederlike liefde. 'n Roerende toneel van heuglike hereniging.

Net voordat hulle ry kry ek en my vrou elkeen 'n geskenk, 'n gul blyk van waardering. "Ag, dit was mos nou nie moeite nie," verseker my vrou, oulike klein Zoeloe-potjie in die hand. Ek bedank oom At vir my Amanzamtoti-sleutelhouer. Dis my beurt om te lieg: "Net wat ek wou gehad het, oom."

Die Sentra vertrek, en Seun kyk vir ons deur die agterruit. Ons waai koebaai. Ek is verlig, maar vrou en kinders beleef die afskeid anders. Hulle het lekker met die dierasie gespeel.

Skaars twee dae later kyk die wollerige gevreetjie weer vir my, hierdie keer vanaf die kennisgewingbord by die kafee:

**VERMIS:**
In hierdie omgewing
Wit Maltesertjie.
Reun. Sy naam is SEUN.
Bel dadelik mevrou Ella van Staden
076 786 7602
Fris beloning. At SAL betaal.

# 1900

"Is dit nodig dat hy saamkom?" Bakkes suig aan sy sigaret, oë op skrefies. Groot, gestewelde voete op 'n klein, oorvol lessenaar.

Erasmus skuif senuweeagtig aan sy bril. "E… Hy het mooi gevra, hy wil graag die huis sien."

Bakkes gee 'n snork, en verbrysel sy sigaret in die asbakkie. "Ek dog net ek en jy weet hiervan."

"Hy's 'n professor in Geskiedenis."

"Skeel my min." Bakkes sug en lig sy voete van die lessenaar af. "Terloops, jy kan nie daai ding aanhou nie, dis mos 'n sure give away!"

Erasmus stryk selfbewus oor sy grys windjekker. Die bank se logo is rooi en helder, die ideale teiken vir 'n hartskoot.

Bakkes gee hom nie kans om te reageer nie. "Luister, ons weet die donner is skelm, maar hy's boonop dalk 'n goeie skut." Bakkes vee-vee aan sigaret-as op die voorkant van sy kakiehemp.

"Ek sal iets anders aantrek voor ons ry…"

"Jy beter, jy fokken beter. En sê sommer vir daai proffie van jou…"

"Prinsloo."

"Wie ookal, hy moet nou nie 'n suit gaan staan en aantrek nie. Ons gaan 'n hele ent stap. Dalk leopard crawl, as dit moet."

Erasmus sluk, sit nog 'n paar oomblikke en staan op. "Nou ja, dan sien ons mekaar tweeuur."

Bakkes antwoord nie, knik net terwyl hy die verslete geel lêer nader trek. Daar is eintlik niks wat hy nog nie weet nie. Hy ken alles op die punte van sy dik, bruingebrande vingers. Lafras Versteegh skuld die bank geld, baie geld. Lafras Versteegh is aan die hardloop, en niemand kry hom gevang nie. En hiervan het Bahlman Bakkes nou net mooi genoeg gehad. Hy's nou al tien jaar lank opspoorder en skuldinvorderaar, en as oud-recce doen hy die ding op sy manier. Eers kry jy die man, vat hom aan die kopvel en bring hom skuldeiser toe. Laat hom kniel, stewel teen die nek. Lekker om te hoor hoe hulle smeek en soebat, beloftes maak. Almal, van die sterkes tot die glibberiges. Bakkes kyk na die dowwe foto op die lêer. Vreemde

helsem, rooi hare, baard en al. Speel glo vreeslik graag boereoorlog-boereoorlog op sy plaas, 'n entjie buite die dorp. Bly alleen daar, en elke keer wat Bakkes nog aan die voordeur gehamer het was die huis grafstil. Nie eens 'n hoender op die werf nie, net 'n ou, rooi hond wat op die stoep lê en kwyl.

Bakkes grinnik en steek vir hom 'n nuwe sigaret aan. Daai hond sal wees waar sy baas is. Versteegh kruip in die huis weg of hy's in die klofie. Bakkes blaas die rook in sirkels voor hom uit. Hy het laas keer die wêreld daar rond goed bespied. Skaars twintig meter agter die huis begin 'n voetpad en 'n bosserige klofie. Vat Versteegh daai pad, teken hy sy eie doodvonnis. Dan is dit nie meer boereoorlog-boereoorlog nie, maar bosoorlog-bosoorlog. En oud-recce Bahlman Bakkes weet wat om te doen.

Bakkes kyk op sy horlosie. Geheimhouding is belangrik. Hy vererg hom opnuut vir Erasmus oor die proffie-vent. Hy vertrou Erasmus, en dis nie om dowe neute dat hy hom elke keer saamsleep wanneer hy iemand jag nie. Dis goed om 'n getuie by te hê as dinge skeefloop, en Erasmus sal praat soos Bakkes wil hê hy moet praat. Maar nou… Bakkes staan op en stap na 'n kas in die hoek van die kantoorvertrek. sluit die kas oop en haal sy pistool uit. Die 9 mil lê swaar in sy handpalm, patroon in die kamer, veiligheidsknip voorlopig in posisie. Bakkes korrel muur toe, hand onder die regter elmboog. Hy druk die wapen in sy holster en stap buitentoe. Erasmus en nog 'n man staan by Bakkes se bakkie vir hom en wag.

"Prinsloo..." die peervormige mannetjie steek hand uit, en Bakkes vat dit teësinnig. Erasmus laat sy gas eerste inklim, en Bakkes wonder of hy nie die proffie-vent sommer onder die canopy moet injaag nie. Nee, besluit hy met 'n wrang glimlag. Met die terugkomslag is dit waar Versteegh gaan lê. Dead or alive.

Dis 'n halfuur se ry plaas toe, en Bakkes se ergenis neem stadigaan af. Die proffie-vent weet tog iets, en dit kan dalk help. Prinsloo verduidelik dat die Tweede Vryheidsoorlog sy groot belangstelling is, en dat hy besig is om 'n boek te skryf oor al die Boere-veldhere. Die Versteegh waarna Bakkes soek, is moontlik 'n nasaat van kommandant Rooibaard Versteegh wat in hierdie omgewing bedrywig was. Selfde van, selfde plaasnaam. Was

glo 'n guerilla-vegter by uitnemendheid, en het volgens bronne van 'n hele paar Engelse soldate ontslae geraak. Op eie houtjie.

"In hierdie kontrei?" wil Erasmus weet, oë groot, diep onder die indruk van die hierlangs se bloedige verlede.

Professor Prinsloo knik. "Sonder om 'n skoot te skiet."

"Merkwaardig," sê Erasmus.

"Klink na 'n bleddie lafaard," brom Bakkes.

Prinsloo skud sy kop. "Eienaardig? Ja. Eksentriek? Miskien. Lafaard? Ek dink nie so nie."

Bakkes gee 'n snork van verontwaardiging, en die besoekende professor laat vaar sy teorie.

Bakkes draai in die tweespoorpaadjie af, en hou onder 'n digte boskasie stil. Hy trek nog dieper in, en takke krap teen die bakwerk. Prinsloo loer skrams na Erasmus, maar die bankman kyk stip voor hom.

"So ja, niemand sal die bakkie hier sien nie, allermins Versteegh!" Bakkes se lag is diep en skor.

Die mans klim uit, en Bakkes vat-vat aan sy holster.

"Ons is van nou af op handgebare, het julle my?"

Erasmus en Prinsloo knik.

Bakkes trek sy pistool uit, en dis asof 'n chopper hom pas in 'n gevegsone afgelaai het. Die groot lyf se bewegings is vinnig en sekuur: boom tot boom, bos tot bos. Kort-kort staan hy skielik doodstil, vir 'n volle minuut of twee. Was dit nie hiervoor nie, sou die ander twee kwalik kon bybly.

Die huis is in sig, en Bakkes som die situasie vinnig op. Die voordeur staan oop en daar is rook bo die skoorsteen. 'n Ou, rooi hond lê op die stoep en kwyl.

Bakkes beduie iets vir die ander, en begin hardloop, liggaam gebukkend vorentoe, pistool in die gereed-posisie. Klippe en gruis knars onder sy stewels. 'n Paar kragtige hale, en hy is teen die stoeptrappe uit.

Die rooi hond sukkel vervaard orent, maar Bakkes duld geen risiko nie. Sy swaar regterstewel tref die dier vol in die ribbes. Die hond tjank nie, steier net verdwaas eenkant toe.

Bakkes se binnegaan is doelgerig, wapen en sintuie tot die uiterste gespan. By elke vertrek vries hy, rug teen die kosyn, pistool penorent voor sy gesig. Soek… vries… soek… vries… soek… vries… Slaapkamers, sitkamer, eetkamer, kombuis…

Daar is 'n vuur in die koolstoof en die agterdeur staan oop. Bakkes sien dit en vryf oor sy groot kinnebak.

Erasmus se binnekoms is behoedsaam en bang. Hy vat-vat aan sy bril en sien ook die oop agterdeur. "Lyk… lyk my hy's hier uit."

"Wel," Bakkes gryns. "Dan't hy pas sy doodvonnis geteken. Dis nou ek, hy en die klofie."

Prinsloo sluit hom by hulle aan, sy gesig rooi van inspanning en opwinding. "Daar's portrette in die sitkamer, dit was wragtig Rooibaard Versteegh se huis!"

Aldrie hoor iets oor die linoleumvloer aankom. Bakkes is soos blits by en gluur saam met sy pistoolloop gang-af.

Dis die hond, die rooi hond. Hy trek sy ore plat en kom stertswaaiend op Bakkes afgestap. Die drie mans hou asem op, maar die hond stap verby, steek by die oop agterdeur vas en kyk om.

"Kyk, hy wil ons iets wys!" sê Erasmus.

Hulle volg die hond deur die agterdeur. Wat gaan dit wees, wonder Erasmus. 'n Lyk aan 'n tou in die motorhuis? 'n Dooie Lafras Versteegh in 'n gasgevulde motor? Of gaan hier vandag geskiet word?

Dit lyk asof die hond sy rumatiek op die voorstoep laat lê het. Hy hardloop na waar die bospaadjie begin, steek vas en kyk om. Bakkes is dadelik by. Die paadjie verdwyn tussen digte bosse, boskasies waaragter die dood kan skuil. Die hond begin weer hardloop, en Bakkes moet hierdie keer uithaal om by te bly, die rugkant van sy hemp gou nat van die sweet. Die ander twee volg hom, al struikelend oor die los klippe.

In 'n oop kol gaan Bakkes skielik staan, sy lag hard en wrang. Hy beduie met sy pistool na iets op die grond. "Kyk hier lê die nasaat van julle oorlogsheld!"

Erasmus en Prinsloo is uitasem, maar hulle kom vinnig nader.

"Die fokker is 'n fake, 'n bedrieër!" Bakkes tel die vals baard op en smyt dit in hulle rigting.

Dis asof die vonds Bakkes alles oorboord laat gooi. Hy hardloop skielik met nuwe vuur, en dis nou die rooi hond wat moet uithaal. Die klofie word ruier. En donkerder.

Die bospaadjie raak meteens weg, en dinge lyk nou selfs vir Bakkes alkant selfkant. Die lug is skielik koud en nat. Bakkes soek vervaard na die hond, maar sien hom nie. Klippe knars soos die ander twee nader kom. Erasmus sukkel om te sien en loop met 'n kreun in Bakkes vas, en Prinsloo doen dieselfde. Bakkes swets gedemp. Erasmus voel die koue, en hy dink momenteel aan sy windjekker by die huis, die een met die bank se logo.

Die drie mans staan vir 'n paar oomblikke besluiteloos rond. Selfs Bakkes weet nie wat om te doen nie, al is sy pistool steeds in die gereed-posisie. "Wel, manne, ons sal maar moet omdraai. Maar jag gaan ek hom jag, dit sweer ek!" sis hy.

Professor Prinsloo bring 'n penflitsie tevoorskyn, en 'n dun ligstraaltjie boor deur die donker.

"Sit weg daai ding, wil jy nou hê…"

Prinsloo gil, en beduie met die flits. Bakkes en Erasmus sien dit ook: die repe materiaal, dowwe uniformknope, die grynsende kopbeen, kake half oopgesper asof in 'n laaste, geluidlose waarskuwing.

Prinsloo kom eerste tot verhaal. Hy gaan kniel by die grieselrige vonds. "Ongetwyfeld Britse offisiersknope!" Hy swaai sy flits vorentoe, en drie paar oë volg die ligstraal deur die donker. "Kyk, daar lê nog twee!"

Prinsloo staan op om te gaan kyk, maar Erasmus het genoeg gesien. Hy tree agteruit, struikel oor 'n paar los klippe, gryp vervaard na Bakkes en pluk hom om.

Bakkes se val, sy gedempte vloek smoor die ou, geoliede staaldeur se sagte, dodelike klik.

# DIS DIE BLOND, DIS DIE BLOU

Eers was dit Koos van der Merwe en toe Mike Schutte. Deesdae is dit die blondines wat die mense laat lag. Weet hulle ooit dat daar met hulle gespot word? My blonde vrou weet, en sy verpes dit. Nie omdat dit seer maak nie, sê sy, dis bloot afgesaag.

Nou die aand is ons op pad na Loftus Restaurant. So in die ry vertel ek enetjie wat ek vroeër die dag op kantoor gehoor het. Ek loer uit die hoek van my oog, wagtend vir reaksie. Sy lag nie, kyk net verveeld deur die kantvenster. "Blondgeit kan natuurlik ook 'n bate wees," sê sy skielik. "Veral as dit by mans kom..."

Ek wil uitvra, maar besluit daarteen. Netnou hoor mens iets wat jy nie moet hoor nie, en buitendien, waarom nou 'n ysbak omkeer op 'n belowende aand van rose, Rosé en romanse?

Die restaurant is sag verlig en vol mense, maar met die instap herken ek dadelik vir Kiepersol Koesee, Bloubulslot van so twee, drie dekades gelede. Hy en 'n paar vriende sit eenkant by 'n hoektafel, hulle stemme aansienlik harder as die agtergrondmusiek van Vivaldi se Vier Seisoene.

My vrou se stoel word met swier vir haar uitgetrek, en die kelner steek ewe behendig die tafelkers aan. Hy plaas die wynlys voor my neer. Terwyl ek dié bestudeer dreun Kiepersol Koesee se stem deur die restaurant. So in die intieme gloed van die kers betrap my vrou my dat ek hier kyk en daar luister, want Kiepersol skinder hardop en hy skinder interessant: "Naas Botha? *Overrated*, man, *overrated*! Oom Buurman? L-ê-k-k-e-r bedonnerd as hy die dag wil, lêkker bedonnerd!"

My oog val op die rooi roos tussen ons, en ewe onnadenkend sê ek dat aangesien dit nou Loftus restaurant is, mens eerder 'n Barbertonse madeliefie sou verwag. My vrou sê niks, draai net haar kop doeriekant toe soos net sy dit kan doen.

Gelukkig is die kelner gou by met die wyn, inderdaad 'n elegante bottel Rosé. Ons klink glasies en sê 'n paar mooi woorde vir mekaar. Die kerslig speel met my vrou se hare, sit vonkel in haar blou oë. 'n Beweging trek my aandag. 'n Paar manne met bulnekke en blomkoolore sluit by die

hoektafel aan. Almal kêrels wat op hulle dag Loftus stuif getrap het, maar nou 'n vendusieskaal sal laat bulk.

"My hel, ou Kiep, hoessit!" Een van die aankomelinge klap Bloubul Koesee hard en uitbundig op die rug.

"*Yes*, man!" Dis duidelik dat Kiepersol die man nie dadelik herken nie, maar nogtans bly is om hom te sien.

Die voorgereg word met gebaar voor ons neergesit. Snoek met knoffelbotter en druiwekonfyt, treffend gegarneer met pietersielie en suurlemoen. Maar by die hoektafel word daar nie geëet nie. Die manne drink soos hulle praat: al hoe harder en harder. Laat staan maar Vivaldi se Vier Seisoene, by die hoektafel is daar net een seisoen en dis die rugbyseisoen.

Terwyl my vrou die kok komplimenteer, bemerk ek jou werklikwaar vir Ertjies Viljee, skrumskakel van weleer. Ertjies het doodgewoon vet geword, en soos hy destyds die bal by die oond ingesit het, por hy nou sy oudkaptein met allerhande sêgoed aan. Wat hiervan en wat daarvan? Wat dink Kiepersol van deesdae se spelers wat so baie betaal word?

Kiepersol Koesee skiet sommer reguit en hy skiet van die heup af: Betaal om te speel? Moffies, man! Pênzies, die hele spul!

Dis tyd vir die hoofgereg. Kalfsvleis, sag gerol in 'n verleidelike degie, voorgesit met kapokaartappels en keurige groente. Ons klink weer glase. Smaaklike ete! Die kerslig sit steeds vonk in my vrou se hare, al pluk-pluk Kiepersol Koesee se stem aan die vlammetjie tussen ons.

Ertjies Viljee het intussen orent gekom. Hy maak 'n paar balletpassies, bloot om vir sy tafelmaats te wys hoe die pênzies dit doen. Die hoektafel cheer lank en luidrugtig. Ertjies vind opnuut guns in sy kaptein se oë.

Ons eet verder. My vrou wil gesels, maar Kiepersol het eers iets op die hart: "Moffies? Nee, hulle was in ons tyd ook maar daar!"

Onwillekeurig spits ek my ore. My vrou begin praat, hard en doelgerig. Oor die kinders, oor haar Ma, die skool, enigiets, maar Kiepersol bly al tussenin.

Die hoektafel se hoofdis arriveer. Dik steaks so reg uit die bulkraal. Die manne skinder nie meer rugby nie. Hulle praat nou oorlog, en die groot

man gee steeds die toon aan: "Irak? Bush? Nee wat, daai spul Amerikaners toer nie goed weg van die huis af nie! Vat nou maar daai gyselaars in Irak. In 1980, toe Bill Beaumont se Britse Leeus hier was. Êrrie opgesmêsh, lank voor hulle..."

"Iran, dit was Iran," waag Ertjies.

Kiepersol frons: "1980? Bill Beaumont se Leeus? Dit was IRAK, of soek jy dalk ...?"

"Irak, sôrrie man," beaam Ertjies vinnig, en die ander hoekmanne knik. Dit *was* Irak, vir wat lol Ertjies dan nou.

Dit was Iran, onthou ek, maar ag wat, deur Ertjies se toegewing is die hele kwessie mos nou vreedsaam opgelos.

Kiepersol Koesee vat ons dwarsdeur poedingtyd. Die restaurant dreun van ou kleedkamergeheime en dig bewaarde taktiek. Ons gaan saam op toer en hoor van hierdie bekende ou se stink kouse en daai ou se posisionele behendigheid op en van die veld. Baie, baie interessant.

Skielik pluk my vrou haar handsak nader. 'n Paar oomblikke se gegrawe in die klein, persoonlike goudmyn lewer 'n dik viltpen op. "Blond nê, hou my dop!" Ek probeer keer, maar sy is reeds op pad hoektafel toe, haar aanvanklike stormloop nou 'n sensuele soort fluistergang.

Kiepersol kyk op, en die manne volg sy oë. My vrou hou haar kaal arm en die pen na hom toe uit.

"Jou handtekening, indien jy nie omgee nie ..."

"Maar al te seker, Blondie!" sê Kiepersol. Die manne cheer hard en luidrugtig. Een of twee loer onderlangs in my rigting. Word dit nou van my verwag om my vrou se eer te beskerm, wonder ek. Moet ek nader stap, 'n steakmes vat en dit diep in Kiepersol se skof indruk? Hoop dat die lem nie buig of breek nie?

Kiepersol se een hand, die hand wat soveel lynstaanballe vir die Noorde gewen het, gly saggies om my vrou se pols. Die ander hand, die een met die welberugte muilskop wat menige opponent soos 'n os laat neerslaan het, stryk stadig oor die wit van haar binne-arm. Die swaar lippe vorm noukeurig saam aan elk krulletjie en draaitjie: K-i-e-p-e-r-s-o-l K-o-e-s-e-e.

Die manne cheer weer 'n keer. My vrou staan vervaard terug, haar gesig die ene verbasing. Maar ek ken mos my vrou. My blonde vrou.

"Kiepersol WATSEGOED?" Dis skielik stil in Loftus restaurant. "Maar ek dog dan jy's Frik du Preez!"

# SWANE HUIL NIE

Sy was al vantevore op die voorblad. Eintlik was dit mies Naudé se idee. "Laat die koerante kom," het sy gesê, dis nou toe almal van die ergste skok en afgryse herstel het. "Dan sue ons. As die ding eers in die koerante is, gaan die bakery betaal. O jirre, hulle gaan betaal."

Almal wou in. Die Horn-gesin, die hele straat se kinders én mies Naudé. Die fotograaf had 'n moeilike taak: Aan mies Naudé verduidelik dat hy onmoontlik haar slippers kon inpas, dis 'n koerantfoto, nie 'n troufoto nie; die Horn-kinders van die straat se kleingoed skei; en vir Buks en Stoffel vermaan omdat hulle baklei oor wie die brood vashou. Ma Horn het pas haar derde gil gegil toe die fotograaf tussenbeide tree: "Wa', wa', wa' nou… Daai meisietjie daar, laat sy die brood vashou…"

Gesigte vol verontwaardiging.

"Wat's jou naam…"

"Dis Clerise, my bybetjie, maar dis nie sy wat die brood gesny het nie, dit was Stoffel, die middelste…" sê Ma.

Maar die koerantfoto was al klaar in die koerantman se kop: "Nou Clerise, kom staan jy hier in die middel met die brood. So, ja. Moenie bang wees nie, meisie, hou hom maar so 'n bietjie weg van jou af... So-o-o ja."

'n Klik en 'n flits. 'n Geskiedkundige oomblik vries.

Die volgende oggend deel hulle die voorblad met die Staatspresident. *PW waarsku Mugabe*, sê die hoofopskrif, en op die foto dreig 'n voorvinger van agter 'n battery mikrofone. *Gesin se grieselrige vonds*, sê 'n ander opskrif. En die foto praat saam: Ma, die vriendelike vroomheid self, skaars iemand wat pas op haar kinders gegil het; Pa, bokser-kakebeen oudergewoonte halfmas; Mies Naudé, pruimedantgesiggie op 'n surerige trek. Die nuwe slippers was puur verniet, maar die bakery gaan betaal, o, jirre, hulle gaan betaal. Buks en Stoffel in die agterste ry, arms gevou soos die Rooibontes dit op spanfoto's doen. En, in die middel, Clerise met haar wit haartjies, dun rokkie en wit toeknooptruitjie. Clerise wat die brood met die reste van die muis half-bangerig, half-triomfantelik voor haar uithou.

Clerise is nie 'n familienaam nie. Ma had omtrent genoeg van al die Annas en Margarethas. Boonop het Pa gesê dis orraait met hom, dis 'n meisietjie. Was dit 'n seun sou hy nie ja gesê het vir so 'n fancy naam nie.

Ma het die naam jare tevore oor Springbok gehoor. Clerise was die mooi nursie wat in die stad gaan werk het. Slim girltjie, maar arm. Hulle het dit nie gesê nie, o, hulle sal dit nie sê nie, maar jy kon smmer hoor hulle bedoel sy's uit die Suide. Die suburbs. Die mooi nursie en die handsome dokter raak toe verlief op mekaar, maar sy grênd ouers wil hê hulle seun moet met sy eie soort trou. Sy sê toe 'rait, as die hele ding nou skielik haar skuld is, gaan sy liewer weg, en sy doen dit. Baie later kom hulle weer by mekaar uit en hulle trou. Happily ever after, soort van, die soort lewe wat 'n Ma Horn vir haar eie dogter wil hê. Ver van hier.

Hier was in 13de Straat, Malvern, aan die verkeerde kant van Julesstraat, naby die spoor. Skaars veertien en Clerise kom agter hoe smal die straat is. Met die verbystap skuur hulle teen jou: mansmense van verskillende ouderdomme, omies, jong puisiegesigte, fietas, almal. En die tannies begluur jou. Dié een deur die varings op haar rooi stoep, daai een terwyl haar arms soos beskuitdeeg oor die tuinhekkie hang. Want dis jou skuld dat jy mooi is, dat ou omies met kruisbande oor jou kwyl en jong tange met stywe jeans jou besnuif asof jy 'n teefhond is.

Dis toe dat Ma besluit sy praat, want sy het die jong mans se oë gesien en hulle hande en hulle heupe. En Clerise was mooi, net soos Clerise van die storie, maar hier in 13de straat was daar nie dokters nie, never mind handsome dokters.

Op 'n dag vat Ma haar dogter skielik aan die arm. Hulle moet 'n entjie gaan stap, want Ma wil jou vertel waar jou naam vandaan kom. Op met 13de tot in Jules, al met die sypaadjie Germiston se kant toe, in by 14de, weer terug in Jules, in by 15de…

"Dis nie jou skuld dat jy mooi is nie. Kyk na daai eendjies langs mies Naudé se voordeur," wys Ma met die wegtrek.

Clerise knik, sy ken dit goed.

Dis nie al nie, beduie Ma, kyk daar, in daai tuin is daar 'n swaan, reg langs die kabouter wat sit en visvang. Weer knik Clerise. Grootoog, want

wat wil Ma nou. Sy stap elke dag skool toe, en ken elke tuinkabouter, eend en swaan hier rond.

"Die ding is," beduie Ma effe uitasem, sigaret tussen twee reguit vingers: "Jy kan 'n swaan word. Swane lyk hartseer, maar hulle huil nie. Hulle is gelukkig en hulle is mooi. Swane lyk so meek en mild, maar hulle survive. Hoekom? Hulle het style, my kind."

Sy verstaan, knik Clerise. Eintlik is dit al 'n hele tydjie dat sy verstaan.

"Of, my kind, jy kan 'n eend word. Eende is almal eenders. Jy kan die heeltyd hier rondvlieg totdat jy 'n man soos Pa trou en teel en dik en oud word. Hier, in 13de straat. Vasgeplak en gekondêm soos die eende teen mies Naudé se stoepmuur."

"'n Man soos Pa?"

"Ja, 'n man soos Pa met 'n swaar tong en 'n mond wat nie meer wil toe nie en wat sy hele lewe nog net oor één ding kon praat en dis bôxing, bôxing, bôxing… Kyk na Buks en Stoffel. Niks fout om 'n mechanic te wees nie, maar het jy hulle al met skoon hanne gesien, hê? Skaars terug van Jack's Garage of hulle grawe in hulle eie karre, as jy daai scrap karre kan noem. En… Kyk na my…"

'n Paar jaar later, die middag van haar laaste skooldag het Clerise reguit kamer toe geloop en twee tasse gepak. Toe sy klaar was, het sy in die gang vir 'n paar oomblikke na haarself in die spieël gekyk. Swane huil nie, hulle lyk maar net so hartseer.

Ma en Pa was in die sitkamer. Ma het gehuil, maar tussen haar trane deur geknik: "Ma gaan jou mis, my kind, maar dis ek wat daar staan, tasse en al."

Pa se bewe-siekte het dit makliker gemaak. Die soen op sy wang kon netsowel vir kom gewees het as vir gaan.

Met die deurstap agterplaas toe het Buks en Stoffel byna gelyktydig hulle koppe onder die Cortina se enjinkap uitgetrek. Buks wat sy skyf ingedagte na die ander mondhoek verskuif, Stoffel wat sy hande aan die olielap afvee voordat hy haar 'n drukkie gee: "Jinne, sus, so jy waai nou?"

Die taxibestuurder was nors en die sitplekke vuil, maar vir Clerise was dit asof sy in 'n koets klim. By die aansluiting van 13de straat en Jules

het sy vir oulaas omgekyk. Na die omies wat skuur en die tannies wat gluur, na die vatterige fietas en die stom eendjies teen mies Naudé se stoepmuur.

"Regs of links!"

"Regs. Germiston toe. Germistonstasie."

Hy onderdruk sy gaap met moeite. "Niks besonders tot dusver nie…"

Die paneellede om die spieëlblink tafel stem saam, iets wat hulle gewoonlik doen wanneer meneer Pretorius praat.

Die korporatiewe konferensiekamer is smaakvol gemeubileer. Puur duur Sandton.

"Wie's volgende?" Pretorius tuur verveeld deur die groot venster.

"Me Clerise Horn, meneer. Van Kaapstad. Nommer vier op die lys voor u."

"*Clerise*… Nogal 'n fancy naam wat mammie haar gegee het. Klink soos die een of ander deodorant."

Enkele paneellede lag hoflik. "Geen naskoolse kwalifikasies nie, meneer, wel 'n paar rekenaarkursusse en so. Maar sy het klaarblyklik goeie praktiese ervaring. Goeie voorkoms, voorheen al skakelwerk gedoen, sal goed inpas by die korporatiewe beeld."

"Ja, ja… Ek het die storie al voorheen gehoor. Moet sê, nie een van my vorige sekretaresses het juis lank gehou nie."

'n Paar paneellede kyk vir mekaar, maar niemand sê iets nie.

"Laat haar maar inkom," beduie meneer Pretorius met 'n moeë handgebaar.

Die groot houtdeur gaan oop. Haar binnekoms is dié van 'n swaan, nie 'n fladderende eendjie wat hier in in die grote Goudstad kom werk soek nie.

Oë om die tafel verstar. Pretorius s'n vernou. Maar al die oë volg dieselfde pad: eers die hoë hakke, dan die dun enkels, op met die slanke bene, oor die snyerspakkie wat volmaakte rondings suggereer, al met die slanke nek langs tot by 'n blonde kroon wat in 'n stemmige bolla vasgevang is.

'n Takserende stilte.

Pretorius kom eerste tot verhaal. Hy kug, en vat 'n sluk water. "Neem plaas, juffrou e… Horn, neem plaas. Dit is mos juffrou, nê?" Pretorius loer tersluiks na sy tafelgenote, en hulle lag saam.

Sy bevestig met 'n glimlag en 'n kopknik, en gaan sit. Sy kruis haar bene. Stadig, byna berekend.

"Wel, vertel ons 'n bietjie van jouself." Pretorius se oë is 'n snaakse grys, byna onleesbaar.

"Ek het in Malvern groot geword."

"Nou toe nou. Malvern soos hier in…" Hy lyk kamma verbaas.

"Johannesburg." Sy kyk hom waterpas in die oë. "Dertiende straat, Malvern."

"Ek hoop nie dit was 'n ongelukkige dertien nie, juffrou."

"Nee, glad nie, ek was gelukkig daar." Sy dink skielik aan haar Ma. "Ek het baie daar geleer."

"Dit kan ek glo, ja, dit kan ek glo." Hy glimlag, en loer weer na die ander om die tafel. "Ja?"

"Direk na skool is ek Kaap toe, en het soos baie ander jong mense in 'n restaurant begin werk. As kelnerin."

"Dis nou wat mens noem *waitressing*."

"Eers as kelnerin, later bestuurder. Toe sien ek die advertensie in die koerant." Sy glimlag, en dink aan haar kinderdae. "Ek en die koerante was nog maar altyd goeie maats."

Hy glimlag ook, geniet haar onskuld.

"In elk geval, dit was 'n sekretariële pos, Stad Kaapstad. Wel, ek was gelukkig genoeg om aangestel te word. Mettertyd het my pligte uitgebrei na onthale en skakelwerk. Het dit baie geniet, maar toe sien ek u advertensie…"

"Wéér in die koerant." Hy het 'n nuwe vatplek.

Sy lag. "Nee, internet." Sy lyk skielik weer ernstig. "Ek aanvaar dat u baie van u werknemers verwag, maar ek hou van uitdagings, die pakket wat aangebied word lyk aantreklik en…"

"En?"

Sy kyk vir die eerste keer af. "Ek wil weer Johannesburg toe kom. My Ma leef nog."

"En sy bly nog in…" Die wolf weet, maar hy wil die eendjie dit self hoor sê.

"Malvern, maar hoër op, bokant Jules." Sy is onmiddellik vies vir haarself. Sy kan voel hoe haar nek verkleur.

Hy glimlag nie meer nie. "Goed dames en here, enige vrae?" Die paneellede skud kop. "Dankie juffrou, ons sal jou laat weet."

Terwyl die paneellede hulle leêrs en papiere bymekaar maak, staan Pretorius by die venster en uitkyk. Sy blik dwaal suidwaarts, na waar Malvern min of meer moet wees. Dertiende straat Malvern…Nog 'n lelike eendjie wat swaan geword het. Hy grinnik, en wonder hoe die Malvernse eendjie gaan smaak. Hoe lank sy gaan uithou, hoe lank sy gaan teëstribbel voordat hy haar teen sy kantoormuur vaspleister. Nes hy met die ander eendjies gedoen het. Eendjies is per slot van sake maar net eendjies, almal in 'n ry…

Vir 'n paar oomblikke sien Pretorius sy eie weerkaatsing in die venster. Die grys oë, die grynslag, die geel tande, die druipende rooi tong. 'n Roofdier wat nie anders kan nie.

Vir die tweede keer deel sy die voorblad met 'n president. *Zim's OK, says Thabo*. Blye versekering van agter 'n skans van mikrofone. Dan, 'n bietjie laer af: *Sex Pest pays up*. Die Engelse koerante weet van beter, sou mies Naudé gesê het. 'n Vollengte foto van me Clerise Horn. In sittende posisie, bo-op die lessenaar in haar kantoor. Bene elegant gekruis sodat die fotograaf haar skoene kon inkry. En sy hou twee dokumente triomfantelik na die kamera toe uit: in die een hand 'n afskrif van die hofbevel, in die ander 'n brief. Meneer Pretorius se bedankingsbrief.

## SEMPER PARATUS

Die minister se voorvinger boor waarskuwend die naghemel in en sy ken daag uit: mors met ons en julle sal sien!

Die lanseerplatform vir die interkontinentale dreigement is 'n plattelandse podium, wydsbeen oor die middellyn van 'n ylbeligte rugbyveld. 'n Geduldige verhogie vol hoogwaardigheidsbekleërs, ampskettings en medaljes. Daar is ook potplante, skouerruikers en ander plantegroei.

Intussen bruis en bewe die volgepakte pawiljoen. Elke hamerslag op die kateder, elke deklamerende handgebaar is 'n ministeriële sinjaal: juig maar, laat julle blydskap die aandlug vul! En die dorpelinge verbly hulle in die minister se toespraak, in sy gevatheid, in sy blote teenwoordigheid.

En die minister ontsien vanaand niemand nie: die VVO, die OAE, die USSR, die VSA, die liberale pers, sluipslapers, sestigerskrywers – almal loop deur. Sommige as voordansers, ander as deel van die vyfde kolonne. Verskillende rolspelers met 'n enkele oogmerk: 'n spies in die volkshart. "Maar, dames en here, die grootste gevaar van ons tyd is terrorisme. Daar is 'n paar dinge wat u van die terroris moet weet. 'n Terroris is 'n gevaarlike ding. Hy is goed opgelei, tot die tande toe bewapen deur die Russiese Beer en die Sjinese Draak. Hy is maldronk van propaganda. Die terroris is ook slu. Hy is die opstoker in die bustou, die aanstigter by die taxi-staanplek. Dalk die man wat vanaand onwettig in u agterplaas oornag."

Agter die pawiljoen is dinge aan die gebeur. Kort na die minister se toespraak gaan lede van die plaaslike kommando vir 'n verrassingsitem sorg. Operasie Kobra is die resultaat van maandelange beplanning in die kommando-HK. Vandaar die presisie met operasionele detail:

| | |
|---|---|
| 20h23: | Terroristegroep beweeg vanaf noordekant oor atletiekbaan en beset rooi sone tussen podium en pawiljoen. |
| 20h27: | Terroristegroep loods aanval met blinde patrone en donderbuise. |
| 20h31: | Spesiale Taakmag loods teenaanval vanaf suidelike doelpale en neutraliseer terroristegroep. |

20h36: Leier-terroris oorleef teenaanval en steek motorwrak aan die brand. Hy word met onmiddellike effek geneutraliseer.

20h41: Nuutgestigte Gemotoriseerde Brandbestrydingseenheid nader gevegsteater vanuit suidelike rigting met brandweervoertuig op vol sirene.

20h42: Brandweervoertuig kom 30° noordwes voor podium tot stilstand. Bemanning ontplooi.

20h47: Brandbestrydingseenheid blus brand en plaas toerusting weer op voertuig. Voertuig bly in posisie tot na afloop van verrigtinge.

20h52: Bevelvoerder van Spesiale Taakmag marsjeer na podium.

20h53: Kommandant verrys tussen ander eregaste en beweeg na voorpunt van podium.

20h54: Taakmagbevelvoerder halt voor podium en salueer kommandant.

20h54: Kommandant beantwoord saluut.

20h55: Taakmagbevelvoerder rapporteer hoorbaar: "Aanslag afgeweer, missie suksesvol voltooi, kommandant!"

Die minister se voorvinger skiet vir oulaas omhoog: "Ja, liewe vriende, ons moet te alle tye gereed wees vir die bedreiging in ons midde. Soos die leuse van u pragtige dorp dan ook so paslik getuig: Semper Paratus! Immer Gereed! Ek dank u."

Te midde van dawerende applous neem die minister weer sy plek in. Die plaaslike volksraadslid is dadelik op die been: "Meneer die seremoniemeester, agbare minister en sjarmante gade, ons geliefde burgemeesterspaar, ander hoogwaardigheidsbekleërs, vriende, veroorloof my om namens ons dorp en sy mense vir u ons geagte minister van harte te bedank dat u ondanks 'n druk program vanaand ons met u teenwoordigheid vereer. Dankie dat u vanaand weer op so 'n treffende wyse ons aandag gevestig het op die gevare wat ons mooi land hier aan die suidpunt van 'n donker kontinent bedreig. Geagte minister, in besonder wil ons u bedank dat

u die kring nouer getrek het en ook ons oë geopen het vir die gevare in ons midde."

Die seremoniemeester is die enigste lewende siviele persoon aan wie die geklassifiseerde besonderhede van Operasie Kobra toevertrou is. Hy beskik ook oor magtiging om aspekte daarvan aan die publiek oor te dra: "Dames en here, die plaaslike kommando gaan nou 'n verrassingsitem lewer. Ek kan die sluier bietjie lig deur te sê dat dit in die gees van ons agbare minister se toespraak sal wees. Vriende, ek moet u waarsku: daar gaan geskiet word. Wees gerus, dis blinde patrone, blanks, maar ons oumense en die kindertjies moet asseblief nie skrik nie!"

Die seremoniemeester kyk op sy horlosie en gaan sit. Vir 'n paar oomblikke heers 'n doodse stilte. "GWA!" laat hoor 'n grapmaker iewers uit die gehoor. Party mense lag, ander maan tot stilte. 'n Hegte formasie van sluipende, swartgesmeerde skaduwees vorder ongemerk tot by die tientreë-stippellyn.

Die vermomde leier-terroris (comrade Danie) onderskei hom vroeg-vroeg as voorbok en kakmaker deur 'n donderbuis tot vlak voor die hoofpawiljoen te gooi. Die ontploffing is so reg uit die maag van die hel. Mense gil en druk ore toe. Iewers op die pawiljoen huil 'n babatjie.

Die lede van die taakmag doen amateurtoneelspel eer aan: hardloop, koes, vuur, leopard crawl, vuur. Die slag is kort maar beslissend. Byna die hele terreurbende sneuwel te midde van geweergeknetter. Comrade Danie oorleef die slagting en steek die motorwrak aan die brand. Sy triomf is van korte duur. Die blanks doen hulle werk, en hy boet vir sy lafhartige daad. Sy val geskied in stadige, ingestudeerde aksie: 'n krampagtige gryp na die bors, gevolg deur 'n steierende neersyg grond toe. Voete en bene wydgestrek, 'n veilige entjie van die inferno wat hy pas ontketen het.

Die skare juig. Hulle is tevrede. Die minister se woorde word deur die dorpswapen beaam: Semper Paratus! Immer gereed!

Die Lied van die Toreador uit Carmen sou gepaste musiek vir die volgende fase van die skouspel kon wees. Nietemin sorg die blote aanskoue van die dorp se nuwe brandweerwa vir genoeg oe's! en a's! Die rooi waterkar kom met sirenegeskal en 'n swierige draai skuins voor die podium tot stilstand. Vier lede van die bemanning was suksesvolle

kandidate in 'n onlangse brandbestrydingskursus. Van die vyfde lid (in opleiding) word verwag om op 'n gegewe teken die brandkraan oop en toe te draai.

Die gebeure is vinnig en saaklik, soos grepe uit 'n dokumentêre rolprent: Die tamaai groot slang wat afgerol word. Vier manne wat vasvat voor en sonder inagneming van persoonlike veiligheid na die brandende wrak beweeg.

Aan die voorpunt is Buks Bruwer, die kursus se topstudent. 'n Toegewyde kêrel met voorarms soos jong boomstompe. Leiermateriaal. Kort agter hom Sening Vermaas. Ook met flying colours geslaag, daarom op nommer twee. Vaatjie Verdruten sak op nommer drie. Nie onderskeiding behaal nie, maar nou ja…

'n Ketting is so sterk soos sy swakste skakel, waarsku die plakkaat in die kommando-HK. Tallies Theron is die hemelbesem van die groep. Kursus net-net deurgekom, daarom is hy nommer vier. Die beskermende jas is myle te kort, en van onder daai groot geel helmet kan hy wragtag niks sien nie.

Die kraan word oopgedraai. Water bruis en die brandslang spoeg 'n kragtige straal die naglug in. Operasie Kobra is in volle swang.

Hetsy van skrik of puur slapgatgeit, maar dis Tallies wat eerste laat los. Die gedempte gil laat Vaatjie Verdruten vervaard omkyk, en dit lei tot sy struikeling en val.

Sening Vermaas is 'n taai kêrel, maar ook net van vlees en bloed. Hy veg vir 'n paar oomblikke om behoud van die nommer twee-posisie en waai toe soos 'n vrot vel eenkant toe. Dis asof die waterslang met die ontslag van elke brandweerman al hoe kwater en kwater word.

Nevermaaind die stryd teen die kommunistiese blok, dis nou Buks Bruwer versus Die Slang. Vir 'n paar oomblikke lyk dit of die boomstomp-voorarms hulle ding gaan doen, maar hulle opponent verander skielik van taktiek. Die slanglyf kronkel eers hierdie kant toe, dan weer vinnig anderkant toe. Al spuitende.

'n Gewone sterfling sou al laat los het, maar Buks hou by, weliswaar met sulke benoude toutrektreetjies. Nogtans is dit die slang wat besluit wie en wat deurdrenk word: Die taakmag op mars deur die reënwoude; gesneuwelde terroriste wat skielik lewe kry en laat spaander; comrade

Danie, eensklaps sonder cammo en wit van aanskyn; pawiljoenrye vol vlugtende burgerlikes; eregaste wat te midde van fladderende toespraaknotas en vlieënde potplante skuiling soek.

Gelukkig kry die brandende wrak ook 'n paar veeghoue. Dis eers toe Buks wang-eerste oor die atletiekbaan skuur dat Sening Vermaak daarin slaag om op die wa te spring en die kraan toe te draai.

Die laaste gille weerklink nog toe die taakmagbevelvoerder soos 'n staalveer orent kom, sy geweer versit en sjloep-sjloep tot voor die podium marsjeer.

Dit duur 'n rukkie voordat die kommandant versigtig oor die kateder loer.

Die taakmagbevelvoerder se saluut is ferm, en sy woorde netjies in gelid: "Aanslag afgeweer, missie suksesvol voltooi, kommandant!"

# ROOI DUIWEL SE AS

Van jongs af 'n ware derduiwel met 'n bos rooi hare wat jy in elke losskrum en vuisgeveg sien. Skaars sestien en hy speel eerste span. Dis toe dat die ooms wat hulle bakkies langs die veld parkeer begin praat van Rooi Duiwel. Elke keer as Rooi Duiwel druk of iemand karnuffel, hoor jy net toeters en 'n goedkeurende gebrom. En van die veld af is hy net so kwaai. Met hom lol niemand nie, van busprefek tot prinsipaal.

Almal het verwag dat Rooi Duiwel na skool by die Unie-weermag sou aansluit, met panserkarre rondry of soiets, maar hy gaan werk toe in die bank op Brakpan. Agter al die rugby-robuustheid was daar toe al die tyd 'n stiptelikheid, 'n streep vir syfers, 'n liefde vir detail. En dis juis in die bank waar hy vir Dina ontmoet. Stil en pligsgetroue Dina, bebrild en beskermd. En was haar Pa en Ma nou beïndruk met dié jong man! Netjies in sy flannel en rugbybaadjie toe hy kom ouers vra:  rooi snorpunte sorgvuldig geknip, ruwe borshare agter 'n krawat versteek.

Intussen gebeur dinge soos die ooms voorspel het: skaars twintig of Rooi Duiwel sak in Brakpan se voorry. Sommer in sy eerste seisoen vat die Panne die beker. Kort daarna kies hulle hom vir Oos-Transvaal. Die Rooi Duiwels, so genoem omdat hulle rooi truie dra en die spel op die harde manier speel. Reg in Rooi Duiwel se kraal.

Met die huwelikslewe gaan dit ewe goed. Hy en Dina is wel kinderloos, maar hulle is gelukkig. Hulle verstaan mekaar. Alles spanwerk: hy gee instruksies en sy voer dit uit. Tot op die naaste desimaal.

Maar boeta, sodra Rooi Duiwel daai rooi trui oor sy kop trek, bars die opponente: Ligbloues, Rooibontes, Piesangboere, die hele spul. Veral op PAM Brink-stadion, Oos-Transvaal se tuisveld daar op Springs. 'n Lappie klipharde wintergras met stellasie-pawiljoene waardeur die hoëveldse windjie ysig waai. Weereens trap Rooi Duiwel diep spore, want al hoe meer besoekers buig die knie. Dis net die WP wat nie wil saamspeel nie. Wanneer hulle Springs toe kom wemel dit van Springbokke uit Dok Craven se stal. Maak nie saak hoe hard die veld of hoe vurig die plaaslike ondersteuners is nie, die Kaapse kêrels doen dit elke keer. Op so 'n

skewebek-, windgatmanier. Rooi Duiwel raak naderhand heel obsessief daaroor, maar vir die WP kry hy nie geklop nie.

“Dis jou bloeddruk. Dis nie net ‘n kwessie van gelaatskleur nie, jy’s ‘n vulkaan! ‘n Vulkaan wat enige tyd kan ontplof!” Rooi Duiwel aanvaar die dokter se tyding heel gelate. Tien seisoene in die middel van die oond is genoeg. Sy speeldae is verby, maar hy sal voortaan coach. Dalk op dié manier die WP pakgee.

Jaar na jaar rig Rooi Duiwel die Ooste se rooispan af maar vir die WP wen hulle nie. Al die oefensessies, al die gebulder, al die geskree help niks. Wanneer die Streeptruie Springs toe kom, keer hulle telkens triomfantelik huistoe. Grootmeneer.

“Ek gaan nie weer hier opstaan nie, dis verby met my.”

Bebrilde Dina is hartseer maar getroos. Dalk is daar ‘n rugbyhemel waarheen alle oudspelers gaan. Ja, selfs haar ou Rooi Duiwel. Maar tyd vir treur is daar nie. Nader staan, want hy het ‘n paar laaste instruksies:

“Ek wil veras word. Oor twee Saterdae speel die Ooste hier op PAM Brink teen die WP. Die game begin halfvier. Nes dit lyk asof die ref die eindfluitjie wil blaas, dan strooi jy my as oor die veld, voor die tonnel van die hoofpawiljoen. Ek wil vir oulaas daar wees wanneer die manne van die veld af kom. Sorg net dat jy naby die kantlyn sit. O ja, en moenie na my dood oor dinge in en om die huis bekommerd wees nie. Die klub sal sorg, klaar gereël. Ek was nie verniet tien jaar donnerse ere-president nie, of hoe?”

En toe sterf hy.

Die heelmiddag is Dina boogsnaar. Sy vat-vat aan haar bril. Dis glo nog maar die voorwedstryd, en alles is reeds so deurmekaar: die mense se geskree, die skril geblaas van fluitjies. Sy het voorheen altyd by die huis na die radiokommentaar geluister. Nou gil en swets dit om haar en bo-oor haar, en dan het sy boonop die houer om na om te sien.

Kwart oor drie kom haal een van die beamptes haar. Ore du Toit. “Dinatjie, ek het gedink dis goed dat die manne jou sien, net voor hulle opdraf.” Hy vat Dina beskermend om die skouers en lei haar die tonnel in. In die tuisspan se kleedkamer oorweldig die emosies en walms Deep Heat haar. Terwyl die trane teen haar wange afrol knyp sy die houer onder haar

arm vas om ‘n sakdoek uit te haal. Haar bril val op die sementvloer, maar daar is nie tyd vir optel nie, want Ore trek haar nader. Sy stem dreun deur die kleedkamer:

“Kêrels, sien julle hierdie weduweetjie? Ons speel vandag vir haar. En vir hom, waar hy ookal mag wees. E… Dalk is hy op hierdie oomblik saam met ons, hier in die kleedkamer. Nou ja, manne, te hel met die WP en hulle Springbokke. Vandag gee ons hulle op hulle m… Vandag speel julle soos ware Rooi Duiwels!”

Terwyl Ore du Toit vir Dinatjie nog stewiger vashou, beweeg die kring van spelers vinnig nader met ‘n groot “Ja-a-a!” Dina hoor vaagweg hoe iemand op haar bril trap.

Sy wil nog iets sê, maar Ore draai haar deur se kant toe.

In die tonnel verneem Ore of sy dan nie by hom in die presidentsboks wil kom sit nie, sy sal van daar af die wedstryd beter kan sien. Nee, dis beter dat sy vanmiddag naby die veld sit, verseker sy hom, oë op skrefies, hande styf om die houer. Hy wou dit so gehad het. Ore knik begrypend, kop skuins in deernis en meegevoel.

Die stryd is verwoed. Dina kan dit hoor, al sien sy nie veel nie. Die hoewegedreun. Die dowwe duikslae. Die asems wat snak. Hier en daar bene wat kraak. En die heeltyd skree die skare. Dit word rustyd en dan hervat alles weer.

“Wat is die telling?” wil Dina weet, hande steeds styf om die houer.

Die groot man langs haar verstik amper in sy biltong. “Wat meen jy? Kyk na die score board! Ons loop voor!” gil hy.

Deur haar skrefiesoë kan Dina skaars die spelers herken, en nog minder die telbord lees. Sy kan darem die spanne se kleure uitmaak. Blou en wit strepe aan die een kant, rooi truie aan die ander.

“Sê my as dit amper klaar is!” waag sy dit weer met die man.

‘n Rukkie later klop die mede-toeskouer haar op die skouer: “Dis amper klaar, ons gaan wen!”

Dina staan op, houer in haar hande. Die winterwindjie pluk-pluk aan haar hare.

“Sit!” gil ‘n paar toeskouers, onwetend dat hulle op die oorspronklike Rooi Duiwel se weduwee skree.

Maar die WP gaan nie sommer lê nie. Of sit nie. Dis doodsnikke, en hulle loods ‘n verwoede teenaanval. Een van die Streeptruie se snellers kerf deur die verdediging en gaan druk reg onder die pale. PAM Brink is stil, die tuisskare verslae. Dis verby! Die Ooste is nog voor, maar met een enkele ou puntjie! Die wind waai nou wel sterk, maar daai skop is so maklik, enige ou se ouma sal hom toe oë oorsit. Terwyl die WP-heelagter heel selfvoldaan die bal stel, staan van die toeskouers klaar op om huistoe te gaan. Hulle wil liefs nie kyk nie. Hulle sien nie die skraal vroutjie wat tot by die kantlyn strompel nie. Regoor die middellyn, sodat hy vir oulaas daar kan wees wanneer die manne afstap.

Sy kan steeds nie mooi sien nie, maar dit maak nie saak nie. Skaars haar Rooi Duiwel te midde van ‘n skielike rukwind lug gegee of daar is ‘n oorverdowende gejuig, gevolg deur ‘n skril eindfluitjie. Mense wat aanhou skree soos hulle al heelmiddag doen, net harder. Groot, volwasse mans wat mekaar onbeskaamd om die hals val. Sy is weer in die tonnel, ‘n klein dobberende vissie in ‘n see van mense wat druk en maal. Om haar is moeë krygers in natgeswete rooi truie. Skouerhoog.

“Wat’s dit met jou? Wind of te not, dit was vlak voor die blegghie pale!” hoor sy iemand vererg vra. Sy mag half-blind wees, maar die twee manne dra streeptruie, dít kan sy sien. En sy ken ‘n Kaapse aksent wanneer sy een hoor.

“Nie ‘n donnerse clue nie,” antwoord die ander man. “Dis asof iemand rooi peper in my oë gegooi het, brand soos die duiwel!”

# EVANGELIE

Hulle staan op die sypaadjie voor Boek Enklave, professor en medeprofessor in die teologie, beide effe-gesteurd oor die skielike skerp lig en verkeergeraas. Dis nog 'n volle uur voordat die fakulteitsvergadering begin.

"Tyd vir 'n koppie koffie?" vra die jonger man.

Sy ouer, skraler kollega tuur vir 'n paar oomblikke oor sy dunraambril. "Kan so maak. Wat het jy in gedagte, hier of op die kampus?"

"As ek so mag voorstel, wat van hier oorkant, ons het darem iets om te vier!"

Hulle steek die straat op die onveilige manier oor, al geselsende.

Asof die krimpende stapeltjie op Enklave se hooftafel nie genoeg bewys bied nie, het die winkelbestuurder boonop 'n persoonlike versekering gegee: *Ongekaart* se verkope is uitstekend. En wanneer professor-cum-digter Laurateus Blom gloei, weerkaats daardie gloed in sy junior kollega se vol gelaat.

"Als is nog reg, menere…" Die motorwag is ouerig en maer, en hy dra 'n gebleikte rooi pet. 'n Antwoord is hom nie dadelik beskore nie, maar die ouer man se streng kyk in die rigting van die koffieplek gee duidelikheid.

"O, nee, maar dis in orde, menere, dis in orde, geniet dit. Reg as ek nog maar ogie hou?"

Die kontrak, as daar een was, word met 'n enkele kopknik verleng.

Die koffieplek is te duur vir studente, en hulle vind sommer maklik 'n eenkant-tafel wat by die geleentheid pas.

"Wel, kollega, veels geluk!" sê die jonger man asof in 'n heildronk, reg vir nog 'n verrykende skink-drink-en-bedink-sessie met sy mentor.

Laurateus Blom antwoord nie dadelik nie, maar sit eers terug sodat die gelukwensing oor hom spoel. *Ongekaart* is sy tweede bundel. Hy skuif skielik vorentoe, oë intens agter die brilglase: "Die ding met dig, kollega, is die vermyding van verbositeit. Dis om skerp te sny, te stroop van sentimentaliteit."

Die jonger man knik instemmend, blik een van afwagting.

"Die digter se skalpel moet skerp wees, kollega. Skerper as die tafelmes waarmee die ordinêre romanskrywer sy brood smeer. Die digter maak nuwe snitte. Nuwe wonde, nuwe pyn en, uiteindelik, nuwe kuur."

Laurateus Blom se woorde sak tot diep in die jonger man se gemoed. Wat 'n voorreg om aan die voete van 'n moderne Gamaliël te kan sit, iemand wie se gemymer oor die digkuns opsigself pure poësie is! Die bewondering is ook nie van gister nie. Hy was eers student van professor Blom, daarna gereelde leser van sy rubriek *Vars Vrae*. Nog later promoveer hy onder sy leiding, en toe, as kroon op alle seëninge, word hulle universiteitskollegas. Ook vriende, op 'n manier.

"Nou ja…" Professor Blom kom weer stadig vorentoe, elmboë op die tafel. "Al moet ek dit dan nou self sê, kollega, dalk het ek dit met *Ongekaart* reggekry."

Die jonger man kyk vinnig op, koekvurkie delikaat gebalanseer. "Natuurlik, maar natuurlik!" Is Laurateus Blom dan ooit volprese? Het hulle al ooit oor iets verskil? Hulle dink saam, glo saam, veg saam. En die gevegte is bloedig, daarvan getuig die spatsels teen die fakulteitsteekamer se mure. Telkens groei die postmodernistiese Laurateus Blom, en krimp die opposisie – kleiner en krommer, grotbewoners van die engte waarin hulle so tuis voel. "Die ander spulletjie gaan moeilik sluk aan jou sukses."

"Dink jy hulle lees poësie?" Laurateus Blom snork verontwaardig.

"As hulle bewyse kan versamel, ja," antwoord die jonger man vinnig.

"Wel, bewyse gaan hulle kry, kollega. *Ongekaart* is 'n viering van hierdie lewe, 'n manifestasie van die siening dat 'n mens nie hoef dood te gaan om volkomenheid te bereik nie…" Iets val hom by: "Weet jy wat sê iemand nou die dag by die kerk vir my? Nee, nie een van die predikante nie, 'n gewone kerkraadomie! Kweekskool moet eerder kweekhuis genoem word, dis waar mense mekaar sit en warmbroei. Verbeel jou!"

Die gesprek duur amper 'n uur. Elke stelling wat in die aroma en die stoom van 'n bottomless koppie koffie gestalte kry, verdwyn weer, verdring deur 'n beter argument, slimmer woorde, 'n nuwe stoombeeld. Terwyl die Gedagteruiling van Aromatiese en Akademiese Proporsies (GAAP) aan die gang is, word oortollige stukkies sjokoladekoek ongeërg eenkant toe geskuif.

Laurateus Blom kyk skielik op sy horlosie: "Fakulteitsvergadering…"

Dis asof die jonger man wakker skrik, en hy bied aan om te betaal.

Buite op die sypaadjie staan die motorwag weer nader. Professor Blom grawe eers vieserig in sy sakke, maar steek dan vas. "Kom ons vra dié ou 'n paar vrae, en ek wed jou dit gaan dieselfde wees wat jy Sondag na Sondag vanaf ons preekstoele hoor."

"Of in die fakulteit se teekamer," beaam die jonger man.

"Wie was Christus, Seun van God of blote profeet?"

Die motorwag kyk die ouer man verbaas aan.

"Verskil Christus van Mohammed?" Dis die jonger man wat wil weet, die dikkerige een van die twee.

Die motorwag vat-vat aan sy pet, en hou sy maer, seningrige arms afwerend voor hom uit. "Menere, ek pas karre op, ek praat nie politiek nie. Net laasweek het iemand by een probeer inbr…"

"Glo jy in die maagdelike geboorte?" Dis weer die ouer een, die een met die bril.

Die motorwag stryk verleë oor sy lang, wollerige nekhare. Dis dêm lanklaas dat hy gekatkiseer het. Uit die hoek van sy oog sien hy dat 'n klein skaretjie besig is om te versamel. Studente.

"Is Jona rêrig deur die walvis ingesluk? Feit of fabel?" Dis weer die jonger een, die een met die snaakse smile.

Die motorwag knik en verskuif so effens aan sy pet.

"Drie dae? *Drie* dae?" Die man hou drie vingers na hom toe uit.

"En Daniël in die leeukuil, is dit waar?" Dis die ouer man met die bril wat wil weet.

Hulle gaan nie laat los nie, hy sal sy staan moet staan. "Menere, is julle van 'n sekte of wat?"

"Sê hulle oom!" 'n Anonieme stem uit die kringetjie skare. Moontlik iemand wat weet wie die inkwisiteurs is.

Dalk is die vrae verby. Hierdie twee se geld soek hy nie, wragtag, hy soek dit nie. Hy gaan nou omdraai en wegloop, die studente moet net pad maak. Hy sal terugkom sodra die twee klaar gery het.

"Nou wat is jou antwoord op al hierdie vrae?" Skielik, tegelyk, kwaai.

Vir 'n paar oomblikke staan hy doodstil. Hy haal sy pet af. Stadig, byna respekvol. "Die antwoord? J-a-a ek ken die antwoord..."

"Wel?"

"Ek eet nie koek nie, menere, ek ken net brood, genadebrood. En ek weet waar my brood vandaan kom…"

"Siekierieteit 1, Universiteit 0," sê een jongeling met die wegstap, drasak oor die skouer.

Die ander toeskouers se gelag hang nog so 'n rukkie in die lug.

Hulle klim nie dadelik in nie, al wil hulle ook. Die jonger man sien vanaf die passasierskant hoe professor Blom met die deurhandvatsel sukkel.

# DEATH OF A PRINCESS

Die keuse is nie maklik nie en hy voel gejaagd, al handhaaf die winkelassistent 'n diskrete afstand. Dis 'n Mejuffrou Wêreld-kompetisie met 'n paar verskille: verteenwoordiging is beperk tot die Nordiese lande en Duitsland; g'n toesprakies oor wêreldvrede nie; en al die deelnemers is in bokse.

Sy vertrek uit die onderwêreld van erotika is haastig en met 'n xenofobiese kyk oor die skouer, want dis laataand en dis Sunnyside.

Paar minute later arriveer hy by sy eenmanwoonstel in Arcadia, vlasblonde Sweedse meisie onder die arm.

Die volgende oggend laat hy haar vir die eerste keer gedy, sommer op sy balkon terwyl die verkeer onder in Schoemanstraat rumoer. Die meisie is lank en slank, en al is sy van iemand anders se asem afhanklik, is daar 'n adellikheid in haar manier van sit, die wyse waarop sy haar kop omhoog hou. Volgens die boks is haar naam Asrid, maar hoe gemaak met 'n van? Wikipedia vertel hom van 'n Sweedse bokser genaamd Ingemar Johansson wat eens wêreldkampioen was.

Sy besoek aan Woolworths se damesafdeling gaan met heelwat agterdogtige kyke en omslagtige verduidelikings gepaard, maar hy kry uiteindelik die sexy swart nommertjie waarna hy soek.

Na 'n sessie van fisiese en fotografiese manipulasie is me Asrid Johansson se inskrywingsvorm uiteindelik oppad na die elektroniese posbus van die Bela-Bela Skoukomitee.

Enkele dae later is die antwoord daar: "Dit is vir die organiseerders aangenaam om u mee te deel dat me Johansson gekeur is vir die finale ronde op Vrydag, 24 Julie. 'n Paneel beoordelaars sal met elk van die finaliste 'n onderhoud voer, waarna die Bela-Bela Skoukoningin en haar twee prinsesse dieselfde aand tydens 'n glansdinee aangewys sal word. Aanddrag is 'n vereiste, en dit sal beslis nie van deelnemers verwag word om in swemklere te poseer nie."

In sy studentedae was hy as buikspreker en poppemeester ‘n groot hit by kinderpartytjies en kermisse. Hy glimlag wrang. Sy destydse werkloosheid was meer betalend as dié van vandag.

Sy geroeste Golfie is kwalik ‘n koets vir ‘n aspirant-skoonheidskoningin, en hy parkeer in ‘n donker hoek van die skouterrein. Hy het die organiseerders vroegtydig per e-pos in kennis gestel dat Me Johansson (‘n Sweedse immigrant) kort na haar aankoms op die R21 aangeval en van persoonlike besittings en dokumente beroof is. Op advies van haar berader is sy sedertdien pal in die geselskap van haar agent-cum-lyfwag.

"Heeltemal in orde," het die skoukomitee laat weet, "hier in Bela-Bela sal me Johansson die eg-plattelandse gasvryheid en veiligheid beleef wat haar nie in metropolitaanse gebiede beskore is nie."

Met ‘n gehuurde aandpak aan die lyf en ‘n Sweedse bom aan die arm stap hy die onthaalvertrek binne. “Wat soek Bo Derek op Warmbad?” hoor hy iemand gedemp vra.

Die deelnemers neem in ‘n sitvertrek plaas, en hulle word een na die ander geroep om voor die paneel te verskyn. Sommige herverskynings is triomfantelik, ander tranerig. Beide reaksies vervul hom met ligte angs, maar sy protégé glimlag strykdeur, blonde kop fier omhoog.

Dis haar beurt, en hy glip saam na binne. Die lede van die paneel is vriendelik en tegemoetkomend, diep onder die indruk van haar onlangse trauma. Dankie, glimlag me Johansson met ‘n woordelose, gesinchroniseerde knik.

Die onderhoud verloop goed, weliswaar met lang, leidende vrae en kort, sagte antwoorde asook bevestigende kopknikke. Lyftaal neem oor waar grammatika tekort skiet. En elke keer as Asrid Johansson haar lang bene kruis, kug die voorsitter van die paneel.

Midde in die glansdinee is daar skielik 'n geroffel van tromme. Die wenners gaan nou aangekondig word. Me Johansson is eerste prinses, nie skoukoningin nie. Daar is hoorbare teleurstelling, maar die Sweedse skoonheid glimlag koel-beleefd. Haar agent is hoogs tevrede, al weet hy dat een van die pryse (‘n naweek by die plaaslike warmwaterbron en ‘n gratis “hot stone” skoonheidsbehandeling) nie juis van nut is nie.

Die executive mayor van 'n naburige plaaslike owerheid is eerste by om met haar te dans. Sy stem in, en onderwerp haar aan 'n monoloog op tweeslagmaat.

"So, you are from Sweden?"

Sy sê niks, glimlag net.

"My car is also Swedish," vervolg hy, onverbloemd trots op sy viertrek Volvo wat buite tussen die graspolle staan, dikgevreet aan die munisipale begroting.

Volgende in die tou is die voorsitter van die beoordelingspaneel. Dit gaan maar strammerig, want nie een van die twee is eintlik dansers nie – hy 'n Dopperouderling, sy 'n Sweedse ysgodin, beide kwalik vertroud met die kloppende ritme van Juanita du Plessis se Skarumba. Die voorsitter vertolk haar woordeloosheid as moerigheid oor die uitslag van die kompetisie, en kug 'n verskoning: "Regstellende aksie."

Sy sê niks, te diplomaties om by plaaslike kwessies betrokke te raak.

Die aand is verby, en dis tyd om Bela-Bela en sy wonderlike, gasvrye mense te groet. Sy met skaam Lady Di-kopknikke, haar agent-cum-lyfwag met 'n stewige handdruk hier en daar.

In die nagloed van hul gesamentlike triomf besluit hy om die visier hoër in te stel. Die jaarlikse Pretoria Skou gaan nie net oor merry-go-round en bulkende Brahmane nie. Die aanwysing van Mejuffou Pretoria Skou is 'n glansryke, maar ook betalende geleentheid.

Hy opper weer die Bela-Bela-storie van slagoffer-wees en beradingsadvies, en die skoukomitee sluk dit soos polonie, toothpick en al. Hy vergesel haar tot in die binnekamers van die beoordelingspaneel.

Hierdie keer verloop die onderhoudfase nog beter. Me Johansson beantwoord elke vraag met 'n vriendelike glimlag en 'n knik in al nege amptelike landstale, en toe sy later onder groot gejuig as skoukoningin aangewys word, is die immer beskeie Asrid so oorstelp van vreugde dat sy haar gesig in haar hande verberg en skoon vergeet om haar twee prinsesse elk 'n piksoentjie te gee.

Haar oorwinningstoesprakie is eweneens 'n woordelose, emosionele affêre. Binne oomblikke huil die gehoor saam met haar oor die lot van

kindertjies en pelsrobbe. Gelukkig is daar 'n agent aan haar sy om haar te omarm en te vertroos.

Later die aand vertrek sy (haar emosies nou weer onder beheer) te midde van ‘n sterrereën van kameraflitse in ‘n nuwe, blinkblou Ford van Briekman Motors, “Miss Pretoria Show” swierig op beide deure. Haar agent is agter die stuur, vet tjek in die gatsak.

Maar Die Son sien alles.

Skaars twee weke nadat die kroon op mejuffrou Pretoria Skou se blonde hoof geplaas is, en nadat driekwart van die prysgeld met haar stilswyende toestemming gebruik is om haar agent se oortrokke rekening te delg, verskyn die eerste van ‘n paar ontstellende berigte – en lesers van Die Son raak nie maklik ontsteld nie.

Merkwaardige meisie, dié nuwe mejuffrou Pretoria Skou, aldus Die Son. Om met ‘n enkele gesigsuitdrukking ‘n gesogte skoonheidstitel te wen, sit nie in enige girl se pantie nie.

Vir ‘n week bly hy en Asrid binnenshuis, sluip hy een keer oor die straat om vars blikkieskos, brood en melk en die nuwe uitgawe van Die Son te koop.

Maar Die Son se vrae hou nie op nie: Mejuffrou Pretoria Skou is net mooi nêrens te sien nie, nie sy nie, nie haar agent nie, ook nie die blinkblou geborgde Ford nie. Son-lesers sien reikhalsend uit na die komende kinderdag in die Pretoriase Dieretuin, waar sy ten bate van liefdadigheid gaan optree.

Hoera! berig Die Son ‘n week later, met ‘n mooi, groot foto daarby: Mejuffrou Pretoria Skou is die afgelope week wel opgemerk, in Menlyn se parkeerterrein, agter die stuur van haar geborgde Ford. Vriendelike meisie, want terwyl die fotograaf besig was om foto’s te neem, het sy nie geprotesteer nie, net geglimlag. Maar haar agent kan gerus by die girl maniere leer. Dié mannetjie was met sy aankoms by die motor heel hardgebak, en het geweier dat Die Son met haar oor die komende kinderdag praat.

Die einde van ‘n sprokie, mymer hy, koerant in die hand, voete op die balkonmuur. Pretoria se lentes kan nogal warm raak, maar hierdie Oktober is die warmste wat hy nog beleef het. Dit skroei.

Om vir oulaas die skyn te wek dat alles wel is, neem hy haar vir ‘n kort wandeling langs Parkstraat, en besoek hulle saam die kunsmuseum. Hy het haar voor die tyd met helium gevul, sodat selfs die mees siniese joernalis beïndruk sal wees deur die nuwe huppel in haar stap.

Hy neem haar terug woonstel toe, en gaan parkeer die blou Ford met sleutels en al net buite Briekman Motors se vertoonlokaal. Op die dashboard laat hy ‘n haastige handgeskrewe nota vol oulike, vlasblonde spelfoutjies:

*Aan die organiseerdes en borge van die mejuffou Pretoria Skou kompetiesie. Vat aseblief die kar terug. Die wengeld is vir ‘n goeie doel gebruik, om armoede te bestry. Jammer, maar ek is nie wie julle dink ek is nie. Ek is nie van Sweede nie, maar van die Vrystaat.*

*Lovies, Asrid Venter xxx.*

*NS: Wou nog sê. My agent het niks hiermee te doen nie, hoor. Kan nie wag om van hom ontslae te wees nie, kleewerige vent. Die heeltyd by my en om my. Ek gaan huistoe. Moenie my probeer soek nie. Die Vrystaat is grooter as wat julle dink.*

Op pad huistoe koop hy vir hom slaptjips by die kafee, want hy is moeg vir die wekelange kluisenaarsdieet van boeliebief en baked beans.

By die woonstel aangekom verlos hy haar van die jongste Woolworths-uitrusting en neem haar balkon toe. Dis tog daar waar sy die eerste keer asem gekry het, en dis daar waar hy die laaste bietjie helium uit haar welgevormde longe gaan pers. Vanaand sal sy op die bodem van die Bon Accorddam lê, vir ewig verlos van die spanning van ‘n lewe in die openbare oog, met net ‘n paar visse en klippe as geselskap.

Sy pa het altyd met hom geraas: Een ding op ‘n slag, moenie eet terwyl jy werk nie.

Dis asof Asrid Venter alias Asrid Johansson sy skielike boosheid aanvoel, en sy glip oor die balkonmuur. Hy gryp na haar met gladde tjipvingers, maar tevergeefs. Binne oomblikke dryf ‘n glimlaggende, poedelkaal mejuffrou Pretoria Skou met uitgestrekte arms oor die spitsverkeer in Schoemanstraat.

Terwyl radiostasies luisteraars teen 'n verkeersopeenhoping in die Arcadia-omgewing waarsku en swetsende motoriste alternatiewe roetes opsoek, draai me Asrid Johansson-Venter stadig noordwaarts.

Lugstrome voer haar na nuwe hoogtes, rigting Bela-Bela.

# PIENK

Ben Botha se bloed pomp vanaand blouer as gewoonlik. Oor minder as twintig minute draf sy span op die veld, en hy is nog nie eens naby die stadion nie. 'n Seisoenkaartjie verseker wel jou plek in die Bulkraal, maar vir parkering moet 'n man koppe stamp.

Ben swets gedemp. Hy's nou al 'n paar keer met sy bakkie straatop en straataf soos 'n boer op soek na 'n hoer, maar sonder sukses. Al wapper vlae weerskante van die stuurkajuit ook hoe blou, al sing Steve ook hoe hard en al kyk hy en Willempie ook hoe deeglik, vir die Nissan Navara is daar nêrens 'n gaatjie nie. En as hy die instruksies van blêddie motorwagte volg en in Bronkhorstspruit gaan parkeer, mis hy die afskop én die Blue Bull Babes, en dit kan nie. Dit mag nie.

Ben Botha en sy blou bakkie is soos kneukels van dieselfde vuis, en hulle ry gewoonlik waar hulle wil, jagtrip, middestad, voorstede, maak nie saak nie. Hoe anders met 'n enjin wat brul en 'n bull bar waarop 'n paar beeshorings gemonteer is? Hoe anders as jou gechroomde tow bar met 'n paar plêstiek testikels uit Loftus se ondersteunerswinkel geseën is? Spesiaal so gerangskik dat die Blou in ander padgebruikers se gesigte kan rondswaai wanneer jy voor hulle insny of skielik rem?

Dis vanaand 'n groot game, en die strate rondom Loftus is ekstra besig. Dit lyk na vendusie. Die plakkate. Die braaivleisvure. Die horings. Die gedrang. Die stampede wat stadig maar seker opbou.

"Hier's plek, Pa," wys Willempie, en Ben swaai die bakkie se neus by die opening in.

"Dink voor jy praat, seun, dis mos 'n blêddie driveway, man!"

"Sorry, Pa," sê Willempie, ook maar angstig om by die veld uit te kom.

Die bakkie luier, die Blou onder die towbar al wiegend na die skielike stop.

Die motorwag staan nader: "Jammer, meneer, maar..."

"Nou maak dan 'n plan, man!"

Die wag glimlag verleë, trek skouers op, en verdwyn in die donker.

Die bakkie se kragtige koplampe skyn dwarsdeur 'n traliehek tot teenaan die garagedeur.

Ben leun skielik vorentoe, voorarms op die stuurwiel, geoefende jagtersoë stip op die bordjie teen die hek:

Raymond & Rodney Hair Creations. No parking in front of gate, please.

"Mag ons hier stop, Pa?" wil Willempie weet.

Ben antwoord nie, brom net iets van "moffies se moer" terwyl hy die enjin afskakel. Met 'n apologetiese gebaar maak hy vir Steve stil en rangskik haastig aan die slagorde van vlae en horinghoede.

Rodney kuier die naweek by sy ma in Durban, en Raymond wag dat die irriterende gedruis hier buite stilraak voordat hy 'n pizza gaan koop en 'n DVD uitneem. Hy sal lankal terug wees voordat die strate weer begin krioel met 'n klomp bulkende barbare.

Terwyl hy haastig 'n bietjie after shave aanplak en hom in 'n sy jeans en 'n paar slip-ons wikkel, dink Raymond momenteel aan die helder ligte wat hy vroeër in sy oprit gewaar het.

Met die oopmaak van die garagedeur word Raymond se ergste vrees bewaarheid: 'n Blou bakkie gryns ewe brutaal vir hom deur die traliehek.

Raymond vererg hom op die daad, want daar was al vorige probleme van hierdie aard. Sal hierdie common spul ooit leer?

Hy staan vir 'n paar oomblikke besluiteloos met die Clio se sleutels in sy hand. 'n Ingewing laat hom skielik studio toe storm.

Met 'n flits in die een hand en 'n pienk spuitkannetjie in die ander glip Raymond by die traliehek uit. Soos blits is hy by die agterkant van die bakkie. Daar is nie 'n motorwag in sig nie. Hy mik eers na die "Gee dit Horings"-logo teen die bakwerk, maar dan val sy oog op die gruesome twosome wat laer af hang.

"Don't fuck with a hairdresser," sis Raymond.

Iewers op die hoofpawiljoen, terwyl die Bulle ten aanskoue van 'n grootoog-Willempie die laaste bietjie binnegoed uit die opposisie bliksem, ervaar Ben Botha skielik 'n vreemde sensasie in die kelderverdieping. Vreemd, maar nie onaangenaam nie. Koelerig, effe strelend.

By die huis berei Truida 'n ware tuiskomsmaal van gemarineerde Blou Bul-steak en tjips. Die manne in haar lewe gaan honger wees wanneer hulle vanaf die front terugkeer.

Sy weet hoe die res van die Saterdagaand gaan verloop: Kort na ete sal sy sorg dat Willempie sy ore was voordat Ben hom kamer toe boender. Dan sal Ben die opname van die wedstryd bestudeer terwyl sy haar in die hoek van die rusbank opkrul om half-slaperig van drieë en amperse drieë te verneem. Terwyl hy steunend orent kom om vir hom nog 'n bier te gooi, sal sy solank gaan inkruip. Nog later sal hy die badkraan luidrugtig oopdraai en soos 'n seekoei daarin rond plons voordat hy bed toe kom. Dalk met hoë drif, afhangende of die Bulle gewen het.

Truida lê in die bed en luister hoe Ben die badwater intap. Sy hoor hom inklim, hoe hy van genoegdoening kreun terwyl hy stadig agteroor lê.

Daar is 'n skielike roering in die water, amper soos dié van 'n groot dier wat 'n krokodil gewaar. Dit laat haar regop sit. Sy hoor hom gedemp na haar roep. Dit klink na 'n verdwaasde gebulk.

# BOSVELD BLUES

Die silwerkleurige veteraan draf ligvoets oor die grasstoppels voordat dit tydelik afskeid neem van Moeder Aarde. Modimolle ken al die Vrydagoggend-ritueel: die gebrul by die plaaslike vliegveld, die swierige draai oor die dorp, die eindelose geklim na hoogtes wat die gevaartuig in 'n nietige spikkel verander.

Sebasjan Stolp stryk oor sy weglêsnor. Eers verluister hy hom aan die omgeboude Rolls Royce-enjin se baritonstem, maar met die druk van 'n knoppie is die Berlynse Filharmoniese Orkes saam met hom in die stuurkajuit. Die vierde deel uit Beethoven se Vyfde is Sebasjan se geliefkoosde aanvalsmusiek, en hy druk die Hurricane in 'n skielike duik na regs. Sy geestesoog sluit kil om die gesofistikeerde soekvisier, en vind 'n alleenloper-Mig wat mank-mank die grens probeer haal. Sy regterduim gly na waar die rooi vuurknop van die BKW-missielstelsel behoort te wees.

Kort na sy verpligte vroeë aftrede by die nasionale wapenvervaardiger Bomtrom het Sebasjan 'n lemoenplasie in die omgewing aangeskaf. Sommer uit die gatsak, want toe sy skeidingspakket elektronies vanaf Tshwane via Bela-Bela na Modimolle oorgeplaas is, het die ligte op 'n streep geflikker en toe uitgeskop – sonder enige bydrae van Eskom.

Met die nesskop op sy nuwe plaas ontdek Sebasjan toe die reste van 'n ou vegvliegtuig uit die Tweede Wêreldoorlog. Uitgediende lugsoldate is destyds as skroot verkoop, en uit Sebasjan se rondvra blyk dit toe dat 'n vorige eienaar die ding vir sy padstal aangeskaf het. Glo om reisigers na die destydse Rhodesië se oog te vang.

Plastiese chirurge droom oor Pamela Anderson, maar die Hurricane-vonds was die antwoord op 'n verveelde oud-wapeningenieur se gebede. Stuk vir stuk, en met die liefde en toewyding wat andersins vir 'n vrou beskore sou wees, is daar gerestoureer en gemoderniseer. En toe Sebasjan uiteindelik die verbande afhaal, staan die handsome oudstryder daar in nuwe gedaante: blink geklink om hom, skroef en al, in 'n nuwe millennium te laat geld.

Dis 'n effe uitasem Hurricane wat uiteindelik brullend voor sy slaapplek tot stilstand kom. Met die tuig veilig in die vliegskuur, is dit tyd vir die weeklikse besoek aan die Vaalboom Hotel.

"Erasmus, Rassie Erasmus."

Die handdruk is effens sweterig maar ferm. Sebasjan deel die kroegtoonbank met 'n skraal, donkerkop mannetjie in kakieklere.

"Stolp, Sebasjan Stolp."

"Dit weet ek, ja." Die skraal kêrel glimlag geheimsinnig, en rol sy oë na bo. "Dis mos jy wat netnou weer hier oor is."

Sebasjan knik, maar sê niks. Dis asof die kêrel iets van hom wil hê.

"Spitfire?"

"Nee, Hurricane. Lyk maar baie dieselfde van die grond af."

"Mens sou seker kon sê hulle's neefs," sê Rassie en beweeg nader, oë vol vonkel: "En kan die ding bomme gooi?"

Sebasjan bars uit van die lag, besluit op die plek dat hy van die man hou, en bestel vir hulle nog 'n bier.

So in die loop van hul gesprek vermeld Rassie sy betrokkenheid by die BBB (Beweging vir Bosveldbelange). Hou die wêreld hier rond skoon van indringerplante, dié klas van ding. Maar hoekom kom eet Sebasjan nie vanaand by hom op die plaas nie, dan praat hulle verder, sêvra Rassie. Maklik om te kry. Presies twintig kilometer Potties se rigting, aan die regterkant. Rus en Vrede.

Babs is 'n uithaler kok, al verraai Rassie se voorkoms daar niks van nie. En Sebasjan klim in. Die wildsboud, gebraaide aartappels, vars groente en souskluitjies is binne-aarse voeding vir die oujongkêrel se ontvanklike gestel.

Na ete wyk die mans uit buitentoe. Stoep en geselskap raak sommer gou donker van al die pyprook en swaarmoedigheid. Rassie is 'n gebore man-tot-man demagoog, en sy taal vol "F's" en "V's": Vrede van Vereeniging, FW, verraad van vier-en-negentig…

Die Vrydagaand-kuiers word instelling, en die manne raak sommer gou boesemvriende. Rassie het nou wel nie juis smaak vir Bach of Beethoven nie, en volgens hom is Prokofiev die een of ander blêddie kommunis, maar sy hart sit waar hy sit, en dis vir Sebasjan genoeg. Die

heer Stolp is nie juis van die bakleierige soort nie, maar hy's donners slim en goed moerig vir die regering, en vir die huidige vra Rassie nie vir meer nie.

Tydens een van die stoepkuiers lig Rassie die sluier: BBB staan nie vir die Beweging vir Bosveldbelange nie. Ook nie vir Bewonderaars van Brigitte Bardot nie. Dis die Bosveld Bevrydingsbeweging. Die BBB se leier EM (Eintlike Man) is 'n bietjie skaars na 'n reeks ligte bomontploffinkies in Pretoria, en dis nou eintlik in sy plek dat Rassie nou ageer.

Met elke kuier delf Rassie al dieper in Sebasjan se gegriefde gemoed: "Kom skaar jou by ons! Die BBB het manne van jou staal nodig!" En waar Rassie se woorde nie bykom nie, doen Babs se kookkuns die res.

Een laataand, terwyl die pyprook soos oorlogswolke bo Rus en Vrede se voorstoep hang, sê Sebasjan skielik: "Maar natuurlik kan ek die dêm vliegtuig bewapen! Ek's nou wel uit my jop, maar wat in my kop is, is in my kop!"

Rassie bult van opwinding, maar Sebasjan maan tot kalmte. Hulle praat hier van die gesofistikeerde BKW-missielstelsel, in die vorige bedeling bekend as die Biltongkerwer. Nie iets  wat jy by Nylstroom Auto Spares oor die toonbank koop nie. Dit gaan tyd vat. Tyd en effort.

"Nee, maar dis reg so," sê Rassie ewe vroom. "Als die moeite werd, ou maat, als die moeite werd as ons maar net die owerhede so 'n knypie in die binneboud kan gee. Net sodat hulle weet, ons is hier, en met die BBB speel jy nie!"

Stap een is om Rus en Vrede se plaaspad vir lugvaartdoeleindes op te gradeer. Hierna word die skuur vir die duur van die projek as werkswinkel ingerig. Een winderige agtermiddag stryk die Hurricane in 'n stofwolk neer. Rassie se rifrûe doen die tuig al blaffend geleide tot waar Babs se teegoedjies wag.

Dit word 'n ware spanpoging: Sebasjan dink en doen, Rassie gee hand waar hy kan en speel vir hulle Duitse marsmusiek. Wanneer Babs nie koffie en beskuit of koedoebiltong aandra nie, brei sy aan 'n vliegserp vir Sebasjan.

Goeie ding dat die huidige bestuur van Bomtrom nie weet wat in Rus en Vrede se skuur broei nie, want na ses weke is 'n herrese, dodelike

Biltongkerwer kant en klaar geïnstalleer. Die ding moet nou net getoets word. Die twee kamerade soek ruimte, 'n oefenbaan waar die Huc sy dodelike vrag kan aflaai. So suutjies moontlik, want as die Bosveld weet gaan Pretoria weldra weet.

Dis Rassie wat besluit om die sameswering met een skakel te verleng. Boeta Bul is 'n beesboer in die omgewing. Brahmane. Boeta Bul kan sy mond hou wanneer dit nodig is. Vir 'n man met vuiste soos Boeta Bul s'n, is dit in elk geval selde nodig om te praat.

Dis Saterdagmiddag kwart voor vier, en die hele omgewing kyk rugby. Boeta Bul het 'n deel van sy plaas van al wat Brahman is ontruim, en die wrak van 'n ou bakkie daarheen gesleep. Rassie en Boeta Bul is op veilige sigafstand toe hulle die Hurricane op die ooreengekome horison gewaar.

Binne die stuurkajuit is dit die ene Beethoven en konsentrasie, maar buite sing die Huc se enjin reeds sy oorlogslied. Sebasjan voel 'n ligte siddering toe die missiel die vliegtuig verlaat. Hy trek die Huc op, en sien oor sy skouer hoe die bakkie in 'n vuurbol ontplof.

Onder op die grond klap 'n uitgelate Rassie vir Boeta Bul op die skouer. "Skote Petoors! Nevvermaaind al die naamsveranderinge. Van vandag af gaan die Bosveld vir bleddie seker nie meer dieselfde wees nie!"

Die volgende Saterdagoggend sit Sebasjan en Rassie op Rus en Vrede se voorstoep weer die landspolitiek en bespreek. Die Boeing is nog nie oor nie, maar in Rassie se republiek drink jy wat wanneer jy wil.

"Kyk nou weer hier!" Rassie gee die koerantvoorblad 'n taai klap. "Al wat hierdie blêddie ministers doen, is rondry. Kos die land miljoene, en wat kry ek en jy daarvoor? Boggerhôl!"

Rassie lig sy glas en loer daardeur. "Wed jou daar gaan nog een, sweerlik op pad na comrade Mugabe!"

'n Passasiersvliegtuig van South African Airways is oppad na 'n bestemming iewers in Afrika, en skend in dié proses die BBB-lugruim bokant Nylstroom.

Rassie gluur die vliegtuig vir 'n volle minuut boosaardig agterna, en draai dan stadig na Sebasjan: "Vriend, dink jy wat ek dink?"

'n Paar oggende later lig 'n 747 sy wiele stuksgewys van die aanloopbaan by O R Tambo Internasionaal. Onder 'n geloei van motore draai die groot, wit neus stadig noordwaarts. Aan boord is 'n uitgedyde ministeriële afvaardiging, algar op pad na hoëvlakse samesprekings in Harare. In die ekonomiese klas is daar tientalle toeriste uit die Ooste, Nikons immer in die gereedposisie.

Terselfdertyd staan die Hurricane op Modimolle Plaaslik se aanloopbaan en luier. Sebasjan trek die enjin vol oop. Die vliegtuig beur teen sy remme, amper soos 'n bulterriër wat smeek om losgemaak te word. Eers die drafstap oor die graspolle, en oomblikke later beklim die Huc die blou Bosveldhemel met mening. Maar vanoggend is dinge anders. G'n swierige draai oor die dorp of dare devil-duik om Kranskop se hare deurmekaar te krap nie. Dis reguit suidwaarts om die teiken halfpad te ontmoet, want onder die Huc se vlerke hang daar 'n paar BKW-missiele soos giftige perdebye.

Sebasjan fynkam die verwagte plek van aantog. In sy oorfone kan hy reeds die SAA-vlieënier hoor praat. Op sy beurt is Sebasjan in direkte radiokontak met Rassie op Rus en Vrede, waar 'n pakkamer as tydelike BBB-operasionele hoofkwartier ingerig is.

Terwyl die lugreus 'n paar vlieswolke minagtend uit die pad vee, gewaar sy vlieënier met ligte verbasing die museumtuigie skuins onder hulle.

"Ladies and gentlemen, if you look to your right, you'll see that we have some company from a long forgotten era!" Nekke ruk en Nikons klik. Lede van die ministeriële afvaardiging kyk op van hulle koerante, ander gaan voort met geestelike voorbereiding vir die hoëvlakse samesprekings, oë half-toe. "Now, let's show the necessary courtesy before we wave the little fellow goodbye," sê die Boeing-vlieënier.

Die lugreus laat sak sy vlerk in 'n grootmoedige saluut, maar die oorlogsveteraan bly by.

Sebasjan maak sy teenwoordigheid formeel aan die Boeingvlieënier bekend. In onberispelike Engels versoek hy ewe saaklik dat die minister aan boord van valskerm voorsien, en oor BBB-grondgebied neergelaat word.

Word daar nie aan die eis gehoor gegee nie, sal hulle en Harare mekaar nie sien nie. Trouens, hulle sal sien wat Harare besig is om te sien.

"Ah, it seems as if we've just entered a new chapter in air piracy!" lag die Boeingvlieënier, en trek sy ryding se motore verder oop.

Onder op Rus en Vrede sukkel Rassie om die hoë luggesprek te volg, die rugkant van sy kakiehemp gou nat van die sweet.

Die Hurricane swenk skielik na links en verdwyn uit die lomp lugreus se gesigsveld.

Sebasjan bekyk die enorme siviele teiken hier bokant hom. Die SAA-vlieënier is besig om sy groot supersoniese stert aan hulle af te vee, en die BBB-opperbevel moet nou 'n belangrike besluit neem. Maar is alles goed genoeg deurdink, wonder hy. In die helder lug hierbo lyk Rus en Vrede se donker oorlogpraatjies skielik so anders. Nommer een: sê nou daar's lewensverlies? En hoe gemaak as sommige passasiers die BBB-eis opsetlik verkeerd verstaan, en die minister skielik sonder valskerm haar verskyning maak, met net 'n paar knoffelhuisies en groenteblare om die ergste val te breek?

"Edelvalk aan Rasdom, wat doen ons?"

"Rasdom aan Edelvalk, maak skrik, nie dood nie."

Sebasjan se hand beweeg byna instinkmatig na die Biltongkewer se rooi vuurknop.

Die missiel weet wat van hom verwag word, en kerf die Boeing se een stuurboordenjin netjies van die vlerk af, amper asof die fabriek in Seattle dit so gewil het. 'n Paar Nikons volg die vuurbal na benede.

"Edelvalk aan Rasdom. Een enjin af."

"Mooi, man! Ek bedoel, Rasdom aan Edelvalk, roger!"

"Rasdom, ek verkas na basis, die lugmag is seker al op pad!"

"Hulle se moer, Edelvalk, gee nog!"

"Roger, Rasdom." Sebasjan se duim is weer op die vuurknop.

Die Biltongkerwer verlos die Boeing van nog 'n enjin. Die Nikon-geklik is dié keer vinniger, angstiger. Die lugreus wankel. 'n Noodlanding is aangewese.

Baasvlieënier Sebasjan Stolp salueer sy opponent, gooi die Hurricane in 'n victory roll en laat spaander na basis.

Die oorblywende motore sukkel en kerm, en die spraaksamige 747-vlieënier sweet. Hy moet sy vliegtuig êrens neersit, en gou ook.

Terwyl die Bosveld-omgewing se roofvoëls hulle vlugte haastig herskeduleer, beleef Naboomspruit die grootste verkeersknoop in sy geskiedenis. Dorpenaars sien 'n vertoning wat nie eens deur die Huisgenoot Skouspel oortref kan word nie.

Boeta Bul staan toevallig hande gevou sy plaas en bekyk toe 'n vreemde geluid sy ore bereik. Eers sien hy sy Brahmane hardloop asof hulle deel is van 'n blouwildebees-migrasie. Die volgende oomblik bars 'n reus van 'n vliegtuig oor sy grond. Die gevaarte vertrap eers 'n paar lemoenbome asof hulle vuurhoutjies is, en kom uiteindelik sissend oor die plaasdam tot stilstand.

Terwyl die Hurricane stadig aanstryk skuur toe, probeer Sebasjan vir Rassie in die hande kry, maar Rus en Vrede antwoord nie. Toe hoor hy Babs se stem. *Ja*, sy weet hoe die ding werk, dis amper soos burgerband. *Nee*, sy weet nie waar Rassie is nie, hy't hier uitgestorm en in die bakkie gespring, gesê hy's gou weer terug. *Ja*, daar was nou net 'n nuusberig oor die radio. 'n Boeing het hier naby 'n noodlanding gedoen. *Nee*, niemand dood of beseer nie, net miljoene rande se skade.

Met die stilhouslag hys Sebasjan hom stadig uit die stuurkajuit. In die verte loei die eerste sirenes.

Vir die eerste keer in sy lewe weet Sebasjan Stolp nie mooi wat om te doen nie. Moet hy plaas toe of polisie toe? Bail of bieg? Die Vaalboom Hotel besoek om die Bewing in sy Binneste te Besweer? Vir 'n vlietende oomblik wonder Sebasjan of die Waarheidskommissie nog bestaan. En hoeveel van sy waarheid daai mense sal glo.

# SEBASJAN STOLP FLIES AGAIN

Sebasjan kyk met genoegdoening hoe die Bosveld soos ‘n ruwe tapyt onder hom verbyskuif. Dit is die eerste keer sedert die Boeing-voorval dat hy en die Hurricane weer die saligheid van gelykvlug ervaar. Sebasjan kantel die vliegtuig in ‘n stadige, wye draai. Die dak van Rus en Vrede se skuur blink doer onder in die oggendson.

“Rasdom, ek nader vir landing, is die plaaspad oop?” vra Sebasjan.

“Roger, Edelvalk, die vierkleur hoog,” rasper Rassie se stem oor die radio.

Sebasjan sug. Hy is steeds wrewelrig omdat Rassie daardie dag sy bevelspos ontruim het. Nie eens Babs kon sê waarheen hy verkas het nie. En toe, onlangs, die geheimsinnige oproep, glo vanuit ‘n BBB-skuilplek iewers noord van die Soutpansberg: “Jammer vir die radiostilte die afgelope tyd, dit was om operasionele redes,” het Rassie gekug.

“Sodat ek alleen die kastaiings uit die vuur moet krap?”

“Hoofkwartier was die heeltyd op hoogte. Ons was gereed om jou te ontset indien nodig.”

Sebasjan glimlag en vryf oor sy snor. Nie dat daar juis gevaar van arrestasie was nie. Eers het hy die TRC gebel om sy aandeel in die gebeure te verklaar. ‘n Dame het hom in baie goeie Engels laat verstaan dat hulle genoeg “prank calls” kry van mense wat wil bely, van rooi kwik tot Robert Smit. Hulle het gehoor van die Boeing wat geval het, ja, maar as jy ‘n bekentenis wil aflê gaan liewer na die naaste polisiestasie, alternatiewelik die naaste warmplek.

By die Modimolle-polisiestasie was die ontvangs ewe onentoesiasties. Net toe Sebasjan die pen uit die oorblufte konstabel se hand neem om self sy verklaring te skryf, verskyn die stasiebevelvoerder op die toneel, ‘n regte ou riffelnek-diksnor. Nie nou die tyd vir grappies nie, meneer, daar’t ‘n vliegtuig geval, en jy kan mos sien, die omgewing is in rep en roer. Hou aan om my manne se kosbare tyd te mors en ‘n straightjacket is jou voorland!

Vir die tweede keer in sy roemryke bestaan stryk die Hurricane op Rus en Vrede se plaaspad neer.

Die twee kamerade se herontmoeting is strammerig, maar Babs se aandete werk gaandeweg versoenend in op die wedersydse hardgebaktheid. Laataand op die voorstoep is Rassie al weer in sy element. Staande voet, dop in die hand, heel heftig met hand- en armgebare.

"Luister ou maat, miskien was ons bietjie oorhaastig, maar kyk wat het gebeur nadat jy daai vliegtuig afgeskiet het: Mbeki is uit die kussings en 'n nuwe man sit in die Uniegebou. En al die rondritsery van ministers waarteen ons dit gehad het is skielik iets van die verlede."

Sebasjan luister geduldig, pyp in die mond.

"Ons voordeel is dat die owerhede dink dat dit 'n ongeluk was. Hoe anders, met die technicians wat jy deesdae kry! Boonop wil die vlieënier nie sê wat rêrig gebeur het nie. Seker ook maar bang hulle board hom, arme vent! Tog, ons kan nie bekostig om stil te sit nie."

Sebasjan knik, haal sy pyp uit sy mond en neem 'n sluk koffie.

"Kyk, jy wonder seker waarom ek jou laat kom het, vir jou en die êrrie. Daar is op hoë vlak besluit om 'n groete-telegram aan die president te stuur. Aan vader Jakob, hê-hê. Niks gewelddadigs nie, nee, net 'n dink-jy-darem-nog-aan-my-boodskappie. Met 'n verskil.

Sebasjan knik weer, die ene ore. Steeds skepties, maar die ene ore.

Boeta Bul kyk verras op toe hy Rassie se bakkie by die voorhek gewaar. Hy stap nader. Kort na die Boeing se gedwonge landing oor sy plaasdam, het Boeta Bul se prokureurs begin om met die owerhede te korrespondeer. Die owerhede het eers die kop, toe die lyf en later die stert van die vliegtuig kom haal, maar die kwessie van skade is nog nie opgelos nie. Drie maande se melkproduksie en 'n hele lemoenboord sit nie in enige boer se gatsak nie. Daar sal dus seker maar geprosedeer moet word. Nogtans ervaar Boeta Bul die afgelope tyd 'n gevoel van dankbaarheid: Danksy vroeë lentereëns het die strook geskroeide aarde tot groen verkleur, die Brahmane is terug in die kraal en die hoenders het laas week weer begin lê. Afhangende van wat Rassie se skielike besoek inhou, is dinge nou weer normaal.

"Vanwaar, Gehasi?" wil Boeta Bul weet.

Rassie se groet is sag en vertroulik. Sebasjan handhaaf 'n diskrete afstand, bedag op moontlike ongunstige reaksie op hulle herverskyning.

Maar die man-tot-man demagoog Rassie is nie te onderskat nie. Skaars het die drie hulle sit op die stoep gekry of Boeta Bul hoor hoe bevoorreg hy is dat 'n geskiedkundige hoofstuk in die nuwe vryheidstryd van die Afrikaner nou juis op sy plaas afgespeel het. 'n Stryd wat natuurlik lank nie verby is nie. Het die hele volk byvoorbeeld destyds saam met generaal Cronjé by Paardeberg oorgegee, was hier vandag niks nie. G'n landerye, Brahmane of ander tekens van beskawing nie, niks.

Boeta Bul knik, maar laat val iets oor skade. Nee, sê Rassie, 'n nefie van sy vrou Babs werk hoog op in die lugdiens. Bietjie skeef, maar 'n gawe seun, altyd bereid om te help. Boeta Bul moet maar net praat as die toutjies getrek moet word.

"Maar kom ons praat bietjie volksake, want dis hoekom ons hier is." Rassie draai hom met hernieude ywer na Boeta Bul: "Volgens inligting is jy deesdae glo ook varkboer."

"'n Kwessie van moes, ek't nie geweet of ek al my Brahmane gaan terugkry nie."

"Juis, juis. 'n Boer maak mos maar altyd 'n plan." Rassie skuif sy stoel nader, oë steeds stip op Boeta Bul. "Ons soek varkmis."

Boeta Bul is uit die veld geslaan. "Vir?" Boeta kyk beurtelings na Rassie en Sebasjan, maar die vlieënier verkyk hom aan die rante doer ver.

"Operasionele doeleindes. Bosveldbelange, jy weet. BBB."

"Hoeveel?"

"So drie ton?"

Dis vir Boeta Bul duidelik dat Rassie iets weet waaroor hy nie mag praat nie. In die verlede is daar al blikkieskos opgegaar, maar varkmis? Wat sou die twee in die mou voer? wonder hy. "Verskoon dat ek vra, kêrels, maar het dit met bemesting te doen?"

"Kan so sê, ja." Rassie glimlag effens, maar dit versteur nie die erns van die oomblik nie. Hy en Sebasjan het juis gisteraand op Rus en Vrede se voorstoep 'n dop op Operasie Spekwors gedrink – dat nuwe regeringsbegrip vir die BBB se versugtinge daaruit sal groei.

"Goed, ek help graag mede-boere in nood." Boeta Bul lyk nou meer op sy gemak. "Julle kan môre kom laai. Ek sal nie self hier wees nie, moet vanmiddag Pretoria toe, daar's groot jukskei die res van die week. Ek speel mos vir Verre Noord," voeg Boeta Bul trots by.

"Nee, maar baie geluk, swaer, hoop dit gaan goed. Hou ons naam hoog," sê Rassie met oënskynlike belangstelling.

Sebasjan sê niks, loer maar net onderlangs na Boeta Bul se voorarms. Wat sal hierdie man nie alles met 'n jukskei kan aanvang nie, wonder hy.

Vanoggend wyk die stilte vroeër as gewoonlik van Rus en Vrede se plaaswerf. Sebasjan, Rassie en 'n hele paar betroubare hande is besig om die Hurricane pad toe te stoot. Geen geringe taak nie, want die veelkleurige oorlogsveteraan het oornag 'n paar ton swaarder geword.

Die vliegtuig is geklee in die rooi, groen, blou en wit van die ou ZAR, maar 'n haastige kyker kan dit maklik met die kleure van die landsvlag verwar.

Sonder inagneming van persoonlike veiligheid draai Rassie die Huc se skroef 'n paar keer, nes Sebasjan hom geleer het. Eers 'n kort hoesbui, en toe dreun die enjin dat jy hom sweerlik tot in Nylstroom kan hoor. 'n Swaar bebrilde Sebasjan glimlag tevrede, duim na bo. Rassie glimlag terug, hand teen die bors in 'n BBB-saluut. "Sterkte, Edelvalk!" skree hy bo die geraas.

Maar 'n vrag varkmis onder die pens is kwalik bevorderlik vir aerodinamika. Edelvalk sukkel 'n bietjie. Kort na opstyging voel Sebasjan dat die Huc moeiliker hanteer as gewoonlik. Hy het hoeka vir Rassie gesê dat as dinge skeefloop hy liewer 'n strontstorm bo die N1 los as om 'n onbedoelde nine eleven op die Uniegebou uit te voer. Bokant Nylstroom speel Sebasjan so bietjie met die stuurstang. Nee wat, dit gaan nou beter. Kort duskant Kranskop swenk hy suidwaarts en vlieg al met die snelweg langs Pretoria toe. Operasie Spekwors is in volle swang.

Die ANC-regering en LMB Waterkloof weet dit nog nie, maar die veelkleurige Hurricane se vrag varkmis is bestem vir die wesvleuel van die Uniegebou, setel van die presidensie. Sebasjan kyk op sy horlosie. Oor twintig minute ontvang president Zuma 'n aantal hooggeplaaste besoekers.

Daarna sal hulle op die stoeptrappies voor die presidentskantoor die media te woord staan. Terwyl dit gebeur sal die Hurricane klaar sy draai oor Pretoria se middestad gegooi het en die Uniegebou vanuit die suide nader. ‘n Berekende duik en die presidensie kry ‘n goeie strontveeg met komplimente van die BBB. Voordat enigiemand nog wis wat aangaan sal die baasvlieënier en sy tuig alweer op pad wees noorde toe.

“Dames en here, weereens welkom vanoggend hier in die Moot. Die eerste wedstryde gaan aanstons begin, en daar is nog heerlike boerewors en koffie by die stalletjies beskikbaar.” Die vrolike boeremusiek hervat weer. Dis die tweede dag van die jaarlikse interprovinsiale toernooi, en Sampie Prinsloo Jukskeipark noord van Meintjeskop wemel van mans en vroue in spierwit klere. Daar is ook helderkleurige vlae en baniere. In die een hoek maak die reus van Verre Noord, Boeta Benade, gereed vir sy eerste gooi. Die skei van 1,8 kilogram hang soos ‘n vuurhoutjie onder sy regterhand.

“Oppas nou, Boeta, of jy lanseer daai ding tot in die Jakaranda Sentrum!” korswel een van die ander spelers. Boeta lag goedig saam, maar eintlik hou hy nie daarvan dat sy konsentrasie verbreek word nie.

Terselfdertyd nader die Hurricane die Uniegebou teen bekwame spoed. In die stuurkajuit maak Sebasjan hom gereed vir die loslating van die BBB se groeteboodskap aan president Zuma. Dis tyd! Sebasjan druk die Hurricane se neus in ‘n berekende duik. Louis Botha se ruiterstandbeeld flits onder verby, en die wesvleuel is in Sebasjan se visier. Sy hand rus reeds op die skakelaar wat die vliegtuig van sy vrag sal verlos.

Toe sien Sebasjan dit: Die bus. Lood de Jager Primêr in sierskrif op die sykant. Tientalle pare blonde vlegseltjies. Eweveel pare blou ogies wat verskrik opkyk toe hulle die dreuning hoor. ‘n Skooljuffrou wat haastig en henagtig haar kuikentjies bymekaar maak om hulle teen die genadelose aanval van ‘n bose valk te beskerm.

“Shit!”

Baasvlieënier Sebasjan Stolp weet wanneer om aan te val, maar ook wanneer om bes te gee. Hy trek die vliegtuig uit sy duik, maar die Hurricane sukkel. Varkmis is swaar, en Boeta Bul sorg goed vir sy diere.

Op die koepel bokant die wesvleuel dra ‘n moeë Atlas al dekades lank die ganse aarde op sy skouers. Asof dit nie genoeg is nie, kry hy

vanoggend ‘n onverwagse klap van ‘n vliegtuigvlerk. Terwyl Atlas al swetsend probeer om sy ewewig te herwin, purr-purr-purr die Huc rakelings oor Meintjeskop. As perfekte officer and gentleman is Sebasjan steeds bedag op die onwenslikheid van siviele ongevalle. 'n Besige Soutpansbergweg is kwalik ‘n ideale stortingsterrein vir drie ton varkmis. In ‘n breukdeel van ‘n sekonde neem Sebasjan Stolp ‘n besluit wat ‘n invloed op die res van sy natuurlike lewe sou hê – met inbegrip van die tyd op respirator: Hy gaan die varkmis oor die Moot se ontvanklike grasperke strooi en terselfdertyd ‘n noodlanding uitvoer.

“Goeie gooi, Boeta,” kom dit van ‘n spanmaat, haar stem vrolik en helder bo die geklap van skeie en die geklank van boeremusiek. Dinge lyk goed, want Verre Noord lê in ‘n sterk posisie.

“Die tweede een gaan nog beter wees, niggie,” sê Boeta Bul saggies, oë op die pen in die sandput. Hy trek sy arm stadig terug, die skei steeds vuurhoutjie-klein in sy regterhand.

Boeta Bul wil nog gooi, toe hang daar ‘n skielike, kollektiewe gil bokant Sampie Prinsloo Jukskeipark. Tientalle witgeklede sportmense skarrel verskrik rond, al koetsend vir ‘n vliegtuig wat oor hulle koppe skeer. Dis nie al nie. Toe die vliegtuig skroef eerste teen die oorkantse heining te lande kom, is daar nie meer ‘n enkele wit hemp of broek te sien nie, en ruik Jukskeipark nie meer na pannekoek, koffie en braaiwors nie.

Gelukkig is daar geen ongevalle nie. Nog nie.

Sebasjan Stolp hys hom stadig uit die stuurkajuit. Die groot bril en vliegpak verraai geen teken van die vlieënier se herkoms, ras, geslag, seksuele oriëntasie of politieke oortuiging nie.

‘n Geskokte skaretjie kyk met weersin na die vreemde gedaante wat hulle op onvaste bene tegemoet stap.

“En dan dra die dêm vliegtuig nogal die kleure van die nuwe landsvlag,” sê een man terwyl hy vieserig iets uit sy mond haal.

“Ja, wat kan mens nou eintlik van die nuwe lugmag en sy vlieëniers verwag,” voeg ‘n ouerige dame by.

Boeta Bul sê niks, weeg net die vuurhoutjie van 1,8 kilogram in die palm van sy linkerhand.

## HARLEY GIRL

"Ek wil wegkom, net vir 'n paar dae. Op my bike klim en 'n slag weer vir 'n lekker lang ride gaan. Durbs toe." Sy kyk deur die koffiewinkel se venster is suidwaarts, na waar Durban min of meer moet wees. Ver, ver anderkant die middestad se spitsverkeer.

Met die narkotiese uitwerking van 'n motorfietstoer op sy tweelingbroer se onstuimige gemoed, is Andries goed bekend. Wiele moet weer heel maak wat die een of ander feeks stukkend geskop het. "En wie's dit dié keer?"

"Natasja." Jacques kyk weer Durban se kant toe, mond vol soet koffie, lippe op 'n bitter trek. "Sy's van Benoni..."

Andries knik. Stadig, begripvol, byna simpatiek.

"Sy doen dit vir my, sy en daai swart leather outfit van haar. Jy moet haar sien opklim, op my Harley bedoel ek." Jacques is geen woordkunstenaar nie en sy rekenmeester-broer se verbeelding strek sover as die hoekige kantoortjie waarin hy daaglikse brood verdien. Nogtans neem die prentjie vorm aan, 'n smeulende hoë oktaan-ritueel van chroom, leer, teer, rubber en warm bloed. Dit werk so, beduie Jacques. Eers gooi sy die een been st-a-a-dig oor die Harley, en as sy eers haar sit kry, skud sy haar blonde hare soos 'n gekartelde vaandel heen en weer. Dan sit sy haar valhelm op, en maak dié vas terwyl getuite rooi lippies wat van o, soveel wetsgehoorsaamheid getuig.

Andries kug. "Ek dink ek verstaan."

Jacques sug. Gee sy broer enige rekenkundige probleem en hy maak fynkos daarvan, maar vroumense? Raak liries oor 'n bariton-Harley se klank en hy gaap onbelangstellend. Nooi hom saam op 'n avontuurlike road trip en hy verkies die voorspelbaarheid van lêers vol syferkolomme.

"Nee, jy verstaan nie. Weet jy Andries, miskien moet jy bietjie omsien na die regterkant van jou brein. Los 'n slag die syfers en worries en relax 'n bietjie. Gee die regterbrein kans om oor te vat, man!"

Andries luister geduldig. Volgens oorlewering is Jacques eerste gebore, en is hy tegnies-gesproke ouboet – iets wat Andries nooit toegelaat word om te vergeet nie.

Al het die twee broers aan dieselfde ma gedrink, en al lyk hulle (sodra Andries sy bril afhaal) letterlik op 'n haar na mekaar, leef hulle weerskante van 'n ravyn: Jacques 'n freelance fotograaf, Andries rekenmeester by Krogman & Du Toit; Jacques met 'n voorliefde vir luukse leerbaadjies en aggressiewe skerppuntskoene, Andries se klerekas wat soos 'n koshuiskamer uit die broodnodige bestaan; aartsvleier en –verleier Jacques wat vroulike geselskap strelend vind, Andries wat sy interaksie met dames tot kollegiale, kostebesparende vlakke beperk.

"Wanneer ry jy?"

Jacques trek sy skouers op en kyk na sy broer. "Bly jy vra, man. Ek ry môre."

Bly-jy-vra. Andries weet wat kom. Of hy sal omgee om vir die paar aande in die woonstel te slaap en vir die eksotiese visse kos te gee. Dat daar oorgenoeg kos in die yskas is. "Wil jy hê ek moet na jou plek kyk?"

"Ag, man, ek voel so sleg om jou elke keer te vra, maar dit gaan oor die visse, jy weet mos. Slaap sommer in my bed, en help jouself, daar's meer as genoeg kos in die yskas."

Andries sug. "Nee goed, ek sal dit doen."

"Dankie, ou broer, ek waardeer dit. Jy moet sê wanneer jy eendag êrens heen gaan, dan kyk ek met plesier na jou plekkie."

Hol woorde uit 'n hol gemoed, dink Andries. "Dankie, maar jy weet mos, ek ry nie juis rond nie. Slaap ook nie graag in anderman se bed nie… Wel, behalwe joune, ons is darem broers. Maar sê my, hoekom raak jy elke keer met die verkeerde meisie deurmekaar? Wat het jy nou weer gesê is dié een se naam?"

"Natasja. Soos ek sê, 'n sexy bleddie dingetjie. Ook 'n biker, maar sy ry meeste van die tyd saam met my. Agterop, jy weet. Vat 'n man so lekker vas met daai rooi naeltjies van haar. A ride for a ride, soort van." Jacques lag lekker diep uit sy keel, maar Andries doen nie mee nie.

Jacques se mond kry skielik weer die bitter trek van vroeër. "Maar sy speel met my. Dis hoekom ek 'n bietjie moet wegkom, my kop skoon kry. Sy

verjaar juis môre, siestog, maar ek gaan haar eers twaalfuur die nag bel. Maak of ek vergeet het, haar 'n bietjie spite. Dit gaan ons love life weer 'n bietjie spark gee!"

"Nou hoekom sal 'n man al die pad Durban toe, jy klaar die kwessie mos sommer hier in Johannesburg op en klaar?"

Jacques betrag sy broer vir 'n paar oomblikke, en sit sy koppie met 'n sug neer. Hy tik met die voorvinger teen sy kop. "Probeer 'n bietjie regterkant van die brein, Andries, 'n bietjie regterkant."

Kort na die sorgvuldige voltooiing van sy dagtaak by Krogman & Du Toit stuur Andries sy ou Corrolatjie in die rigting van Sandton. Volgens die bondige SMS het Jacques veilig in Durban aangekom, na berig word nogal in 'n roekelose rekordtyd.

Andries gee eers die visse kos en loer dan in die yskas. Die verskeidenheid kaas en wyn oorweldig hom. Hy skud sy kop. Partykeer kan hy nie glo dat hy en Jacques in dieselfde huis groot geword het nie. Hy sny vir hom 'n paar snye brood, skuif die koffiemeul eenkant en maak vir hom 'n koppie tee. Hy skakel die TV aan, en verdiep hom vir 'n volle uur in History Channel se interessante program oor die Koreaanse oorlog.

Andries gaap en rek hom uit. Hy kyk op sy horlosie. Halftien. Al bevind hy hom in sy broer se luukse woonstel, hou Andries by sy gewone aandroetine: buitentoe om dubbel seker te maak dat die Corolla gesluit en die stuurwiel- en ratslot in posisie is, dan weer terug om tande te borsel, water af te slaan en sy slaapbroek aan te trek. Nou is syferkop Andries reg vir 'n goeie nagrus, want môre eis Krogman & Du Toit alweer 'n nuwe pond vleis.

Skuins voor middernag betree Natasja Visagie die stil woonstel met die behoedsaamheid van 'n swart wyfieluiperd. Sy sit haar valhelm by die voordeur neer, bêre die spaarsleutel in haar leeruitrusting se bosak en trek haar stewels uit. Sy ken elke hoekie en draaitjie, maar is nogtans bly oor die vistenk se gedempte lig. Die verrassing moet groot wees, en versoening mag nie deur 'n gestamp of gestruikel bederf word nie.

Sy glimlag al die pad slaapkamer toe, haar vroeëre moerigheid ten spyt. Die heelaand het sy in haar flat gelê en wag dat hy bel, maar nee, meneer het haar verjaardag vergeet. Dalk is hy kwaad oor iets, hy's juis die

afgelope tyd so stil, so world of his own. Maar never mind, dis toe dat sy besluit: Natasja girl, gaan ry al sy nukke uit hom uit. Vat hom al die pad dagbreek toe, 'n soort breakfast run. Sy grinnik.

Die slaapkamerdeur is half-toe. Shame, dit kom van alleen slaap, dink sy en stoot die deur verder oop.

Sy beweeg saggies tot teenaan die bed. Met die een hand trek sy die ritssluiter van haar leerpak af. 'n Behendige gewurm en die hele wapen-uitrusting lê soos 'n tweede vel om haar enkels, ritssluiters, sleutels, selfoon en al. Natasja Visagie staan soos sy presies twee-en-twintig jaar tevore in die Benoni-kliniek gelê het.

Sy sien hom rustig asemhaal. Hy lê op sy rug, arms langs die lenige lyf. 'n Sagte streling van onder na bo laat hom kreun, en sy voel hoe hy op haar aanraking reageer. Sy slaperige glimlag spoor haar aan. Sy verlos hom van die laken, maar die verspotte slaapbroek laat haar frons. Net goed vir alleen slaap, dink sy, en trek die antieke kledingstuk in een behendige beweging tot oor sy enkels.

Haar opklim is stadig en sensueel, asof sy 'n Harley bestyg. Die pad dagbreek-toe is lank en mooi, en daar is nie haas nie. Tien rooi naels ploeg stadig deur sy borshare.

"Forgot my birthday? There are three minutes left, Jacky boy. This is your captain speaking, you're in for one hell of a ride..." Haar fluistering word 'n sug. Natasja se kop sak agteroor, die wilde, blonde hare soos 'n waterval oor haar kaal rug.

Terwyl Andries se vingers op bevel van sy linkerbrein vervaard na sy bril op die bedkassie begin soek, roer 'n vraag stadig in die lui waters aan die regterkant. Dieselfde vraag as die vorige middag, aan sy broer, in die koffieplek: hoekom sal 'n man nou al die pad Durban toe?

# LAASTE RONDTE

"Nie altyd maklik om te sê wie't gewen en wie't verloor nie…"

Die eetvertrek se gedempte lig verleen ‘n ekstra somberheid aan oud-amateurbokser en suksesvolle motormagnaat Wahl du Toit se woorde. Die gaste, almal lede van die Voorstedelike Skrywersvereniging (VSV), luister met diep ontsag na hulle bonkige gasheer. Heel aand teug hulle aan Wahl se uitsoekwyn, en nou verorber hulle sy woorde.

"Ja, wie's die wenner en wie's die verloorder, en wanneer kan mens sê dis nou die laaste rondte?" Wahl se woorde kry saam met sy sigaarrook koers na die uithoeke van die geselskap. Handgebare wyd, vingers dik en vol ringe.

Wahl sit in die middel van die lang etenstafel, rug na die muur. Links van hom is sy tenger vrou Orpa, doyenne van die rosige liefdesverhaal. In Orpa du Toit se onlangse boekklubroman verklaar ‘n verveelde rykmansvrou haar verbode liefde aan ‘n man veel jonger as sy.

Aan sy onmiddellike regterkant ervaar Wahl du Toit die deinende heuwellandskap van Sasha Lategan, die VSV se enigste selferkende hygromanskrywer. Soos haar vroulike hoofkarakters hou Sasha van sterk, invloedryke mans. In die loop van hulle gesprek vat sy kort-kort aan Wahl se beduidende bo-arm, al is dit net om die een of ander letterkundige kwessie te beklemtoon.

Oorkant hulle sit die bebrilde Willie Vionel, ingenieur en ongepubliseerde misdaadskrywer. Willie en die son sien mekaar nie dikwels nie. Bedags is hy in beheer van sobere formules oor massa, momentum en kinetiese energie, maar saans ontvang hy besoek van 'n misterieuse minnares: 'n muse wat hom langs kronkelpaadjies van moord en motief, speurtog en storielyn lei.

Teen die muur agter Wahl se rug lewe dit van glasoë en jagherinneringe: 'n stormende gemsbok, twee sebras, 'n koedoe en drie blouwildebeeste.

"Ja, mens moet nooit te gou sê hierdie ou het gewen en daai ou het verloor nie," hervat Wahl. "Neem nou maar vir Max Schmeling, Duitse

swaargewig van die dertigerjare. Klop Joe Louis vir die wêreldtitel. Sensasioneel! Maar toe, die herontmoeting…" Wahl du Toit geniet die VSV se onverdeelde aandag. Iets val hom by. Hy kyk skielik stip na die bleek brilmannetjie oorkant hom.

"Kom, kom om, ek wil iets demonstreer…"

Willie Vilonel sluk opsigtelik en gehoorsaam gedweë.

"En by die herontmoeting slaat Joe Louis daai Duitser net hier."

Wahl druk sy groot vuis ru in Willie se regtersy. Die tenger ingenieur se gesig vertrek van pyn.

"Wat gebeur toe, hoor ek julle vra… Wel, die Duitser sak met ‘n gebrul op die krytvloer neer. Joe Louis kry die wêreldkroon weer terug. Maar, dis nog nie die einde nie. Die?" Wahl kyk regs.

“Laaste rondte moet nog kom,” waag Sasha.

“Slim meisie!” sê Wahl, en druk haar hand.

Willie Vilonel talm 'n paar oomblikke tussen die bokkoppe agter Wahl se stoel, maar Orpa beduie met haar oë hy kan maar teruggaan, die demonstrasie is verby. Boonop ken sy die res van die verhaal: Na sy boksdae verval Joe Louis in armoede. Schmeling word 'n vooruitstrewende nyweraar, en ry al die pad van Wes-Duitsland om sy ou teenstander weer op te soek en op die been te help. Die laaste rondte behoort dus aan HOM.

"Nog 'n voorbeeld…"

Die kreatiewe kring kou nog aan die Joe Louis-sage, maar die volgende dis is op pad.

"Een hoek Muhammad Ali, ander hoek George Foreman…"

Orpa slaan haar oë hemelwaarts en 'n gekwelde Willie Vilonel wonder wie't dié keer vir wie in die sy geslaan.

"Kinshasa… 1974… Rumble in the Jungle…"

Van die manslede knik. Daar was maar net één Ali. The Greatest…

"Vir sewe rondtes slaan Foreman vir Ali links-regs, links-regs. Sewe rondtes..." Wahl du Toit hou sewe dik vingers omhoog.

Sasha vat verwonderd aan haar tafelgenoot se arm. "Ja? En toe?"

"En toe, meisie, in agt, 'n vernietigende regter van Ali, en Foreman is plat!"

Orpa koes effens vir die swaaihou, en vat-vat aan haar kapsel.

"'Skuus, skat!" Wahl ruk hom reg, want die eintlike punchline kom nog. "Almal juig, want Ali is weer kampioen, Foreman is verneder! Maar is dit die laaste rondte? Nee! Wat gebeur vandag? Muhammad Ali skuifel voetjie vir voetjie rond… Park… wat nou weer?" Wahl kyk na Orpa.

"Parkinsons," help Orpa sonder oogknip.

"Parkinsons! Float like a butterfly, sting like a bee… Hel, nou dit! Parkinsons!" Wahl klink asof hy die nuus aan die oud-kampioen se familie moet oordra.

Die gaste knik.

"En George Foreman? Die verloorder van toe? Nou se wenner! Suksesvolle sakeman! Hierdie… hierdie George Foreman-oondjies wat mens kry, einste! Die laaste rondte is syne!" Wahl raak skielik ingedagte, en tuur in sy wynglas. "Mense, julle moet skryf, julle moet oor hierdie dinge skryf …"

Die gaste knik. Orpa en Willie Vilonel betrag mekaar stilweg.

Die somber stilte raak vir Sasha heeltemal te lank. "En hierdie bokke agter ons, Wahl, het jy hulle almal self geskiet?"

Wahl trek nog asem vir 'n l-a-a-a-ng antwoord, toe staan Orpa reeds by die opskeptafel. "Kom skep in julle, hier's drie soorte vleis: blesbok, bontebok en bastergemsbok," sê sy met 'n skewe glimlag.

Wahl laat hom nie aanjaag nie. Hy vat Sasha saggies om die skouers en draai haar muur se kant toe.

"Wel…" Wahl vat 'n dik trek aan sy sigaar. "Elkeen van hierdie bokkoppe het 'n storie. Daai blouwillebees het ek naby Thabazimbi platgetrek, en die koedoetjie vlak duskant die Botswana-grens. Maar hierdie ou was 'n taai kalant…" Wahl leun respekvol vorentoe en tik-tik die groot gemsbokbul teen die voorkop.

"Sjoe, kyk die horings… Waarom is sy kop vorentoe, asof hy wil storm…" Sasha stel opreg belang.

"Hmmm, oplettende meisie," sê Wahl met 'n gul laggie. "So gemonteer omdat dit presies is wat hy gedoen het toe ek hom die doodskoot gee, ounooi."

Oud-bokser Wahl du Toit koes speel-speel vir die gevaarlike horings en gee die gemsbok 'n klap oor die neus.

"Ag nee, shame," sê Sasha, en maak aanstaltes om te gaan opskep.

Terwyl Wahl vir Sasha na die kostafel volg toon Willie Vilonel ‘n ongewone belangstelling in die gemsbokkop. Streel hier en voel daar.

Almal kry weer hulle sit, en dis asof Willie sy skugterheid tussen die skottels laat lê het. Hy por Wahl aan om meer van die gemsbokstorie te vertel. Die ander gaste knik en kyk belangstellend op, mes en vurk in die hand.

Met hul borde vol kos sluip die gaste al agter Wahl du Toit aan, die Namibiese jagveld binne. Die gemsbok is pas gekwes, en dis nou Wahl versus die Bul. Elke grassprietjie en sandspoor word versigtig bekyk vir tekens van bloed. Hulle kom uiteindelik in 'n droë loop teenoor mekaar te staan. Alle oë is op die gasheer terwyl hy die gemsbok se laaste stormloop beskryf.

Wahl is op sy voete, want dis 'n storie wat 'n man nie sit-sit kan vertel nie.

"…En hy kyk vir my soos hy nou daar kyk, kop omlaag, horings vorentoe," sê Wahl, wynglas in die een hand, sigaar in die ander.

Die doodskoot weergalm nog in die luisteraars se ore toe Wahl skielik begin om die gemsbok te koggel, sy een oog op Sasha: "Kyk hoe kyk hy vir my, kyk hoe kyk hy vir my…"

"Shame," sê Sasha. Orpa staar voor haar uit.

"'n Heildronk op jagter en bok!" sê Willie Vionel skielik, en lig sy glas. Die ander gaste lyk ietwat verbaas.

"Stil, stront!" Wahl reageer instinkmatig, net soos toe hy die geweer teen sy skouer gedruk en die gemsbok moerland toe gestuur het. Hy sug. "Sorry, pel maar as iemand 'n heildronk hier rond instel dan is dit ek… Dames en here, kom drink maar op die onbekende jagter, bok se moses!"

Met 'n geskuif van stoele kom die gaste orent, glase in die hand. Dis net Orpa wat bly sit.

"Op Wahl du Toit!" sê 'n koor van skrywerstemme.

"Oraait, oraait, op Wahl du Toit," gee Wahl toe, en klap die gemsbok die keer dat die arme dier se glasoë skoon oorkruis kyk. Hy gaan sit weer, want die storie van die ander bokkoppe moet nog vertel word.

Willie Vilonel spring skielik op en beduie in die rigting van die muur. Van die gaste skree. Wahl kyk vervaard om, en ontbloot so sy slagaar vir die vlymskerp horings van ‘n tuimelende gemsbokkop.

"Uuughh… Bok jou bliksem!" wurg Wahl, en syg soos ‘n George Foreman op die eettafel neer. Glase breek en mense gil.

"'n Dokter, gou!" skree iemand, al vroetelende met sy selfoon.

“Toemaar, ek sal bel,” sê ingenieur Willie Vilonel kalm. Sy geskokte mede-skrywers laat hom begaan, dankbaar dat iemand leiding neem. Iemand wie se vingers vir niks verkeerd staan nie.

Te midde van al die verwarring maak niemand juis vordering nie. Intussen pomp-pomp Wahl du Toit se bloed Orpa se gestyfde tafeldoek al hoe rooier en rooier. Teen die tyd dat iemand daaraan dink om 'n servet teen die gapende wond te druk, lyk Wahl du Toit se oë soos dié teen die muur.

Uiteindelik daag die ambulans op.

"Die laaste rondte…" mymer Willie Vionel hardop, en begin om die belangrikste elemente van die drama met sy selfoonkamera vas te lê. Die gemsbokkop. 'n Nabyskoot van die spyker in die muur. Die horing wat Wahl du Toit deurboor het. Die gapende wond. Die bloed op die wit, gestyfde tafeldoek.

Die ander gaste praat nie, hulle kyk net gehipnotiseer na die paramedici se saaklike gewerfskaf met die groot, lewelose lyf.

Ook die weduwee Du Toit sê niks. Sy sit op ‘n rusbank in die sitkamer, die enigmatiese Mona Lisa-glimlag waarskynlik aan skok te wyte.

# 'N BIETJIE MEER REGS, BAAS JACK…

**Foto: Ivor Haines**

Selfs 'n terloopse besoeker aan Fanie Verspuy se kantoor sal onmiddellik weet waar sy hart sit, om van 'n doelbewuste snuffelaar nie eens te praat nie. Stapels lêers en 'n verweerde mat kry jy in elke staatsdienskantoor, maar dis die mure wat praat: 'n Lugfoto van die Uniegebou met 'n landsvlag wat in drie kleure wapper, 'n bebloede Thys Lourens wat die Curriebeker omhoog hou, en, in die ereplek, 'n ou foto met 'n onderskrif: *Wat verbrou is, is verbrou - Ellispark, 6 Augustus 1955*.



Origens swyg die mure. G'n gesinsfoto's, want op nege-en-vyftig is die heer Verspuy onomkeerbaar ou-jongkêrel.

Fanie se Pa was daardie dag op Ellispark, en hy het later 'n geraamde foto van die verbroude skop in die hande gekry. Van jongs af het Pa na die foto gewys en die betekenis van daardie laaste skop by sy seun ingeprent: "Jy gaan eendag in Van der Schyff se skoene staan. Jou lewe soos 'n rugbybal in jou hande hou. Oor en jy wen, mis vir verloor. En as dit mis is, het gedane sake geen keer nie, kan mens dit nie regbuig nie. Jack van der Schyff het nooit, ooit weer vir die Springbokke gespeel nie!"

Pa het selde met hom gepraat oor karre, meisies en wat hy na skool gaan doen. Dit was asof die verbroude skop 'n meetsnoer geword het waaraan als en alles getoets moes word: "Moenie iets doen wat jy nie kan regbuig nie, moenie soos Jack van der Schyff…"

Ma was nie juis iemand vir praat nie. Pa het jou werklikwaar êrens 'n bandopname van Johan de Bruin se radiokommentaar in die hande gekry, by 'n tweedehandse winkel 'n stukkende bandspeler raakgeloop en, tipies Pa, dit reggemaak. Saans het hy na ete deur die koerant geblaai, nuus

geluister en is Fanie aangesê om die bandspeler nader te bring. Dan het Pa die groot rol uit die buffetlaai gehaal en sorgvuldig in die masjien gesit. Ma was nog in die kombuis of reeds kamer toe. Met elke luisterslag was dit asof Pa gedink het dat die uitslag dié keer dalk anders sou wees: Eers loop Suid-Afrika voor, dan die Britte. Met die telling 23-11 lyk alles verlore, maar twee drieë, en die Bokke is skielik binne trefafstand. En dan, in die doodsnikke van die wedstryd, swenk Teuns Briers tussen 'n trop Leeus deur en duik langs die hoekvlag oor, hoofpawiljoenkant van die veld. Elke aand het Fanie gesien hoe sy Pa vorentoe skuif, oë stip op die los matjie voor hom. Dan beskryf Johan de Bruin die ou-ou verhaal, die nasionale ramp met 'n snik in sy stem: "Jack van der Schyff kom vorentoe en hy skop… Dis *links* verby… Suid-Afrika *verloor* die toets met *een* enkele puntjie!"

Die geraamde Van der Schyff-foto het saam getrek, van rooibaksteenhuis na rooibaksteenhuis. In sy matriekjaar is Fanie se Pa dood. Hy het in die halfdonker kamer na die versonke gesig teen die kussings gekyk, en vir die eerste keer gewonder of Pa dalk in Van der Schyff se skoene was. Of daar iets gebuig het wat selfs Pa nie kon regbuig nie.

Die klop aan Fanie Verspuy se woonsteldeur klink hoflik, maar beslis. Arcadia is deesdae nie sommer vir oopmaak nie. Fanie takseer eers die besoekers deur die loergat. Lyk na ordentlike manne, en hy nooi hulle in. Daar is iets geheimsinnig aan dié twee jasdraers. Iets klandestien, dink Fanie.

"We don't blame you for being somewhat suspicious, Fanie," begin die groter een van die twee, en vroetel in sy binnesak. "Thanks for inviting us in. I'm Webster T Brown, and this is Rob Gurr. We're both CIA." Fanie bekyk die aanstellingsertifikate sorgvuldig.

Die redes vir die besoek neem stuk-stuk vorm aan. Hulle was by sy kantoor. Na ure, bely Webster T Brown.

Fanie se wenkbroue lig, maar hy sê niks.

Webster T Brown se stem word laag en donker: Daar is baie konflik in die wêreld, en Washington het 'n belang daarby. Vandaar die belangstelling in 'n plek soos Suid-Afrika waar die stryd uiteindelik vreedsaam bygelê is.

"Why me?" wil Fanie nog vra, maar die manne lees sy lippe. Nee, Washington stel belang in wat Suid-Afrikaners dink, meer in besonder iemand Old School soos Fanie Verspuy, wat nog met een voet in die ou Suid-Afrika staan.

Fanie weet nog nie heeltemal waarheen die CIA mik nie, maar hy laat hulle praat. En hulle doen dit, soos net Amerikaners kan. Met die derde beker Frisco is alles duidelik, vreemd maar duidelik: Washington is nie net nuuskierig nie, Washington is ook slim. Hierdie ouens kan hom terugstuur, die verlede in. Die keuse is syne – jaar, plek, ensovoorts. Maar daar is voorwaardes: Hy kan die gang van die geskiedenis probeer verander, maar hy sal nie die mag van lewe en dood hê nie. Origens bly die CIA in beheer van die operasie en operasionele detail. Hulle verwag nie probleme nie, maar daar is risiko's. Vandaar die belofte van 'n stewige rol dollars by sy terugkeer. En, hulle verstaan, dis nie sommer vir ja sê nie. Nie dat hulle oor dié sake praat nie, maar hulle het juis nou die geval van 'n Zimbabwiër wat die sestigerjare in is om vir Ian Smith sy fortuin te gaan vertel, en hulle sukkel om hom terug te kry.

Later daardie aand lê Fanie en rondrol. Hy was nog sy hele lewe te bang om iets aan te pak, en nou? Hy glo die Amerikaners wanneer hulle sê dat dit gedoen kan word, en buitendien, is Pa se profesie nie dalk nou besig om op 'n vreemde manier waar te word nie? Dat hy nou met die bal in die hande staan? Hy kan die 1994-verkiesing se uitslag swaai, maar wat van Nelson Mandela, François Pienaar en die Wêreldbeker? Hy sou die polisie en sommer die hele parlement teen Tsafendas kon waarsku, maar die mense sê mos hy't nie mag oor lewe en dood nie. Jack van der Schyff! As dit wéér 6 Augustus 1955 kan word, sal hy sorg dat hy daar is, die Springbok-heelagter waarsku, hom aanraai om so 'n bietjie meer regs te mik. Dan hoef Johan de Bruin nie meer met 'n snik in sy stem 'n nasionale ramp beskryf nie, maar 'n Springbok-oorwinning besing! Dan kan Pa vir die res van sy lewe gelukkig wees! Dis met 'n rustige gemoed dat Fanie uiteindelik aan die slaap raak.

Die Amerikaners is die volgende aand weer daar. Webster T Brown noem terloops dat hulle intussen met Washington in verbinding was, en dat

daar groot afwagting heers. "As you can see, Fanie, Washington is committed to this project, now how about you?"

"Yes, I have decided," begin Fanie, en sy gaste skuif nader.

"Which year will it be, and what'll be the occasion?" Hulle moet dié dinge weet, verduidelik Webster T Brown. Operasionele detail.

"Johannesburg, 1955…" antwoord Fanie sonder skroom.

Webster T Brown kyk skrams na sy kollega voordat hy met 'n kopknik reageer: "Interesting choice, Fanie. Kliptown, 26 June 1955. Acceptance of the Freedom Charter."

Fanie skud sy kop. Pa het nooit met hom oor dié dinge gepraat nie. Nooit verduidelik waarom swartmense op die ou Ellispark net op een plek kon sit, en hoekom hulle gejuig het wanneer die Leeus of die All Blacks die Springbokke klop nie. "No, no, not Kliptown, *Ellis Park*, Johannesburg, 6 August 1955. Rugby international, South Africa against the British Lions. Rugby, you know, the oval ball…"

Webster T Brown se knik is dié keer minder entoesiasties.

Fanie verduidelik die ding van die skop. Jack van der Schyff se skop.

"Is that the photograph in your…" wil Webster T Brown weet.

"…Office, ja! Look, I want to be on the grand stand touchline. It's crucial that I'll be there during the last minutes of the game..."

Webster T Brown lag gerusstellend, soos net iemand wat namens Washington praat, kan doen. "Don't worry, you'll have a window seat on your journey into the past. Now have a look at this letter of consent, will you? Only a draft, only a draft, read it in your own time. It's just that Washington has been a bit nervous since the case of the Zimbabwean."

Fanie lag. Nee, hy sal terugkom, hy sal terugkom.

Toe Fanie sy oë oopmaak is die voorwedstryde pas verby. Die Amerikaners het woord gehou, hulle het wragtag woord gehou. Hy staan op die kantlyn, vlak voor die hoofpawiljoen. Ou Ellispark is koud en winderig, al skyn die son helder. Die veld lê soos 'n vaal, dik hoëveldse tapyt en wag. Die hele stadion bewe van opwinding. Pa was reg. Hier's vrek baie mense. Nagenoeg negentigduisend. 'n Rekord, het Pa altyd gesê. Waar sou Pa wees?

Fanie kyk na homself, en hy skrik. Sy klere is wit, maar sy hande swart. Hy voel vervaard oor sy gesig. In sy een sak vind hy 'n haastige nota van Webster T Brown: "Sorry, my friend. Options limited. You're the ball boy. Job reservation, you know. Enjoy the game!" Langs hom is 'n skinkbord vol halwe lemoene, en alles is meteens duidelik. Rustyd moet hy dié aandra, en na afloop van die wedstryd hoekvlaggies uittrek. Tussendeur die bal aangee. Van dié kant van die kantlyn, natuurlik. Niks meer as dit nie. Vandag 'n besluit neem wat die geskiedenis gaan draai? Hah!

Van die afskop af brul die skare. Dan en wan sug dit van teleurstelling wanneer 'n Springbok verbrou. En die stryd is verwoed, feller as wat Johan de Bruin ooit kon beskryf. Gee die Amerikaners krediet, alles gebeur hier vlak voor hom: Van Vollenhoven, Chris Koch en Johan Claassen, name wat hy op vadersknie leer ken het, hardloop met hoewegedonder hom verby, hulle groen truie gou donker van die sweet.

Die Springbokke kry 'n strafskop, en Jack van der Schyff staan nader. Moet hy die man nou bedag maak op wat later gaan volg? Vir die witkop seuntjie wat die sand aandra sê om hom te waarsku? Hy probeer die seun se aandag trek, maar dié kyk nie eens na hom nie.

Rustyd. Hier's sy kans! Ewe flink dra hy die skinkbord met lemoene na die kring groen truie, en hoor hoe Stephen Fry hard met sy manne praat. Van der Schyff is deel van die kringetjie. Gee aan en waai, beduie een van die spelers, oë stip op sy kaptein. Fanie weifel 'n oomblik, maar doen dan so.

Kort na rustyd glip Cliff Morgan soos 'n skaduwee verby Basie van Wyk en gaan druk agter die pale. Dêmmit, hy kon die Springbokflank op sy hoede geplaas het! Hy het mos geweet dit gaan gebeur, Johan de Bruin het dit dan altyd so goed beskryf!

Dit word laat, en Ellispark se hoofpawiljoen gooi lang skaduwee. Die Britte loop voor, maar die Springbokke kruip nader. Fanie voel hoe sy hart vinniger klop. Elke duikslag, elke skêrbeweging is soos stukkies van 'n legkaart in aanbou, 'n legkaart wat hy so goed ken. Dis nou doodsnikke, en toe gebeur dit: blitsvinnig, al is Fanie dit te wagte. Theuns Briers kurktrekker langs die hoofpawiljoenkantlyn af en duik naby die hoek oor. Fanie sukkel om by te bly, al agter die sandemmerseun aan.

Dit neem 'n hele rukkie voordat die skare weer tot bedaring kom en die betekenis van die vervyfskop tot hulle deurdring: Suid-Afrika 22; Britse Eilande 23. Is die skop oor, wen ons. Is dit mis, verloor ons met een enkele puntjie.

'n Afwagtende stilte daal oor Ellispark, oor gans Suid-Afrika. Te hel met werkreservering, besluit Fanie, en gryp die sandemmer by die witkop knaap. Die seun kyk hom oopmond aan, té oorbluf om te protesteer. Vir 'n paar oomblikke tik Ellispark se horlosie soos hamerslae in Fanie se kop. Hier staan hy op die kantlyn, en sy bene voel soos lood. Jack van der Schyff staan klaar met die bal in die hande, en hy kyk al om.

"Toe-toe man, hy wag vir die sand!" Die stem behoort aan iemand vlak agter hom, en die stilte laat dit nog harder klink. Harder en kwaaier. Fanie swaai om, want die stem klink bekend. Dis Pa, dis wragtag Pa, nogal met die mynspan se blazer en al! Hel, daai hoofpawiljoensitplek moes Pa 'n fortuin gekos het! Hy's skielik lus en los die emmer sommer net daar. Laat die bal maar trek waar hy moet trek, hy moet net vir Pa loop dag sê… Twee dinge keer hom, steek skielik soos messe in die gras voor hom vas: Die hand wat hy by voorbaat na Pa toe uitsteek, is nie sy eie nie, en die hand wat so styf aan Pa se bo-arm vasklou, is nie Ma s'n nie.

Pa skree vir 'n tweede keer, en in 'n oogwink is Fanie by Jack van der Schyff. Terwyl hy 'n hopie sand op die gras uitgiet, bekyk hy die Springbok-heelagter. Groot en bruingebrand, met so 'n potloodsnorretjie. Nie die soort man aan wie jy stamp en sê: "hei, mik 'n bietjie regs!" nie. Veral nie as jou hande nie jou eie is nie.

Fanie maak keel skoon, maar Van der Schyff kyk nie na hom nie, bestudeer net die bal se vlugplan na die suidelike doelpale. Fanie besef ineens: maak nou jou maak of *forever hold your silence*. Jy's hier om sand aan te dra, niemand gaan dit duld dat jy soos 'n boss boy hier rondstaan en kyk of die skopper sy werk doen nie.

Maar hy het 'n afspraak met die geskiedenis: "'n Bietjie meer regs, Jack. Jy moet 'n bietjie meer regs mik…"

Van der Schyff kyk of luister nie, stel net versigtig aan die bal. Tommy Gentles, die skrumskakel, gaan lê plat op sy maag om die bal vas te hou.

Agter hulle sit die skeidsregter meneer Ralph Burmeister op sy hurke. Alles, alles, net soos op die foto in sy kantoor. Die foto wat kwansuis alles wys.

Fanie moet padgee, en gou. "'n Bietjie meer regs, baas Jack," sê hy hard en duidelik met die wegstap, maar dis so goed hy praat met die nommer vyftien op die man se rug.

Fanie hoef skaars om te kyk. Die skare se kreun en die nie-blanke pawiljoen se gejuig vertel alles. In sy verbeelding kan hy hoor hoe Johan de Bruin doer bo in die kommentaarhokkie met 'n snik in sy stem sê: "Dis *links* verby… Suid-Afrika *verloor* die toets met *een* enkele puntjie!"

. Die eindfluitjie klink skril. Hy probeer om uit te kom waar Pa min of meer moet wees, maar die malende mag der menigte keer hom.

Hulle is in die woonstel toe hy arriveer. Webster T Brown en Bob Gurr lyk tegelyk verlig en gretig om van sy reiservarings te verneem.

"Devastating…" is al wat Fanie kan uitkry. "Nobody wanted to listen to me," sê hy, en kyk na sy hande, voel oor sy gesig. Hy wil-wil ook van ander dinge vertel, van dinge wat toe al die tyd gebuig was, maar hy doen dit nie. Hy wil eers dink.

Lank na die Amerikaners se vertrek, lank na hulle herbevestiging dat die dollars so te sê op pad is, lê Fanie op sy bed na die plafon en staar.

Hy dink aan Ellispark se menigte. Rekordskare, Pa was reg. Hoeveel mense was by Kliptown? Hy weet nie, en hy wonder of Pa ooit geweet het of wou weet. Hoeveel van die Kliptown-skare sou op die nie-blanke pawiljoen agter die suidelike doelpale inpas?

Hy dink aan die duur rugbykaartjies en 'n verslete sitkamerstel van sy kinderdae. Aan die groot pawiljoene op Ellispark en 'n klein rooibaksteenhuis. Aan die vashou-vrou aan Pa se arm en 'n eenkant-Ma in die kombuis. Aan die vreemde vrou se oop, wye mond, en 'n dun, reguit lyn wat Ma s'n was.

Pa was reg. Jy staan met die bal in jou hande. Is dit mis, is dinge gebuig, en kan jy dit nie weer regbuig nie. Jack van der Schyff het nooit ooit weer vir die Springbokke gespeel nie. Fanie dink terug aan Pa en die bandopname van Johan de Bruin se radiokommentaar. Hoe dit elke aand gelyk het asof Pa gehoop het dat die uitslag dié keer dalk anders sou wees.